

HOOFSTUK 2

AANPASSINGSPROBLEME WAT AFRIKAANSPREKENDE LEERDERS IN DIE INTERNASIONALE, MULTIKULTURELE, PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA MAG ONDERVIND

2.1 INLEIDING

Die tema wat in hierdie hoofstuk ter sprake kom, is aanpassingsprobleme wat Afrikaanssprekende leerders in die internasionale, multikulturele, privaatskole van Botswana mag ondervind. Daar sal hoofsaaklik op die sosiale- en kulturele aanpassingsprobleme en aanpassingsprobleme ten opsigte van die medium van onderrig gefokus word. Ter inleiding sal sekere konsepte met betrekking tot die studie verduidelik word waarna daar ook na die ontwikkelingsfases van primêre sowel as sekondêre leerders gekyk sal word.

Aangesien sosiale en kulturele aanpassing of aanvaarding en die sosiale- en psigiese ontwikkeling van die kind nie van mekaar geskei kan word nie en die een die ander veronderstel, word die sosiale ontwikkeling van die kind bespreek, aangesien sosialisering van die kind een van die skool se primêre take is. Die aandeel wat die skool by die sosiale ontwikkeling van leerders speel, sal bespreek word. Ter wille van volledigheid en omdat die skool as instelling nie geïsoleerd van die huisgesin of ander samelewingsverbande kan funksioneer nie, word die sosialiseringfunksie van die portuurgroep, kerk en media as samelewingsverbande ook later in die hoofstuk toegelig.

Daar word in die studie beide op die aanpassing van primêre sowel as sekondêre leerders gefokus en om die rede is daar in die literatuur gekyk na onder andere die sosiale- en psigiese ontwikkeling van beide dié groepe. Dit sluit fisiese-, kognitiewe-, affektiewe en sosiale ontwikkeling in. Daar is egter in gedagte gehou dat dié ontwikkeling, sowel as die ander eienskappe van kinders, universeel is en nie net op Botswana van toepassing is nie.

Daar is baie min bronne, wat spesifiek op die aanpassing van Afrikaanssprekende leerders in Botswana van toepassing is, beskikbaar. Om die rede het die ondersoeker ook van primêre bronne, wat die sienings van sy mede kollegas in ander privaatskole insluit, gebruik gemaak en hulle sienings geïnkorporeer in die studie. Daar is ook heelwat van die media, wat koerante, tydskrifte en selfs radioprogramme insluit, gebruik gemaak aangesien daar nou heelwat oor die groot getalle immigrante leerders in die skole geskryf word.

Daar word in dié hoofstuk na onder andere Santana, Simoneaux, Greer, Van Niekerk, Perry, Els, Carlile, Botha, Sears en Sisco verwys. Al hierdie persone is óf kollegas óf ouers met wie persoonlike onderhoude gevoer is om hulle mening

ten opsigte van die aanpassing van leerders in die privaatskole van Botswana te bekom. Daar is egter ook enkele nie-Afrikaanssprekende persone, maar dié is gemoeid met *E.S.L. (English as a Second Language)* en *E.F.L. (English as a Foreign Language)* programme en het 'n goeie kennis van die probleme waarmee leerders wat nie Engels as huistaal het nie, worstel.

2.2 KONSEPTUALISERING

Met betrekking tot die tema van die onderhawige studie val die klem op die volgende konsepte:

- Die konsep: Internasionale skole en Internasionale kurrikulums in Botswana
- Die konsep: Multikulturele onderwys
- Die konsep: Kultuur
- Die konsep: Milieu-gestremtheid in terme van kulturele andersoortigheid

2.2.1 DIE INTERNASIONALE ONDERWYSOMGEWING VAN DIE MULTIKULTURELE, PRIVAATSKOLE IN BOTSWANA

Volgens die laaste formele, gepubliseerde sensusopname wat deur die Ministerie van Onderwys in 1999 geloods is, is daar tans 43 geregistreerde internasionale, privaatskole in Botswana. Sestien van hierdie skole is in die hoofstad, Gaborone geleë (Botswana Ministerie van Onderwys, 1999). Die meeste van dié skole handhaaf 'n onderwyser/leerder-verhouding van 1:16, wat daarop dui dat die leerders relatief goeie individuele aandag geniet. Weens die lae onderwyser/leerder-verhouding wat dié skole handhaaf, kan leerders baie meer intensiewe en individuele aandag kry, wat tot voordeel van hulle akademiese prestasies kan wees, maar ook weer tot ander probleme kan lei (Sentrale Statistiek Diens van Botswana, 1999). Later in die studie sal daar meer aandag aan moontlike probleme wat kleiner klasse vir nuwe leerders kan inhou, gegee word (Vergelyk 3.2.3).

Vir 'n skool om as 'n privaatskool te registreer moet daar aan sekere voorwaardes, soos neergelê deur die Ministerie van Onderwys, voldoen word. Van die voorwaardes sluit onder andere in :

- Geen onderwyser, wat 'n gebore Botswana-burger is, mag aangestel word nie tensy dit vir die onderrig van Setswana as vak is of spesiale toestemming verkry word.
- Die Ministerie van Onderwys het die reg om personeel as onderwysers in Botswana te registreer of die aansoek van die hand te wys.
- Geen persoon sonder die nodige residensiële- en werkspermitte mag aangestel word nie. Sou die skool dié reël oortree, kan die skool 'n boete opgelê word of selfs gesluit word.
- Alle ondersteuningspersoneel wat tuiniers, skoonmakers, administratiewe personeel en klaskamerassistente insluit, kan almal gebore Botswana-burgers wees. Indien nie almal nie, moet ten minste 70% van dié ondersteuningspersoneel Botswana-burgers wees.
- Enige leerder, ongeag nasionaliteit, mag die skole besoek insluitende Botswana burgers. In die meeste gevalle is meer as 60% van die leerders van verskillende nasionaliteite van oor die hele wêreld afkomstig.
- Skole mag toelatingstoetse aan voornemende leerders voorhou, wat ook skoolgereedheidstoetse kan insluit. Die toetse, vir leerders wat van ander skole afkomstig is, is meer daarop gerig om te bepaal watter konsepte ten opsigte van sekere vakgebiede reeds bemeester is, en waar moontlike leemtes is. Die vakgebiede wat deur die meeste skole getoets word, is slegs Engels as eerste taal en Wiskunde. Sou 'n leerder nie aan 'n skool se bepaalde akademiese standaard voldoen nie, kan hy egter toelating geweier word.
- Die hoofmedium van onderwys moet Engels wees, maar ander tale mag as vak aangebied word.

- Die Ministerie van Onderwys behou die reg voor om gereelde inspeksies te doen ten einde te verseker dat die skole aan al die vereistes voldoen.

Volgens die laaste formele opname ten opsigte van die herkoms van die onderwysers wat in die internasionale, privaatskole van Botswana skoolhou, was daar slegs 14 afkomstig uit Suid-Afrika (Sentrale Statistiek Diens van Botswana, 1999:43). Die getal het sedert 1999 aansienlik toegeneem en die ondersoeker het self van die grootste, privaat, primêre en sekondêre skole gekontak om vas te stel hoeveel Afrikaanssprekende personeel hulle het. Die gemiddelde getal is tot so hoog as 15 personeellede per skool wat Afrikaans as moedertaal het. Dit bevestig dat daar nie bloot meer Afrikaanssprekende leerders die skole begin besoek nie, maar dat daar ook 'n al groter getal Afrikaanssprekende onderwysers in die skole aangestel word. Soos reeds in Hoofstuk 1 genoem, is die groeiende getal Afrikaanssprekende leerders wat in Botswana skoolgaan een van die oorwegende redes vir ouers om hulle kinders eerder in Botswana, as in Suid-Afrika, in 'n skool te plaas. Met die groeiende getal Afrikaanssprekende onderwysers in die privaatskole van Botswana, voel talle ouers hulle kinders behoort makliker met die hulp van die Afrikaanssprekende onderwysers aan te pas (Santana, 2000). Die onderwysers kan vreemde terminologieë aan leerders in Afrikaans verduidelik totdat die leerders meer vertrouwd met Engels as onderrigtaal is.

Daar sal vervolgens meer agtergrond gegee word ten opsigte van die ontwerp van internasionaal erkende kurrikulums wat in die internasionale, privaatskole van Botswana gevolg word. Die kurrikulums word nie slegs in die internasionale, privaatskole van Botswana gevolg nie, maar ook in ander internasionale skole die wêreld oor. Leerders kan dus by enige internasionale skool enige plek in die wêreld wat dieselfde kurrikulum volg, hulle studies voortsit as hulle Botswana verlaat.

2.2.1.1 DIE ONTWERP VAN 'N INTERNASIONALE KURRIKULUM VIR DIE INTERNASIONALE, MULTIKULTURELE, PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA

Die meeste internasionale, multikulturele, privaatskole die wêreld oor, en so ook die in Botswana, se hoofdoel is om hulle leerders voor te berei vir die multikulturele samelewing waarin hulle eendag sal moet funksioneer. Baie van die leerders sal na voltooiing van hulle skoolopleiding, of in baie gevalle gedurende hulle skoolopleiding, terugkeer na hulle lande van herkoms. Hulle moet dus aan internasionale standaarde blootgestel word, sodat hulle in enige ander internasionale skool sal kan aanpas (Vergelyk 2.2.1.3).

By die ontwerp van 'n kurrikulum wat internasionaal erken sal word, hetsy dit "Checkpoint", "Letter Land", "A-Beka", "Primary Years Programme" (P.Y.P.) Cambridge "O" vlak of "A" vlak (IGCSE en HIGCSE), of die Internasionale Baccalaureate (I.B.) is, is daar drie beginsels wat voortdurend in gedagte gehou moet word en deur die jare nie verander het nie, naamlik (Belle-Isle, 1988:9) :

□ GLOBALITEIT

Die internasionale skole is gemoed met 'n situasie waar leerders van oor die hele wêreld in een klaskamer saamgegroepeer is. By die ontwerp van 'n kurrikulum moet daar dus baie aandag gegee word aan dié feite en die inhoud moet van só aard wees dat geen leerder ten opsigte van kulturele agtergrond of nasionaliteit benadeel sal word of te na gekom sal voel nie.

□ KOMMUNIKASIE

Een van die basiese behoeftes van enige kind is om homself te kan uitdruk sodat ander hom sal verstaan. Die internasionale kurrikulum wat in die privaatskole van Botswana gebruik word, ag kommunikasie baie belangrik en gaan van die standpunt af uit dat mondelinge en skriftelike werk die basiese beginsel is waarom effektiewe onderrig en leer draai.

Die internasionale, privaatskole van Botswana handhaaf 'n streng beleid ten opsigte van taalgebruik. Slegs Engels as voer- en kommunikasietaal mag gebruik word.

Daar is verskeie redes hiervoor (Renaud, 1991:9) :

- In die onmiddellike omgewing van die skool dra dit by tot 'n effektiewe leer- en onderrigomgewing.
- Daardeur sal gepoog word om die sosiale aanpassing van die leerders te verseker wat almal in dieselfde taal kommunikeer.
- Aanpassing vir die meeste leerders ten opsigte van sosiale- sowel as kulturele aanpassing sal makliker wees as almal dieselfde taal praat.

□ MULTIKULTURELE BEWUSTHEID

Die leerders moet van die begin af gelei word om mekaar te verstaan en te aanvaar. Daar moet gepoog word dat die verskillende kulture mekaar eerder aanvul en verryk, as op mekaar neersien.

Met hierdie drie beginsels as agtergrond word dié kurrikulums gebruik wat tot alle leerders se effektiewe onderrig en leer sal lei.

Om die hele probleem ten opsigte van die aanpassing van Afrikaanssprekende leerders in Botswana se privaatskole beter te verstaan, is dit vir die doel van die studie belangrik om die inhoud en aard van die internasionale kurrikulums wat gevolg word, beter te verstaan. Daar sal voorts aan die onderverdeling van dié kurrikulums aandag gegee word.

2.2.1.2 DIE ONDERVERDELING VAN KURRIKULUMS

Die primêre privaatskole in Botswana volg beide Britse en Amerikaanse kurrikulums om hulle leerders voor te berei vir hulle sekondêre opleiding. Drie baie gewilde kurrikulums wat in die primêre privaatskole gevolg word is “*Check Point*”, die sogenaamde “*Primary Years Programme*” (*P.Y.P.*) en “*A-Beka*”. Nog ’n baie gewilde kurrikulum wat in die laer, primêre skoolfase (Graad 0-3) gevolg word, is “*Letter Land*”. Dié spesifieke kurrikulum leer kinders aan die hand van assosiasie, stories en gediggies lees en skryf. In teenstelling met “*Letter Land*”, wat van Britse herkoms is en wat van assosiasie gebruik maak, gebruik die “*A-Beka*” kurrikulum, wat van Amerikaanse herkoms is, fonetiek om leerders te leer lees en skryf. Aan die einde van Graad 7 kan leerders die “*P.S.L.E.*” (*Primary School Leaving Examination*) skryf. Die eksamen besorg aan leerders ’n Primêre Skoolsertifikaat, wat hulle nodig het, sou hulle moontlik tydens hulle sekondêre skoolopleiding een van die sekondêre staatskole wil besoek. Aangesien daar ook heelwat leerders in die internasionale, privaatskole van Botswana is, wat Botswana burgers is, skryf heelwat leerders wel die eksamen. Botswana burgers is ook verplig om Setswana as vak tydens die eksamen te skryf, terwyl leerders van ander nasionaliteite, dit vrywillig kan doen. Sou ’n leerder eendag na ’n Sekondêre staatskool wil terugkeer, sal hy baie moeilik toelating bekom sonder die “*P.S.L.E.*” sertifikaat.

Nog ’n kurrikulum, “*Check Point*” is daarop gemik om leerders spesifiek voor te berei vir die *Cambridge* “*O*” en “*A*” vlak eksamens terwyl “*P.Y.P.*” meer daarop gemik is om leerders voor te berei vir die “*International Baccalaureate*” (*I.B.*) eksamen aan die einde van “*Form 6*” (Graad 12). “*A-Beka*” is ’n Amerikaanse Christelike kurrikulum wat vanaf kleuterskool (*K3*) tot en met “*Form 6*” (Graad 12) gevolg kan word. Die kurrikulum maak ook voorsiening daarvoor dat ’n ouer ’n

kind ook tuis kan onderrig. “A-Beka” is ook nou verbonde aan die “PACE” kurrikulum wat deur die “School of Tomorrow” versprei word (Vergelyk 1.2). Leerders wat een van die drie kurrikulums, “Check Point”, “P.Y.P.” of “A-Beka”, wat voortbou in die sekondêre skole, reeds in die primêre privaatskole in Botswana gevolg het, pas gewoonlik baie makliker in die sekondêre skole aan. Die sekondêre privaatskole in Botswana volg meestal of die *Cambridge* kurrikulum, wat die “O” en “A” vlak eksamens insluit, die “*International Baccalaureate*” (*I.B.*) kurrikulum wat die wydste erken word of die plaaslike aangepaste Botswana *Cambridge* kurrikulum bekend as die “*BGCSE*” (*Botswana General Certificate of Secondary Education*) kurrikulum. Laasgenoemde word al hoe minder by privaat, sekondêre skole aangebied aangesien die leerinhoud van veral die Sosiale Wetenskappe baie streeksgebonde is. Leerders sal ook nie maklik toelating tot ander Universiteite buiten die Botswana Universiteit, met die betrokke sertifikaat bekom nie.

Vir die *Cambridge* “O” en “A” vlak sertifikate bekend as onderskeidelik die “*IGCSE*” (*International General Certificate of Secondary Education*) en “*HIGCSE*” (*Higher International General Certificate of Secondary Education*) word sillabusse direk vanaf Cambridge in Brittanje bestel. Slegs 32 privaatskole in Suid-Afrika volg huidiglik die *Cambridge* kurrikulum (University of Cambridge, 2004)(Vergelyk Bylaag A). Die “*HIGCSE*” sertifikaat is spesiaal ontwerp vir leerders in Afrika en alhoewel dit in teenstelling met die tradisionele “A” vlak eksamen slegs oor een jaar strek, is dit gelykstaande aan die Suid-Afrikaanse matriek. Leerders met dié sertifikaat kan by enige Suid-Afrikaanse Universiteit vir toelating aansoek doen (University of Cambridge, 2003)(Vergelyk Bylaag B). Daar is slegs een sekondêre, privaatskool in Botswana wat steeds die tradisionele twee jaar “A” vlak sertifikaat aanbied. Dié bogenoemde sillabusse is by verre die gewildste in Botswana se privaat, sekondêre skole. Die aangepaste, plaaslike weergawe van die *Cambridge* sillabusse, bekend as die “*BGCSE*” (*Botswana General Certificate of Secondary Education*), bevat 90% dieselfde leerinhoud maar is aangepas om meer op Botswana van toepassing te wees. Die “*BGCSE*” eksamen is baie dieselfde formaat as die Suid-Afrikaanse matriek-eksamen en gee aan die leerders ’n Botswana Sekondêre Skoolsertifikaat. Die groot verskil tussen dié eksamen en die Suid-Afrikaanse matriek-eksamen is daarin geleë dat die leerders ’n minimum van agt vakke moet neem in teenstelling met die ses wat vir die Suid-Afrikaanse eksamen geneem moet word. Soos wat ook die geval in Suid-Afrika is, kan leerders egter vir meer vakke registreer. Al die staatskole is egter verplig om die “*BGCSE*” eksamen te skryf maar behaal ’n baie laer slaagsyfer as wat die geval is by die privaatskole (Sentrale Statistiekdiens van Botswana, 1999:59). Leerders in die privaat, sekondêre skole het dan ook die opsie om die oorspronklike *Cambridge* kurrikulum te volg en dan steeds die “*BGCSE*” eksamen te skryf of selfs albei. Die “*IGCSE*” eksamens kan of in Junie of in November geskryf word terwyl die “*HIGCSE*” en “*BGCSE*” eksamen tans slegs in November geskryf kan word.

Die *I.B.O. (International Baccalaureate Organization)*, vroeër bekend as die *I.S.E.S. (International Schools Examination Syndicate)*, werk 'n gemeenskaplike kurrikulum vir alle internasionale primêre sowel as sekondêre skole, insluitende dié in Botswana uit, bekend as die *I.B.* kurrikulum. Dié kurrikulum kan in drie dele verdeel word naamlik die "*Primary Years Programme (P.Y.P.)*", die "*Middle Years Programme (M.Y.P.)*" en die "*Diploma Programme*". Die "*Primary Years Programme (P.Y.P.)*" strek vanaf Graad 0-7, dan volg die "*Middle Years Programme (M.Y.P.)*" wat strek vanaf Graad 8-10 ("*Form 1*" tot "*Form 3*") waarna die "*Diploma Programme*" in die laaste twee skooljare ("*Form 4*" en "*Form 5*") gevolg word. Baie min skole volg egter die "*Middle Years Programme (M.Y.P.)*". Meeste sekondêre skole neig eerder om die *Cambridge "O"* vlak eksamens aan te bied waarna die leerders meestal baie suksesvol die "*Diploma Programme*" kan aanpak, wat 'n hoër standaard as die *Cambridge "HIGCSE"* sertifikaat is (I.B.O., 2001:2).

Die kurrikulum is baie meer intens as die *Cambridge* kurrikulum en 'n leerder moet in die "*Diploma Programme*" ses vakke sowel as drie ander projekte slaag ten einde die finale kursus te slaag. Leerders ontvang dan ook aan die einde van die kursus 'n senior diploma, waar die *Cambridge* eksamen slegs 'n sertifikaat aan die leerders gee. Die diploma word internasionaal by feitlik al die groot universiteite erken. Talle Europese en Amerikaanse Universiteite ag die "*I.B.*" diploma gelykstaande aan 'n eerstejaars Universiteit kursus. Weens die geweldige omvang en vereistes wat aan skole en personeel gestel word wat wel dié kurrikulum volg, is daar in Suid-Afrika slegs een skool, *The International School of Johannesburg*, wat die betrokke kurrikulum volg (Smith, 2002).

Botswana se privaatskole, en so ook al die ander internasionale privaatskole in Afrika, val onder 'n organisasie bekend as *A.I.S.A. (Association of International Schools in Africa)*. Die doel van *A.I.S.A.* is om 'n toe te sien dat al die kurrikulums wat gevolg word, wel die leerders wat die internasionale skole besoek, 'n gelyke geleentheid tot toelating tot 'n internasionaal erkende tersiêre instelling sal gee (Renaud, 1991:7).

Al die internasionaal erkende kurrikulums wat in Botswana gevolg word het drie belangrike, gemeenskaplike eienskappe, naamlik dat (Renaud, 1991:15) :

- Elke leerder se unieke persoonlikheid die belangrikste deel van die kurrikulum bly en daarom moet dit heeltyd die sentrale punt vorm waarom alle onderrig en leer plaasvind.
- Die konsep "*Global Education*" moet voortdurend in gedagte gehou word. Die leerders word opgevoed om in 'n internasionale, multikulturele samelewing optimaal te funksioneer.

- Al die komponente van die verskillende vakgebiede moet 'n onderlinge interaksie hê.

Soos reeds genoem, is dit vir ouers wat bang is dat hulle kinders moontlik nie sal aanpas nie, sowel as vir die leerders self, soms baie gerusstelend om die hele opset van die internasionale kurrikulums, wat veral in die sekondêre skole gevolg word, beter te verstaan en verder ook te verstaan hoe dit met Suid-Afrikaanse standarde vergelyk.

Die onderstaande tabel dui duidelik aan hoeveel punte toegeken word vir simbole wat in die onderskeie kurrikulums behaal word. Daar word voorts ook aangedui hoe 'n leerder wat byvoorbeeld sy matriek in Suid-Afrika geskryf het se finale gemiddeld volgens die standarde van die internasionale kurrikulums bereken sal word, sou hy aansoek doen om by 'n Universiteit buite Suid-Afrika se landsgrense te studeer (Mmegi, 2002:36, Voice, 2004:17)(Vergelyk Bylaag C) :

Punte	I.B.	A-vlak	HIGCSE	IGCSE	BGCSE	Matriek HG	Matriek SG
12	A	A					
11	B	B					
10	C	C	A			A	
9	D	D	B			B	
8			C	A	A	C	A
7			D	B	B	D	B
6			E	C	C	E	C
5				D	D		D
4				E	E		E
1				F	F	F	F

Volgens die tabel wat in 'n plaaslike Botswana-koerant verskyn het, is die simbole van die huidige matriek-eksamen se Hoër Graad vakke parallel aan die "HIGCSE" (*Higher International General Certificate of Secondary Education*) se simbole. Die Standaard Graad vakke ontvang weer dieselfde puntetoekenning as die plaaslike matrieksertifikaat, die "BGCSE" (*Botswana General Certificate of Secondary Education*) sertifikaat en die "IGCSE" (*International General Certificate of Secondary Education*). Soos reeds vroeër genoem, kan 'n leerder met of 'n "BGCSE" sertifikaat of "IGCSE" sertifikaat toelating tot die Universiteit van Botswana bekom.

Weens die feit dat die berekening van 'n leerder se finale gemiddeld in internasionale skole van Botswana, sowel as ander internasionale skole in die wêreld, verskil van die metode wat in Suid-Afrika gebruik word, sal daar voorts na twee praktiese voorbeelde gekyk word (Mmegi, 2002:35) :

- 1 : 'n Leerder wat die “*I.B.*” of “*A*”-vlak *Cambridge* eksamen skryf, se finale persentasie sal soos volg bereken word :

'n Maksimum van 12 punte kan per vak toegeken word vir 'n maksimum van 5 vakke. Die maksimum punte wat dus behaal kan word is $12 \times 5 = 60$. Sou 'n leerder in die geval van die “*A*”-vlak eksamen minder vakke neem sou die berekening net aangepas kan word. By die “*I.B.*” kurrikulum word slegs dié punte wat aan die hoogste 5 simbole toegeken word in berekening van die finale gemiddeld gebring, wat vir toelating tot tersiêre opleiding gebruik sal word. Die minimum punt vir toelating tot 'n tersiêre instelling is 40.

Byvoorbeeld :

Engels	D	9
Wiskunde	E	8
Aardrykskunde	F	1
Geskiedenis	B	11
Rekenaarwetenskap	A	12
Biologie	B	11
Totaal		51/60

Die leerder se finale persentasie sou dus 85% wees. Die maksimum punte wat per vak toegeken kan word is 12, wat in die geval by Rekenaarstudie die geval was. In dié geval is die punt vir Aardrykskunde buite berekening gelaat.

- 2 : 'n Leerder wat die “*IGCSE*” *Cambridge* of “*BGCSE*” eksamen skryf se finale persentasie sal soos volg bereken word :

'n Maksimum van 8 punte kan per vak toegeken word vir 'n maksimum van 6 vakke. Die maksimum punte wat dus behaal kan word is $8 \times 6 = 48$.

Byvoorbeeld :

Engels	D	5
Wiskunde	E	4
Aardrykskunde	F	1
Geskiedenis	B	7
Rekenaarwetenskap	A	8
Biologie	B	7
Tegniese Tekeninge	E	4
Rekeningkunde	C	6
Totaal		41/48

Dié leerder sou dus 85,4% as 'n finale persentasie hê.
In dié betrokke geval is die punte vir Aardrykskunde en Wiskunde buite berekening gelaat.


Daar sal vervolgens meer aandag aan “*Check Pont*”, wat die basis van die *Cambridge* kurrikulum vorm en “*P.Y.P.*” wat die basis van die “*I.B.*” kurrikulum vorm gegee word. Die primêre fase se kurrikulums naamlik “*Check Pont*” en “*P.Y.P.*” se vakkeuses word in ses hoofgroepe ingedeel, wat elk verskillende vakdissiplines bevat (Blackburn, 1991:17).

In die primêre fase is die ses groepe wat onderskei word :

- tale,
- sosiale wetenskappe,
- wiskunde,
- die kunste,
- natuur wetenskappe en
- persoons-, sosiale- en liggaamlike opvoeding.

In die primêre fase word nuwe konsepte en vaardighede voortdurend aan die leerders oorgedra. Hulle houding teenoor sekere vakke kan moontlik hulle sukses in die betrokke vakke bepaal. Afrikaanssprekende leerders se houding teenoor Engels as vak wat op eerste taalvlak aangebied word, moet redelik positief wees aangesien al die ander vakke se sukses tot 'n groot mate van hulle bevoegdheid in Engels sal afhang.

Skematies sou die kurrikulum wat in die primêre, privaatskole aangebied word dus soos volg daaruit kon sien :



Alhoewel daar ses groepe is, staan hulle nie heeltemal afsonderlik teenoor mekaar nie en gaan die een groep noodgedwonge die ander groep beïnvloed.

Vir die *Cambridge "O"* vlak eksamens, wat meestal aan die einde van "*Form 4*" (Graad 10) geskryf word, moet 7 vakke geslaag word, alhoewel slegs ses by die berekening van die finale punt gebruik word en vir "*I.B.*" eksamens aan die einde van "*Form 6*" (Graad 12) moet ses vakke geslaag word. Vir die *Cambridge "A"* vlak eksamens moet 'n leerder 'n minimum van drie vakke volg ten einde die

kursus te slaag. Die *Cambridge* “A” vlak eksamen word net soos die “I.B.” eksamen aan die einde van “Form 6” (Graad 12) geskryf.

Die groepeerdeling is op die “I.B.” kurrikulum gegrond en baie skole gebruik die indeling ook op ’n aangepaste wyse by die keuse van vakke vir die *Cambridge* “O” en “A” vlak eksamens (Vergelyk Bylaag D en E). Die hoofrede hiervoor is dat die “I.B.” diploma kursus eers na afloop van die “O” vlak *Cambridge* eksamens geneem kan word en leerders ’n agtergrond in vakke moet hê wat hulle tydens die “I.B.” diploma kursus of op *Cambridge* “A” vlak kursus wil neem.

Soos reeds genoem, loop die “I.B.” program dus parallel met die “A” vlak eksamens en ’n leerder moet besluit watter eksamen hy gaan skryf.

Hier volg ’n uiteensetting van die verskillende groepeerdelings, met hulle onderskeie vakke, soos uitgesit ter vervulling van die vereistes vir die “I.B.” diploma (Vergelyk Bylaag F).

□ GROEP 1

Dié groep bevat slegs Engels vir die doel van die privaatskole in Botswana. Engels word dan ook as eerste taal onderrig en sluit taal- sowel as literatuurstudie in. Enige ander eerste taal kan egter geneem word indien personeel beskikbaar is en daar genoeg leerders is wat die aanbod van die taal regverdig.

□ GROEP 2

Baie skole plaas Groep 1 en Groep 2 saam as een groep. Groep 2 bestaan uit tale wat op tweede taalvlak aangebied word. In Botswana is die twee gewildste tweede tale wat onderrig word Frans en Setswana alhoewel daar ’n verskeidenheid ander tale, wat selfs Afrikaans insluit, beskikbaar is. Tot op hede is daar egter slegs twee skole wat Afrikaans as formele vak aanbied.

□ GROEP 3

Hierdie groep staan bekend as die Sosiale Wetenskappe. In die vakke word ’n studie van die mens in sy omgewing gemaak en sluit vakke soos Geskiedenis, Aardrykskunde, Ekonomie, Sielkunde, Filosofie en Rekeningkunde in.

□ **GROEP 4**

Hierdie groep staan bekend as die Eksperimentele Wetenskappe en sluit vakke soos Biologie, Chemie, Toegepaste Chemie, Fisika en Omgewingsleer in.

□ **GROEP 5**

Hierdie groep bestaan uit Wiskunde, Wiskundige Metodes en Wiskundige Studies. Die verskil is in die moeilikheidsgraad geleë.

□ **GROEP 6**

Hier kan 'n keuse gemaak word uit vakke soos Kuns, Tegnieuse Tekeninge, Musiek, Latyn, Rekenaarstudie of 'n ander klassieke taal soos Grieks of 'n ander vak wat deur die *I.B.O* goedgekeur word.


By die "*I.B.*" kurrikulum moet leerders een vak uit elke groep neem terwyl leerders wat die *Cambridge* kurrikulum volg, meer vakke in 'n spesifieke groep kan neem met die uitsondering van Groep 1.

Vir die doel van die "*I.B.*" diploma word elke vak op 'n skaal van een tot sewe beoordeel en 'n leerder moet 'n totaal van ten minste 24 punte verwerf om sy sekondêre "*I.B.*" diploma te behaal. Die *Cambridge* kurrikulum ken simbole toe. Beide kurrikulums maak ook voorsiening vir leerders om vakke op 'n standaard (*Core*) of gevorderde vlak (*Extended*) te neem. Vir 'n leerder om die "*I.B.*" diploma aan die einde van "*Form 6*" (Graad 12) te bekom, moet 'n leerder egter 'n minimum van 3 vakke op standaard en 3 vakke op gevorderde vlak neem.

By die sekondêre kurrikulums word 'n navorsingsprojek in vakke vereis, leerders moet 'n goeie teoretiese agtergrond hê en kreatief leer dink. By die "*I.B.*" kurrikulum word ook 'n finale navorsingsprojek, bekend as die "*Extended Essay*" (*E²*) van leerders vereis. By die projek moet leerders 'n probleem identifiseer, navorsing doen en moontlike oplossings voorlê. Leerders kan die navorsingsprojek in enige vakdissipline aanpak en dit hoef nie noodwendig in 'n vak te wees wat deel van hulle skool se vakpakket vorm nie. By al die sekondêre kurrikulums word daar van leerders verwag om deel te neem aan bepaalde gemeenskapsaktiwiteite sowel as fisiese aktiwiteite. Gemeenskapsaktiwiteite gaan gewoonlik met hulpverlening gepaard hetsy dit in die skool of buite in die gemeenskap is. Met die fisiese aktiwiteite word bedoel sport. Meeste

privaatskole handhaaf 'n baie hoë standaard van sportbeoefening en 'n groot verskeidenheid aktiwiteite word gewoonlik aangebied.

Skematies sou die vakgroepe, soos aangepas vanuit die oorspronklike "I.B. " groepsindelings, wat in die sekondêre, privaatskole van Botswana gebruik word, soos volg uitgebeeld kon word :



Daar sal vervolgens gekyk word na die hoofdoel vir die aanbieding van 'n internasionaal erkende kurrikulum in die privaatskole van Botswana.

2.2.1.3 DIE HOOFDOEL VAN 'N INTERNASIONALE KURRIKULUM WAT IN BOTSWANA GEVOLG WORD

Meeste privaatskole in Botswana behoort aan 'n organisasie bekend as *C.H.O.P.S. (Corporate Heads of Private Schools)*. Die hoofrede hoekom die organisasie op die been gebring is, is sodat hoofde op 'n gereelde basis kan vergader en onder andere kurrikulums bespreek. Die hoofdoel van 'n gemeenskaplike internasionale kurrikulum, hetsy dit die *“Check Point – Cambridge”* of die *“P.Y.P. – I.B.”* kurrikulum is, is om skole te help om hulle ondervinding, probleme en sienings aangaande leerders en leerinhoude te vergelyk en idees uit te ruil ten einde leerders beter voor te berei vir tersiêre opleiding.

Renaud (1991:8) beskryf die missie van die internasionale skole in die wêreld soos volg en die betrokke missie word vandag steeds deur die meeste internasionale, privaatskole binne en buite Botswana nageleef :

“The mission of international schools is to prepare young people – the decision makers of tomorrow – to live in a complex multicultural society undergoing a process of rapid change and opening up a new world”.

Samevattend kan verklaar word dat die internasionale, privaatskole van Botswana verstaan dat die toekoms van hul leerders in hul eie hande is en hulle dus moet poog om die leerders met die nodige kennis toe te rus om beter in 'n multikulturele samelewing te funksioneer. Daar moet egter voortdurend in gedagte gehou word dat feitlik geen leerder optimaal sal kan presteer as hy nie in sy bepaalde onderwys omgewing kan aanpas nie.

Omdat alle onderwys wat in die internasionale, privaatskole van Botswana geskied, totaal en al multikultureel van aard is, sal daar vervolgens aan die hele konsep van multikulturele onderwys, soos wat dit in Botswana daaruit sien, aandag gegee word.

2.2.2 DIE KONSEP MULTIKULTURELE ONDERWYS

Multikulturele onderwys kan nooit net as bloot 'n assimilasië, waar een kultuur in 'n ander opgeneem word, gesien word nie (Van der Westhuizen, 1988:271). Dit moet juis so ingerig word dat geen kultuur bo 'n ander bevoordeel word nie (Squelch, 1993:178). Byna alle moderne een-en-twintigste-eeuse gemeenskappe wêreldwyd, kan as multikultureel of as 'n verskeidenheid uiteenlopende etniese, sosio-ekonomies, taal-, godsdiens-, of kultuurgroepe beskryf word (Le Roux, 1998:108). Die hoofdoel van multikulturele onderwys is dus om alle leerders in 'n multikulturele gemeenskap te onderrig (Le Roux, 1998:114). Botswana is geen uitsondering in dié verband nie.

In Gaborone woon 'n groot verskeidenheid uiteenlopende kulture in harmonie saam, bloot oor die feit dat daar wedersydse respek vir mekaar se gebruike en sienings is. Die skole volg internasionaal erkende onderwysprogramme wat die optimale kognitiewe, affektiewe en sosiale ontwikkeling van elke leerder ten doel stel. Leerders se kennis aangaande eie kultuurgebruike sowel as kennis aangaande die gebruike, gewoontes en eienskappe van ander kulture word uitgebrei. Die multikulturele onderwyssituasië in Botswana poog om leerders voor te berei vir die werklikhede van die multikulturele samelewing waarin hulle woon.

Om die rol wat multikulturele onderwys in die aanpassingsprobleme van Afrikaanssprekende leerders in Botswana se privaatskole beter te verstaan, is dit nodig dat daar in die studie aan die volgende aspekte aandag gegee word :

- Benaderings tot multikulturele onderwys in Botswana
- Doelstellings van multikulturele onderwys in Botswana
- Eienskappe van multikulturele onderwys in Botswana
- Die onderwyser se rol in die multikulturele klaskamer van Botswana

2.2.2.1 BENADERINGS TOT MULTIKULTURELE ONDERWYS IN BOTSWANA

Volgens Jordaan (1995:32-37) geld daar sekere benaderings ten opsigte van multikulturele onderwys. Die benaderings kan ook op die situasie in die multikulturele, internasionale skole van Botswana van toepassing gemaak word :

- Dit is onderwys aan leerders afkomstig vanuit ander kulture as die dominante kultuur. Die benadering verreken die onderwysbehoefte van slegs die leerders wat nie tot die dominante groep behoort nie. Dit sou dus vir die doel van hierdie studie die onderwysbehoefte van Afrikaanssprekende leerders in die privaat, internasionale, skole van Botswana beteken.
- Dit is onderwys oor kultuurverskille heen. Die eise en behoeftes van minderheidsgroepe, in dié geval Afrikaanssprekende leerders uit Suid-Afrika, word verreken.
- Dit is onderwys vir multikulturele pluralisme. Groepskulture word beklemtoon, waartydens minderheidsgroepe, in die geval Afrikaanssprekende leerders, binne die dominante kultuur opgeneem word.
- Dit is die norm vir alle leerders. Die kind leer hoe om in 'n ander kultuur as sy eie te funksioneer en hierdeur kan interkulturele samewerking en begrip bevorder word. As die Afrikaanssprekende leerders aanvaar wil word, moet hulle ook die ander kulture in hulle betrokke internasionale skool aanvaar en leer ken.
- Dit is onderwys om interaksie op interkulturele vlak te bevorder. Naas 'n trots vir die eie, word begrip vir en kennis van ander kulture binne die skool bevorder.

Multikulturele onderwys wil die kulturele pluralisme in die totale onderwysstelsel verreken. Dit word verder toegelig deur Lemmer en Squelch (1993:3) :

“... the transferring of the recognition of culturally pluralistic society into our educational system. Furthermore, multicultural education is the operationalisation of the education system in such a fashion that it appropriately and in rightful manner includes all racial and cultural groups ... a process which guides the total education enterprise”.

2.2.2.2 DOELSTELLINGS VAN MULTIKULTURELE ONDERWYS IN BOTSWANA

Verskeie skrywers (Lemmer & Squelch, 1993; Lynch, 1989; Goodey, 1989; Claasen, 1989; Trümpelmann, 1993 en Jordaan, 1995) het die tiperendste doelstellings van multikulturele onderwys uitgelig. Greer (2000:56) het hierdie doelstellings ook op die situasie van, wat sy noem, “kultuurvreemde” leerders in die privaatskole van Botswana van toepassing gemaak (Vergelyk 2.2.2.1) :

- Om erkenning, aanvaarding en waardering van die samelewing van Botswana se multikulturele karakter te verseker.
- Om interkulturele respek en interaksie in Botswana te bevorder.
- Om kennis van die eie, asook die positiewe bydrae van ander kulture tot die samelewing van Botswana te bevorder.
- Om etnosentrisme, stereotipering en vooroordele uit te skakel.
- Om interkulturele konflik, voortspruitend uit rassisme, seksisme en sosio-ekonomiese oorwegings te elimineer.
- Om kennis aangaande Botswana se sosiale en historiese realiteite te bekom.
- Om kritiese denke te ontwikkel, ten einde sosiale probleme deur onderhandeling en konstruktiewe dialoog op te los.

- Om sosiale vaardighede binne die multikulturele samelewing van Botswana te bevorder.
- Om positiewe houdings en verdraagsaamheid jeens ander kultuurgroepe in Botswana te ontwikkel.
- Om gelyke onderwysgeleenthede vir elke individu in die privaatskole van Botswana te verseker.
- Om individuele verdieping van 'n eie kulturele identiteit te verseker.
- Om positief by te dra tot die ontwikkeling van 'n regverdige demokratiese bestel in Botswana.
- Om Botswana se kulturele diversiteit kreatief te bevorder.
- Om te begryp dat verskillende kultuurgroepe verskillende interpretasies aan waardes, gebeure en begrippe heg.
- Om interkulturele kommunikasievaardighede te ontwikkel en te bevorder.
- Om probleemoplossende gesindhede ten opsigte van samelewingsvraagstukke in Botswana te ontwikkel.
- Om leerders in Botswana se privaatskole lewensvaardighede vanuit 'n multikulturele perspektief aan te leer.
- Om diskriminasie en kultuurvervreemding in die privaatskole van Botswana teen te werk.
- Om analise en evaluering te bevorder, ten einde samelewingsprobleme soos seksisme en rassisme op 'n rasonale wyse aan te spreek.

- Om die breë doelstellings en beginsels van onderwys te onderskryf, ten einde die optimale verwerkliking van alle leerderpotensiaal te verseker.

2.2.2.3 EIENSKAPPE VAN MULTIKULTURELE ONDERWYS

Goodey (1989:102) en Claasen (1989:15) het verskeie eienskappe van multikulturele onderwys gekategoriseer en gesistematiseer. Hierdie eienskappe kan ook van toepassing gemaak word op die multikulturele onderwysomgewing waarin Afrikaanssprekende leerders uit Suid-Afrika hulle in die internasionale, privaatskole van Botswana bevind :

- Multikulturele onderwys erken die bestaansrealiteit van verskillende etniese-, kulturele-, taal-, godsdiens- en ander groepe, asook die noodsaaklikheid van die behoud van sodanige groepering. Ofskoon die leerders wat Afrikaans as huistaal het, by verre in die minderheid is, moet hulle regte steeds deur die ander leerders en personeel erken en gerespekteer word.
- Multikulturele onderwys kweek wedersydse begrip en aanvaarding tussen verskillende kultuurgroepe binne 'n gemeenskaplik-geografiese bestel. Wedersydse kennis, begrip en aanvaarding van mekaar se kulture kan die Afrikaanssprekende leerders en leerders van ander kulture help om mekaar te aanvaar.
- Moderne kommunikasietegnologie maak multikulturele onderwys as onderwysstrategie in alle mono- en multikulturele samelewings noodsaaklik. Daaglikse interkulturele kontak het in die moderne samelewing 'n realistiese lewenswyse geword.
- Multikulturele onderwys is ingestel op die daarstelling van gelyke en gelykwaardige onderwysgeleenthede, ongeag kulturele diversiteit. Die internasionale, privaatskole van Botswana poog om met die inagneming van kulturele diversiteit gelyke onderwysgeleenthede aan alle leerders wat die betrokke skole besoek, te bied.

- Multikulturele onderwys impliseer 'n herstrukturering van die totale skoolomgewing, ten einde 'n multikulturele samelewing te reflekteer. Die komplekse multikulturele samelewing, soos dié van Botswana, behoort as uitgangspunt te dien by die samestelling van die onderskeie privaatskole se kurrikulums sowel as by die seleksie van leer- en onderrigmateriaal, sodat geen leerder op watter wyse ookal te na gekom sal word nie.
- Binne elke skoolvak behoort 'n multikulturele visie gehandhaaf te word. Die volgende vraag behoort as uitgangspunt by al die personeel, ongeag die vak wat hulle onderrig, te geld :

“Hoe kan die leerders deur middel van my vak effektief voorberei word vir die multikulturele samelewing van Botswana waarin hulle hul tans bevind en dalk binnekort in sal moet funksioneer ?”

Nieto (1992:208-219) identifiseer die volgende eienskappe wat voorts ook op die onderwyssituasie in Botswana van toepassing gemaak kan word:

- Multikulturele onderwys is nie-rassistiese onderwys. Geen leerder, ongeag ras, mag teen gediskrimineer word en waar byvoorbeeld blanke leerders in Botswana in die minderheid is, mag daar geen vorm van diskriminasie teen hulle wees nie.
- Multikulturele onderwys is noodsaaklik vir alle leerders aangesien dit oor almal handel. Veral in die privaatskole van Botswana is daar min plaaslike leerders met die gevolg dat daar nie werklik 'n dominante kultuur in die skole is nie.
- Multikulturele onderwys is onderwys vir sosiale gelykberegting. Die onderwys in die privaatskole van Botswana behoort die samelewingsrealiteite te reflekteer.
- Multikulturele onderwys is 'n proses. Die kulturele veranderlikes in die samelewing van Botswana word in die kurrikulums en leerinhoude van die privaatskole gereflekteer.

Aangesien die leerders ook by die nuwe personeel en hulle metode van klasgee sal moet aanpas, kan dit ook tot bepaalde aanpassingsprobleme lei. Daar sal vervolgens na die onderwyser en sy rol in die multikulturele onderwyssituasie van Botswana gekyk word en hoe dié se invloed kan bydrae tot die aanpassing van leerders al dan nie.

2.2.2.4 DIE ONDERWYSER IN DIE MULTIKULTURELE ONDERWYS-SITUASIE IN BOTSWANA

Die personeel van die internasionale, privaatskole van Botswana, kom soos die leerders van oor die hele wêreld en moet gelei word om by die spesifieke skool se omstandighede aan te pas. Volgens Lipischak (1989:303-304) behoort enige program wat op onderwysersopleiding gerig is, die volgende eienskappe te vertoon :

□ POSITIEWE SELFIDENTITEIT

Kennis, begrip en liefde ten opsigte van sy eie kultuur is noodsaaklik sodat hy 'n positiewe gesindheid teenoor ander kulture sal ontwikkel.

□ BEWUSTHEID

Daar moet 'n bewustheid van die bestaan van ander kulturele groepe by elke leerder gekweek word.

□ SENSITIWITEIT

'n Sosiale sensitiwiteit ten opsigte van interkulturele diversiteit in enige samelewing moet by elke leerder gekweek word.

□ BEGRIP

Leerders moet aangemoedig word om andersoortige kulture as gelykwaardig te erken en te begryp, ten einde wedersydse waardering en aanvaarding te kweek.

□ INTERKULTURELE KOMMUNIKASIE

Leerders moet tot interkulturele betrokkenheid en gesprek aangemoedig word, ten einde geskille te besleg en gemeenskaplike aspekte positief uit te bou.

Onderwysers kan 'n daadwerklike bydrae tot suksesvolle multikulturele onderwys lewer, deur 'n lewenswysebenadering en 'n lewensgeleentheidsbenadering te volg (Goodey, 1989:310). Eersgenoemde dui op 'n totale gesindheidsverandering en laasgenoemde op gelyke onderwysgeleenthede vir elke leerder, ongeag van watter kultuur hy ookal afkomstig is.

Vir die Afrikaanssprekende leerder om in een van die internasionale, privaatskole van Botswana geborge te voel, is dit van groot belang dat die onderwysers van die betrokke skole die volgende in gedagte sal hou (Beckman, 1991:180) :

- Onderwysers moet kennis hê van die verskillende kulture van sy betrokke leerders.
- Die onderwyser moet 'n positiewe gesindheid teenoor al die verskillende kultuurgroepe in sy klas hê.
- Die onderwyser moet oor die nodige vaardighede beskik om die leerinhoude te kan verklaar in terme van die verskillende kulture.

As gevolg van die groot tekort aan onderwysers in die Staatskole van Botswana mag geen gebore Botswana-burger by 'n privaatskool skoolhou nie. Al die onderwysers in die privaatskole is dus van ander lande en kulture afkomstig en het dus 'n grondige kennis van verskillende kulture (Sentrale Statistiek Diens van Botswana, 1999:45)(Vergelyk 2.2.1). Volgens die laaste formele opname in 1999 is die meeste van die privaatskole se personeel afkomstig uit ander Afrika-lande, Brittanje en Amerika (Sentrale Statistiek Diens van Botswana, 1999: 59). Hulle word meestal op twee jaar kontrakte aangestel, wat aan die einde van hulle tydperk weer hernu kan word. Daar is tans slegs 152 onderwysers wat in permanente poste in privaatskole aangestel is en interessant is die feit dat die meeste van hierdie onderwysers uit Indië en Suid-Amerika afkomstig is. Die feit dat personeel baie wissel, kan 'n groot invloed op die leerders uitoefen.

Om gelyke opvoedingsgeleenthede vir alle leerders te skep, is dit nodig dat geleenthede geskep word waar al die leerders 'n gelyke kans op onderrig gegun word. Om die doel te bereik, is dit van die uiterste belang dat daar geen vorm van diskriminasie van watter aard ookal mag voorkom nie (Foster, 1990:3). In al die internasionale, privaatskole van Botswana geld die reël dat slegs Engels as kommunikasietaal gebruik mag word (Simonaeux, 1999). Om gelyke opvoedingsgeleenthede vir alle leerders te verseker, moet daar volgens Foster (1990:3) aan die volgende voorwaardes voldoen word :

- Elke leerder moet 'n gelyke kans gegun word om die onderwysstelsel te betree. Daar moet dus geen vorm van diskriminasie van watter aard ookal wees nie.
- Alle hulpbronne moet op 'n regverdigende wyse verdeel word en die kwaliteit van die beskikbare hulpbronne sal die kwaliteit van onderwys bepaal. Die privaatskole beskik almal oor die beste moontlike fasiliteite aangesien die ouers bereid is om tot P 3 000-00 (in die omgewing van R 5 200-00) per maand aan skoolgeld te spandeer (Simonaeux, 1999).
- Daar moet aan al die leerders in dié skole gelyke geleenthede gegee word om tot hulle potensiaal te ontwikkel.

Omdat daar leerders van oor die hele wêreld die internasionale, privaatskole van Botswana besoek, (Vergelyk 1.2.3) is dit ook belangrik om op die volgende faktore ten opsigte van multikulturele onderwys te let, wat vandag nog van toepassing is en altyd van toepassing behoort te bly (Vold, 1986:11) :

- Daar moet gelyke opvoedingsgeleenthede vir al die verskillende kultuurgroepe wat die bepaalde skool besoek, geskep word.
- Daar moet daarna gestreef word om die verskillende kultuurgroepe in harmonie saam te laat skoolgaan.
- Daar mag geen vorm van rassediskriminasie wees nie.
- Leerders moet ingelig word oor wat die begrip multikulturele onderwys behels.

- Daar moet 'n goeie verhouding tussen die skool en die huis gehandhaaf word.

Effektiewe multikulturele onderwys berus op effektiewe beplanning en voorbereiding aan die kant van die onderwyser. Die effektiewe onderwyser in die internasionale, multikulturele skole van Botswana behoort die volgende tydens die beplanning van sy lesse in ag te neem (Lemmer & Squelch, 1993:86) :

□ **DIE AARD VAN ELKE LEERDER**

Wat is bekend omtrent sy kennisvlak, waardes, leerstyl, motiveringspeil, selfkonsep en sosiale agtergrond ?

□ **ONDERWYSER SE KENNIS**

Watter vaardighede en kennis moet onderrig word ? Wat is die verband tussen lesinhoud en die doelstellings van multikulturele onderwys ?

□ **FORMULERING VAN DOELSTELLINGS**

Watter doelstellings wil deur die les gerealiseer word ?

□ **LEERDERDOELWITTE**

Hoe sal leerders optimaal by die les kan baat vind ?

□ **LESAANVANG**

Hoe gaan daar by die leerders se ervaringsvlak aangesluit word ? Watter voorkennis het leerders nodig ?

□ **ONDERRIGSTRATEGIEË EN AKTIWITEITE**

Watter onderrigmetodes gaan gebruik word ? Watter voorbeelde gaan gebruik word ? Begryp leerders dit en watter aktiwiteite gaan hulle uitvoer ?

□ **EVALUERING**

Is lesdoelwitte bereik ? Het leerders lesinhoud beheers ? Watter evalueringstegnieke sal gebruik word ?

As daar na al die faktore gekyk word en hulle deur die onderwysers in gedagte gehou word, kan dit in 'n groot mate help dat leerders wat hulle in internasionale, multikulturele, privaatskole in Botswana bevind, optimaal ontwikkel.

Die ouers van leerders uit Suid-Afrika sal moet leer om die kind se multikulturele vriende te aanvaar sonder vooroordeel. As die ouers nie die kind se vriende kan aanvaar nie sal hy nooit by sy portuurgroep kan aanpas nie. Dit kan lei tot verwerping, eensaamheid en die ontwikkeling van 'n swak selfbeeld. Om die punt verder te steun sal daar later in die studie na die verskillende opvoedingsstyle verwys word om te poog om die invloed hiervan op die aanpassing van leerders al dan nie, uit te lig (Vergelyk 2.4).

Beide die onderwysers en ouers van leerders, kan daartoe bydrae dat leerders positiewe verhoudings met ander kultuurgroepe handhaaf deur bloot 'n voorbeeld te stel. Daar moet altyd gepoog word om ras- en kulturele vooroordele te verminder.

Die konsep kultuur sal voorts bespreek word.

2.2.3 DIE KONSEP KULTUUR

Die uiteenlopendheid van die konsep bring onwillekeurig mee dat daar 'n opvallende gebrek aan konsensus onder navorsers bestaan om kultuur eenduidig te definieer (Le Roux, 1998:108). Tussen 1871 en 1950 het daar meer as 160 definisies vir kultuur die lig gesien (Camilleri, 1986:108). Huidiglik is daar oor die 200 definisies in die literatuur beskikbaar (Useem, 2002:13). Vir die doel van die studie gaan die volgende definisie van kultuur gebruik word :

“Dit is die universele, onderskeidende karaktertrekke, produkte, waardes, tradisionele gebruike, simbole en aangeleerde aspekte van 'n bepaalde menslike samelewing.” (Le Roux, 1998:108).

Die rede hoekom daar op die spesifieke definisie besluit is, is omdat alhoewel Afrikaanssprekende leerders hulle in 'n kultuurvreemde onderwysomgewing bevind, hulle bepaalde en unieke karaktertrekke sowel as hulle tradisionele gebruike hulle altyd van die ander leerders in die internasionale skole en samelewing waarin hulle bevind, sal onderskei.

Dr. Ruth Useem (2002:28) wat verbonde is aan die Universiteit van Michigan in die Verenigde State van Amerika, het navorsing gedoen oor Amerikaanse leerders wat hulle skoolopleiding buite die grense van Amerika ondergaan, maar na afloop van hulle skoolopleiding weer na hulle geboorteland terugkeer. Sy verwys na die leerders as die “Derde Kultuur Leerders”. Daar moet dadelik verwarring uit die weg geruim word oor die gebruik van die woord “Derde”. Dit moet geensins gekoppel word aan Derde Wêreld nie (Useem, 2002:29). “Derde Kultuur Leerders” verwys na leerders wat deur die kultuur van hulle geboorteland beïnvloed word sowel as deur die kultuur van die land waarin hulle skoolgaan. Hulle leef dus in 'n sogenaamde “Derde Kultuur” wat gedeeltelik uit die kultuur van hulle moederland en gedeeltelik uit die kultuur van die land waarin hulle skoolgaan, bestaan (Useem, 2002:29). Afrikaanssprekende leerders wat in Botswana skoolgaan, kan ook as “Derde Kultuur” leerders beskou word. Die leerders word nie bloot deur die Afrikaner-kultuur beïnvloed nie, maar ook deur al die ander kulture waarmee hulle binne die internasionale skoolopset in aanraking kom.

Om die begrip kultuur verder toe te lig en die rol wat dit in die aanpassingsprobleme van Afrikaanssprekende skoolleerders kan speel, sal daar later in die studie na die volgende begrippe met betrekking tot kultuur gekyk word (Vergelyk 2.6) :

- Kultuurdifferentiasie
- Kultuurintegrasie
- Kultuurkontinuiteit
- Kulturele relativisme
- Kulturele etnosentrisme
- Kulturele pluralisme

Milieu-gestremdheid kan 'n bydraende faktor speel by die aanpassing al dan nie van Afrikaanssprekende leerders in Botswana se privaatskole. As 'n leerder nie tuis voel in sy bepaalde milieu nie, sal hy baie moeilik aanpas. Daar sal voorts na die moontlikheid van milieugestremdheid wat Afrikaanssprekende leerders in Botswana ervaar, gekyk word.

2.2.4 MILIEU-GESTREMDHEID VAN AFRIKAANSSPREKENDE LEERDERS IN DIE PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA

Daar sal vervolgens na die milieu-gestremdheid van Afrikaanssprekende leerders gekyk word in terme van :

- kulturele deprivasie en
- kulturele andersoortigheid.

2.2.4.1 MILIEU-GESTREMDHEID IN TERME VAN KULTURELE DEPRIVASIE

Volgens Pretorius (1998:315) kan die begrip “milieu” soos volg omskryf word :

As die mens (kind) se:

- geografies-fisiese wêreld,
- medemenslike wêreld en sy
- kultuurhistoriese wêreld.

In die lig hiervan beteken “milieu-gestrem” vir die doel van hierdie studie dus dat die kind hom in 'n sosiale milieu bevind wat gekenmerk word deur :

- 'n Geografies-fisiese wêreld wat ontoereikend is ten opsigte van kultuurgoedere.
- 'n Gebrekkige medemenslike kommunikasie in sy moedertaal wat weer veroorsaak dat die kind nie sy persoonsmoontlikhede en veral sy sosiaal-kommunikatiewe moontlikhede optimaal kan verwerklik nie.
- Hy 'n lae kulturele peil handhaaf.

Milieu-gestremdheid kan derhalwe aan bepaalde milieu faktore gekoppel word, deurdat die kind sekere belangrike ervarings en blootstelling deur sy bepaalde lewensomstandighede in Botswana ontsê word. Ontoereikende stimulerings kan geredelik lei tot gebrekkige motiveringsvermoë wat ontoereikende skoolvordering kan veroorsaak.

Leerders kan materieel goed versorg wees, maar 'n gebrek ten opsigte van sintuiglike en taalstimulasie ervaar.

Vir die doel van hierdie studie sal veral aandag gegee word aan kulturele deprivasie, aangesien die leerders hulle in 'n vreemde land bevind en aan talle ander kulture blootgestel word. Daar is verskillende vorme van kulturele deprivasie naamlik :

- sintuiglike deprivasie,
- taaldeprivasie en
- gebrekkige belangstelling in die kind se opvoeding.

Volgens Viljoen (1993:20) gee die kultuurgemeenskap, waarbinne die kind gebore word, onmiddellik aan hom 'n verlede en tradisie. Die mense waarmee die kind saamleef, maak die kultuur vir hom sigbaar deur voorlewing. Vir die doel van dié studie sal slegs aan taaldeprivasie aandag gegee word, aangesien die Afrikaanssprekende leerder hom in 'n onderwysomgewing bevind waar die onderrigtaal van sy huistaal verskil en dit in verband gebring kan word met sy sosiale- en kulturele aanpassing in die internasionale skole van Botswana.

Indien daar slegs Afrikaans in die huis gepraat word en die ouer van die leerders wat 'n Engelse privaatskool besoek, ook moontlik in 'n mate 'n ontoereikende taalvaardigheid ten opsigte van Engels as eerste taal besit, kan taalagterstande langer neem om uit die weg te ruim. Die faktor kan veroorsaak dat die kind nie dadelik die nodige taalvaardigheid ten opsigte van veral vakterme bemeester nie en tydelik taalgerem kan word (Roberts, 1994:37).

Daar bestaan 'n direkte verband tussen die taalvermoë van 'n kind en sy kognitiewe ontwikkeling (Roberts, 1994:38). Sou die leerder dus byvoorbeeld nie aanvanklik met sy aankoms in Botswana ten volle taalvaardig in Engels wees nie, kan sy verdere kognitiewe ontwikkeling moontlik tydelik vertraag word. Die milieu van die Afrikaanssprekende leerders in die internasionale, privaatskole van Botswana beteken vir hom 'n taalagterstand, wat sy akademiese ontwikkeling in die skole moontlik nadelig kan beïnvloed.

'n Nuwe onderwysomgewing kan volgens Jonietz (1991:151) bydra tot die milieu-gestremdheid van die kind omdat daar verskille kan wees ten opsigte van :

□ **TAAL**

As die huistaal en onderrigtaal verskil. Vir die doel van die studie is dit waar leerders Afrikaans by die huis praat maar onderrig in Engels ontvang.

□ **VORIGE VERWORWE KENNIS**

Afrikaanssprekende leerders uit Suid-Afrika sou moontlik sekere konsepte in bepaalde vakke nog nie in Suid-Afrika gedoen het nie, terwyl die kurrikulums wat in Botswana se privaatskole gevolg word, moontlik die betrokke konsepte lankal afgehandel het.

□ **VERSKILLENDE KLASKAMERAKTIWITEITE**

Veral die primêre privaatskole in Botswana gaan van die standpunt af uit dat leerders aangemoedig moet word om soveel as moontlik in Engels te kommunikeer en baie klem word op sogenaamde “klasgesprekke” geplaas. In die sekondêre privaatskole word leerders weer aangemoedig om baie krities te dink en heelyd te vra “Waarom ?” en “Hoekom ?”

□ **VERSKILLE TEN OPSIGTE VAN DIE MISSIE VAN DIE SKOOL**

Elke skool het sy eie unieke missie en doelstellings en leerders moet poog om dié missie na te streef. Die missie van die meeste internasionale, privaatskole in Botswana kom daarop neer om gelyke onderwysgeleenthede aan al sy leerders, ongeag ras, nasionaliteit of kultuur, te bied. Alhoewel dit in 'n groot mate met die missie van die meeste skole in Suid-Afrika ooreenkom, word daar in die internasionale skole van Botswana baie meer klem geplaas op die feit dat daar ook gelyke geleenthede vir alle nasionaliteite moet wees (Vergelyk 2.2.1.3).

□ AANVAARDING VAN GESAG

Alhoewel die meeste privaatskole in Botswana 'n baie meer liberale siening volg as wat die geval by die meeste skole in Suid-Afrika is, moet leerders steeds die gesag van hulle onderwysers respekteer. Daar is selfs sekondêre privaatskole in Botswana waar die bywoning van klasse nie eers verpligtend is nie en personeel slegs as raadgewers gesien word. Leerders moet steeds personeel se gesag binne die klassituasie aanvaar, maar 'n groot mate van vryheid word toegelaat. Leerders uit Suid-Afrika moet dus gelei word om die nuutgevonde “vryheid” reg te kan hanteer sonder om hulle respek vir hulle onderwysers te verloor.

As die personeel en leerders van internasionale skole dié faktore in gedagte hou, kan hulle daartoe bydra dat die leerders hulle beperkings oorkom en sodoende optimaal presteer.

2.2.4.2 MILIEU-GESTREMDHEID IN TERME VAN KULTURELE ANDERSOORTIGHEID

Milieu-gestremdheid vir die Afrikaanssprekende leerders in Botswana se internasionale, multikulturele, privaatskole word veral veroorsaak deur kulturele isolasie en kulturele andersoortigheid. Die kulturele andersoortigheid kan aanleiding gee tot die milieu-gestremdheid van die leerders in Botswana se privaatskole op grond van (Roberts, 1994:15):

- Kulturele deprivasie – 'n individu kan milieu-gestremd wees op grond van sy sosio-ekonomiese posisie in 'n tegnologiese kultuur.
- Die andersoortige kultuur van lede van die subkultuur (nie-tegnologiese kultuur). Dit gaan hier om die kulturele en sosio-ekonomiese gesteldhede van 'n subkultuur, byvoorbeeld insigte, leefstyle, waardes en gebruike van 'n subkultuur, wat van die kulturele hoofstroom kan verskil.

Wanneer 'n individu van een kultuur 'n ander binnegaan, ervaar hy vreemdheid ten opsigte van die nuwe kultuur en is hy tydelik milieu-gestremd in die nuwe kultuur. Daarmee word geensins bedoel dat so 'n leerder sy eie kultuur as minderwaardig ag nie, maar dat hy dit moeilik vind om by die vreemde, nuwe kultuur in te skakel. Indien enige leerder sy primêre kultuurmilieu verlaat, ervaar

hy 'n kulturele agterstand wat weer veroorsaak dat hy nie optimaal in die nuwe kultuur kan funksioneer nie.

Daar sal voorts na die sosiale- en psigiese ontwikkeling van die kind gekyk word ten einde die aanpassing van Afrikaanssprekende leerders in die privaatskole van Botswana beter toe te lig.

2.3 DIE SOSIALE EN PSIGIESE ONTWIKKELING VAN DIE KIND

Daar word vir die doel van die studie gelet op die sosiale- en psigiese ontwikkeling en aanpassing van die primêre skoolkind (5-13 jaar) sowel as die sekondêre skoolkind – die adolessent (13-18 jaar). Vir die doel van die studie sal die leerder in “*Reception*” (Graad 0) as deel van die junior primêre skoolfase beskou word.

Volgens Geaty (1995:163) word leerders se kognitiewe sowel as akademiese ontwikkeling beïnvloed deur biologiese en kulturele invloede. In Botswana, soos wat die geval in enige multikulturele samelewing is, lê die uitdaging vir die onderwysers daarin om tot die besef te kom dat daar 'n wye verskeidenheid kulturele faktore is wat 'n leerder se sosiale- en psigiese ontwikkeling kan beïnvloed. Leerders se ontwikkeling kan in 'n groot mate deur hulle kulturele erfenis beïnvloed word en dit moet in gedagte gehou word as 'n spesifieke leerder se sosiale- en psigiese ontwikkeling geëvalueer word (Mwamwenda, 1992:101).

Volgens mnr. Motswakae, Direkteur van Privaatskole in Botswana (Mmegi Monitor, 2001:13) is die getal buitelandse leerders in die privaatskole van Botswana en veral Sekondêre privaatskole, besig om aansienlik toe te neem. Aangesien Botswana besig is om vinnig uit te brei, veral die hoofstad Gaborone, beweeg al hoe meer buitelanders die land binne (Vergelyk 1.1). Hulle kom met hulle gesinne en soek die beste moontlike skole vir hulle kinders. Feitlik al die privaatskole het lang waglyste en as 'n leerder akademies nie baie sterk is nie kan die ouers moontlik geen ander keuse hê as om die leerders in van die minder bekende skole te plaas nie. Volgens Motswakae ondervind baie van die leerders aanpassingsprobleme in hulle nuwe skole ten opsigte van die kurrikulum en behoort alles moontlik gedoen te word om dié leerders te ondersteun. Hy beklemtoon verder die feit dat ouers en leerders vertrouwd moet wees met die kurrikulums (Vergelyk 2.2.1.2). Hy voeg by dat alle onderwysers, maar veral sekondêre onderwysers, die adolessent en sy ouers moet verstaan. Dié onderwysers en ouers moet gesamentlik 'n poging aanwend om leerders effektief te ondersteun sowel as te help met moontlike aanpassingsprobleme wat hulle mag ondervind en dié uit die weg te probeer ruim.

As daar van die ontwikkelingsfases of leeftydperiodes gepraat word, dui dit op die fisieke, kognitiewe, affektiewe, sosiale en normatiewe of sedelik-religieuse ontwikkeling wat plaasvind binne 'n bepaalde tydperk van die kind se lewe. 'n Spesifieke tydperk word gekenmerk deur identifiseerbare en voorspelbare karaktereienskappe of ontwikkelingskenmerke (Bender, 1994, 24).

Daar sal vervolgens aan die ontwikkelingsfases van die primêre (5-13 jaar) en sekondêre skoolkind (13-18 jaar) aandag gegee word.

2.3.1 DIE PRIMÊRE SKOOLKIND (ongeveer 5-13 jaar)

Teen die tyd dat 'n kind vyf jaar oud is, is die meeste kinders fisies voorbereid vir al die fisiese vereistes van die laerskooljare. Die kind kan gewoonlik op dié ouderdom reeds sy bewegings koördineer en sy hande en vingers is vaardiger. Die tydperk kan egter ook gesien word as 'n tyd van konsolidasie omdat die fisiese en psigiese ontwikkeling van die kind nou stadiger begin plaasvind (Viljoen, 1993:34). Die primêre skooljare is gewoonlik 'n gelukkige tydperk in die kind se lewe en die kind ervaar die lewe as relatief ongekompliseerd, aanvaar reëls en gesag en bevraagteken nie baie dinge nie (Viljoen, 1993:35).

Daar is verskeie kriteria vir skoolgereedheid naamlik taal- en algemene (intellektuele) ontwikkeling (TAO), fisiek-motoriese ontwikkeling (FMO) en emosionele-sosiale ontwikkeling (ESO)(Bender, 1998:36).

By die TAO is een van die belangrikste kriteria die struktureringsvermoë van die kind. Hier is veral die teken van spontane tekeninge van die kind belangrik. Die probleem wat leerders wat Afrikaans as huistaal het, is daarin geleë dat hy vroeër wel moontlik getalle tot en met vyf sou kon herken en opdragte met getalle uitvoer as die opdragte in Afrikaans aan hom gegee word. Bevind die kind homself egter skielik in skool in Botswana waar die medium van onderrig Engels is, gaan hy heel moontlik nie eenvoudige opdragte soos "*Please bring me those four blocks*" kan uitvoer nie, bloot weens die feit dat hy nog nie die taal volkome verstaan nie. Die ondersoeker het egter met sy eie kinders gesien dat hulle wel die taal met hulp van die huis af redelik gou opvang. Leerders wat egter 'n geringe leer-, emosionele of ontwikkelingsagterstand openbaar sukkel gewoonlik heelwat langer.

Bender (1998:36) noem 'n paar kriteria wat gebruik word om die skoolgereedheid van leerders te bepaal. Die ondersoeker se eggenote toets leerders se skoolgereedheid by die skool waar hulle betrokke is aan die hand van dieselfde kriteria maar is ten opsigte van leerders wie se huistaal nie Engels is nie, meer tegemoetkomend. Wat die ondersoeker se eggenote gewoonlik doen by 'n leerder wat Afrikaanssprekend is, is om die kind eerder in Afrikaans te toets. Na afloop van die toets word 'n verslag saamgestel oor die betrokke kind waarin

duidelik gemeld word dat die betrokke kind nie Engels magtig is nie maar tog skoolgereed is al dan nie. Op grond van die verslag word daar besluit of 'n leerder in 'n normale klas toegelaat sal word en of hy eers remediëring moet ondergaan. In baie gevalle kan 'n leerder byvoorbeeld vir Graad 1 aansoek doen maar dan eerder in Graad 0 geplaas word sodat hy eers die taal kan baas raak. *S.N.As.O.B. (Special Needs Association of Botswana – Support for Learning)* beklemtoon ook die feit dat leerders wat hetsy vir skoolgereedheid of blote skooltoelating getoets word, se kognitiewe- en sosiale ontwikkeling net so belangrik soos taalontwikkeling is.

Dit is belangrik dat ouers bewus is van die kriteria wat by die bepaling van skoolgereedheid gebruik word aangesien hulle tot 'n groot mate self sal kan bepaal of hulle kind skoolgereed is al dan nie, veral as hulle in 'n omgewing moet inskakel waar die onderrigtaal van die huistaal verskil.

Daar sal vervolgens na die invloed van biologiese-, taal- en kulturele faktore gekyk word, as dit by die skryf van toelatingstoetse kom, wat deur die internasionale, multikulturele, privaatskole in Botswana aan nuwe leerders voorgehou word. Alle leerders, insluitende die Afrikaanssprekende leerders, sal dié betrokke toetse moet aflê ten einde in een van multikulturele, internasionale, privaatskole van Botswana opgeneem te kan word.

2.3.1.1 BIOLOGIESE-, TAAL- EN KULTURELE FAKTORE WAT 'N INVLOED OP TOELATING VAN LEERDERS TOT EEN VAN DIE MULTIKULTURELE, INTERNASIONALE, PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA KAN HÊ

Professor. André Venter, Pediater verbonde aan die Universiteit van die Vrystaat in Bloemfontein, het 'n artikel in die "*Southern African Journal of Child and Adolescent Mental Health*" (2000:162) geskryf met die titel : "*Cross-cultural Issues in Child Development and Assessment within the South African Context*". Die artikel handel oor die feit dat leerders afkomstig uit verskillende kulture en agtergronde op verskillende ouderdomme sekere fisiese en emosionele ontwikkelingskenmerke sal vertoon. In die artikel word die feit beklemtoon dat kulturele-, taal- en biologiese agtergrond ingedagte gehou moet word indien 'n leerder 'n toelatingseksamen by 'n bepaalde skool moet aflê of bloot vir skoolgereedheid getoets word. Professor Venter het onlangs in Gaborone sy bevindings met personeel verbonde aan sommige van die privaatskole in Botswana, gemoeid met die toetsing van leerders vir skoolgereedheid en skooltoelating, gedeel en sy bevindings aan die privaatskole in Botswana gekoppel. Tot op hede het baie min, indien enige, van die privaatskole in Botswana, die kultuur- taal- en biologiese agtergrond van leerders in gedagte gehou as leerders toelatingstoetse moes aflê of vir skoolgereedheid getoets is. Leerders wat byvoorbeeld nie Engels as huistaal het nie, word in die eksamens

benadeel, sonder dat die feit dat Engels nie hulle moedertaal is nie, in gedagte gehou word.

In moderne samelewings is twee van die belangrikste faktore wat 'n invloed op leerders se ontwikkeling speel sosio-ekonomiese faktore en sosiale klas. In 'n multikulturele samelewing, soos die van Botswana, ervaar leerders onderling talle kulturele verskille tussen hulself en ander leerders van dieselfde ouderdom. As leerders toelatingseksamens aflê moet die verskille sowel as sosio-ekonomiese en klasse verskille in gedagte gehou word (Venter, 2000:162). Volgens Geaty (1995:27) word kognitiewe- en akademiese ontwikkeling van 'n leerder beide deur biologiese en kulturele invloede bepaal. Mwamwenda (1992:721) neem die argument verder en sê geen leerder behoort enige vorm van evaluering te ondergaan, indien 'n leerder se kulturele agtergrond nie in gedagte geneem word nie.

Daar sal vervolgens na die kulturele faktore, wat 'n rol kan speel in die ontwikkeling van leerders en wat in gedagte gehou behoort te word indien leerders toelatingstoetse moet aflê, gekyk word.

□ **INTER-KULTURELE FAKTORE WAT BY TOELATINGSTOETSE IN GEDAGTE GEHOU MOET WORD**

Hoe 'n leerder in 'n toelatingstoets sal presteer, word deur 'n groot verskeidenheid van faktore bepaal insluitende 'n leerder se kulturele agtergrond, sy moedertaal en die taal waarin die toets afgeneem word sowel as die emosionele- en kognitiewe ontwikkelingsvlak van die betrokke leerder. Die slaagsyfer wat aan 'n bepaalde toets gekoppel word hetsy dit 50% of 80% sal ook 'n invloed hê. (Ardilla, 1995:143). 'n Spesifieke kultuur leer sy bepaalde leerders om op 'n sekere manier te dink, te handel en in sekere situasies op 'n bepaalde manier op te tree (Anastasi, 1998:19). In 'n verslag wat deur Landsdown (1996:284) vir die "*World Health Organization*" opgestel is, word die feit verder beklemtoon dat professionele persone wat leerders toelatingstoetse laat aflê, kulturele verskille van leerders as 'n baie belangrike faktor in die opstel en afneem van dié toetse moet sien. In talle privaatskole oral in Afrika, soos wat ook die geval in Botswana is, word toelatingseksamens van Britse en Amerikaanse oorsprong aan leerders voorgehou. Kulturele- en taalagtergrond word heeltemal vergeet en leerders doen in baie gevalle sleg bloot weens die feit dat hulle die toets nie verstaan nie of die konteks waarin sekere woorde in die toets voorkom nie kan begryp nie (Baine, 1991:2). Leerders uit Suid-Afrika wat nie Engels heeltemal magtig is nie en dalk nie die Amerikaanse meeteenhede van "*inches*" en "*miles*" verstaan nie, kan tot 'n groot mate in bepaalde toelatingstoetse benadeel word. In die Suid-Afrikaanse skole word leerders geleer van meters en kilometers en eenhede soos "*inches*" en "*miles*" kan vir hulle totaal vreemd wees (Perry, 2002).

In baie van die Britse- en Amerikaanse toelatingstoetse kom bepaalde begrippe voor, wat kultuurgebonde is en nie vertaal kan word sodat leerders dit makliker kan verstaan nie (Pershad, 1994:102). Serpell (1984:49) het die stelling gemaak dat om leerders in Engels te toets indien hulle huistaal nie Engels is nie, eerder hulle kennis van die taal toets, as hulle kennis ten opsigte van bepaalde begrippe. Sulke leerders sal langer neem om die toetse te voltooi en minder volledig in die uitwerk en beskrywing van bepaalde begrippe wees bloot oor die feit dat Engels nie hulle moedertaal is nie. 'n Toelatingstoets wat soms in die privaatskole van Botswana gebruik word is die sogenaamde "*Peabody Picture Vocabulary Test*" (Dunn & Dunn, 1981) wat sy oorsprong in Europa het. Die spesifieke toets bevat woorde wat nie in Suid-Afrikaanse Engels gebruik word nie, en leerders heeltemal kan verwar. Twee tipiese voorbeelde is die gebruik van die woorde "*pitcher*" en "*faucet*". In die Suid-Afrikaanse konteks sal leerders die spesifieke woorde eerder as "*jug*" en "*tap*" ken.

Baine (1991:3) beweer dat leerders soms negatief beoordeel kan word indien sekere dele van die toelatingstoetse mondeling aan hulle voorgehou word. Leerders kan negatief beoordeel word indien hulle kort saaklike antwoorde gee of hulle skouers optrek tydens die afneem van die toetse. Die persone wat die toetse afneem moet faktore soos die feit dat leerders wat nie Engels as huistaal het nie, nie vertrouwd genoeg met die taal is nie en om die rede nie maklik met vreemdelinge praat nie, ingedagte hou. Afrikaanssprekende leerders kan in baie gevalle Engels tog tot 'n redelike mate verstaan maar voel soms te selfbewus om met 'n vreemde persoon 'n gesprek in Engels te voer en sal eerder so min as moontlik sê.

Die volgende faktor wat in gedagte gehou moet word indien leerders van verskillende kulturele- en taalagtergronde toelatingstoetse moet aflê, is watter norme gebruik behoort te word om te bepaal of 'n leerder 'n bepaalde toets slaag of drui. Toetse wat se norme nie aangepas word by 'n bepaalde leerder wat die toets aflê se agtergrond ten opsigte van kultuur en taal nie, benadeel so 'n leerder geweldig (Venter, 2000:169). In 'n land soos Botswana met groot sosio-ekonomiese-, taal-, kulturele- en geografiese verskille, kan geen spesifieke persentasie bepaal of 'n leerder 'n bepaalde toets slaag of drui nie. Bepaalde slaagvereistes behoort sover moontlik aan elke individuele leerder voorgehou te word (Nel, 2002).

Talle van die toelatingstoetse benadeel die Afrikaanssprekende leerders maar weens toenemende druk van veral die ouer gemeenskap, is skole stadig besig om ander gestandaardiseerde toetse te begin gebruik. 'n Baie gewilde toets wat huidiglik in sommige van Botswana se privaatskole gebruik word, vir leerders wie se huistaal nie Engels is nie, is die sogenaamde "*Leiter International Performance Scale*". Die spesifieke toets word as "kultuurvriendelik" beskou en behoort leerders van verskillende kulturele- en taalagtergronde geensins te benadeel nie. Die toets is aanvanklik ontwerp vir dowe leerders maar werk goed

vir leerders wat nie kan nie, of nie wil verbaal kommunikeer nie. Jonger Afrikaanssprekende leerders wat nog nie Engels magtig is nie of ouer leerders wat net selfbewus is oor hoe hulle in Engels kommunikeer, kan almal met behulp van die toets getoets word. Visueel is die spesifieke toets baie stimulerend vir leerders en selfs die skaamste leerder geniet die toets (Michen, 2002:15).

Daar is al voorgestel dat sogenaamde funksionele toelatingstoetse wat meer daarop gemik is om te bepaal of leerders daaglikse opdragte sal kan uitvoer, wat akademiese sowel as sosiale take moet insluit, die tradisionele toetse moet vervang (Baine, 1991:3). Indien sulke toetse moontlik op 'n gereelde basis uitgevoer kan word, kan leerders wat Afrikaanssprekend is eerder 'n kans gegun word om aan te pas voordat 'n formele toets in Engels, wat nie sy huistaal is nie, afgeneem word.

Leerders se ontwikkeling behoort voortdurend gemonitor te word. Deur van verskillende toelatingstoetse, afhangende van 'n leerder se agtergrond, op 'n gereelde basis gebruik te maak sowel as 'n deeglike kennis van 'n bepaalde leerder se kulturele agtergrond te hê, behoort leerders wat Afrikaanssprekend is nie tydens toelatingstoetse benadeel te word nie (Venter, 2000:172).

Gedurende die primêre skooljare behels die ontwikkelingstake van die kind volgens Viljoen (1993:35) die volgende :

- aanleer van fisiese vaardighede wat nodig is vir spel,
- aanleer van houding teenoor homself as 'n groeiende wese,
- aanleer om oor die weg te kom met sy portuurgroep,
- aanleer van 'n behoorlike manlike of vroulike sosiale rol,
- ontwikkeling van fundamentele vaardighede in lees, skryf en rekene,
- ontwikkeling van konsepte wat nodig is vir die alledaagse lewe,
- ontwikkeling van gewete, moraliteit, skaal van waardes,
- verkryging van persoonlike onafhanklikheid en

- ontwikkeling van houdings teenoor sosiale groepe en instansies.

Met betrekking tot die Afrikaanssprekende primêre leerder wat uit 'n Afrikaansmedium skool in Suid-Afrika na 'n internasionale, multikulturele privaatskool in Botswana moet skuif, kan daar verwag word dat daar probleme by sekere ontwikkelingstake kan plaasvind. Die vier ontwikkelingstake waar daar volgens die ondersoeker die grootste probleme kan plaasvind is :

□ **AANLEER OM OOR DIE WEG TE KOM MET SY PORTUURGROEP**

As die leerders reeds in 'n skool in Suid-Afrika was en nie vir die eerste keer 'n skool in Botswana besoek nie, sou leerders reeds moes leer om by 'n betrokke portuurgroep in te skakel. Bevind die leerder hom skielik in 'n nuwe multikulturele portuurgroep wat boonop nie sy taal praat nie, kan die leerder moontlik skielik heeltemal afgesonder en alleen voel. Voor hy nie die taal honderd persent verstaan nie, sal hy moontlik baie moeilik met maats oor die weg kan kom en kommunikeer. Personeel speel hier 'n baie belangrike rol om dié leerders te help en die nodige ondersteuning te gee om wel maats te maak en moontlik aan ander Afrikaanssprekende leerders voor te stel wat reeds die taal beter baas geraak het. Dit is egter die gebruik van sekere primêre, privaatskole in Botswana om juis nie leerders van dieselfde kultuur- en taalagtergronde in dieselfde klasse te plaas nie. Die hoofrede wat aangevoer word is die feit dat leerders makliker die taal sal baasraak as hulle heeldag daaraan blootgestel word, as wat die geval by leerders is wat steeds in hulle eie taal met maats bly kommunikeer (Simoneaux, 2001).

□ **ONTWIKKELING VAN FUNDAMENTELE VAARDIGHEDE IN LEES, SKRYF EN REKENE**

Dit is moontlik dié ontwikkelingstaak waar die meeste probleme vir primêre leerders wat begin leer lees en skryf ondervind kan word. Die ondersoeker het self met sy eie kinders, onderskeidelik vyf en sewe jaar oud, opgemerk dat leerders in die laer primêre klasse wat nog nie Afrikaans kan lees en skryf nie makliker Engels aanleer sover dit betref lees en skryf, as wat die geval by leerders is wat tot met hulle toetrede tot een van die privaatskole in Botswana slegs in Afrikaans leer lees en skryf het. Voor 'n leerder nie die taal kan praat nie sal hy moeilik die taal kan lees en skryf. Die hoofrede hiervoor is moontlik daarin geleë dat party woorde dieselfde uitgespreek word in beide tale maar in spelling verskil. Sou 'n leerder dus 'n spellingtoets skryf en die Engelse woord foneties hoor sou hy heel moontlik die Afrikaanse spelling neerskryf.

Voorbeelde van woorde met min of meer dieselfde uitspraak maar verskillende spellings wat moontlik verwar kan word, is byvoorbeeld :

Cat - Kat
Ball - Bal
Apple - Appel

Indien leerders Engels leer lees en skryf voordat hulle Afrikaans leer lees en skryf het, is baie ouers dit eens dat daar nie gepoog moet word om leerders dieselfde tyd in Afrikaans te leer lees en skryf nie (Van Niekerk, Santana, Simoneaux, 2001). Sodra hulle Engels magtig is sover dit lees en skryf betref, kan daar begin word om hulle geleidelik in Afrikaans te leer lees en skryf.

□ **VERKRYGING VAN PERSOONLIKE ONAFHANKLIKHEID**

Die ondersoeker het by die skool waaraan hy verbonde is, by die primêre afdeling van die skool, persoonlik waargeneem dat leerders 'n groot mate van onafhanklikheid aanvanklik verloor weens die feit dat leerders vreemd voel, nie volkome verstaan wat van hulle verwag word nie en dan heeltemal onttrek. Sodra die leerder egter sy selfvertroue herwin en die taal beter begin verstaan, keer die onafhanklikheid gewoonlik redelik gou terug.

□ **ONTWIKKELING VAN HOUDINGS TEENoor SOSIALE GROEPE EN INSTANSIES**

Ouers en personeel speel hier 'n belangrike rol om leerders positief in te stel teenoor sosiale- en kulturele groepe. Geen vorm van rassisme moet by die huis geopenbaar word nie aangesien dit die leerder negatief teenoor bepaalde groepe kan maak. Jonger leerders herhaal ook baie maklik iets wat 'n ouer gesê of gedoen het en dit kan soms as baie negatiewe gedrag by die skool gesien word. Die ondersoeker se skoolhoof het 'n baie interessante gesegde wat sy altyd aan ouers van primêre leerders voorhou (Simoneaux, 2001) :

“Don't believe everything your child says about a teacher and the teacher won't believe everything your child says about you”.

Benewens al die bogenoemde ontwikkelingstake, is nog 'n verdere baie belangrike ontwikkelingstake van die kind tydens sy primêre skooljare om gesosialiseer te raak (Viljoen, 1993:36).

Die leerder raak nie bloot net bewus van sy medemens nie, maar hy raak ook betrokke by hulle. Met die sprong van die huis na die skool met al sy bedrywighede en baie kinders, word die kind se horison en aanraking met ander kinders en mense aansienlik verbreed. Waar 'n primêre leerder een van die privaatskole in Botswana besoek, sal sy horison ten opsigte die omgang met ander leerders soveel meer verbreed weens die feit dat die skole ten opsigte van personeel en leerders totaal en al multikultureel van aard is. Die skool is die eerste werklike toets ten opsigte van aanpassing of wanaanpassing buite die gesinsverband (Viljoen, 1993:36).

Volgens Kruger en Du Toit (1996:130) is daar 'n paar punte ten opsigte van sosiale ontwikkeling waarop opvoeders moet let. Die punte kan ook baie suksesvol deur opvoeders in die multikulturele privaatskole van Botswana toegepas word :

- Leerders moet die geleentheid gebied word om selfstandig en onafhanklik hulle maats te kies. Die leerders in die privaatskole van Botswana sal moontlik aan die begin leerders van sy eie kultuur en nasionaliteit uitsoek. Dit moet nooit ontmoedig word nie maar personeel kan leerders subtiel aan ander kultuurgroepe blootstel deur byvoorbeeld in die klassituasie leerders rond te skuif en sodoende nuwe leerders aan ander bekend stel (Perry, 2001).
- Opvoeders tree as sosiale rolmodelle vir die kind op. Kenmerke soos eerlikheid en getrouheid en die hantering van emosies soos woede en jaloesie moet aan die kind leiding gee. Waar die opvoeders, net soos die leerders, wat hulle in die internasionale, privaatskole van Botswana bevind, van verskillende kulture en nasionaliteite afkomstig is, kan opvoeders 'n groot invloed op die leerders uitoefen. Deur hulle gedrag kan opvoeders leerders positief of negatief teenoor bepaalde nasionaliteite beïnvloed.

By die primêre skoolkind kan twee duidelik onderskeibare fases onderskei word, naamlik die vroeë laerskoolfase (ongeveer 6-8 jaar) en die laat laerskoolfase (ongeveer 9-12 jaar). In teenstelling met Suid-Afrika waar die meeste leerders eers op die ouderdom van sewe skool toe gaan, betree die meeste leerders in Botswana die primêre skole op die ouderdom van vyf jaar of selfs vier jaar as hulle in hulle Graad 1 jaar vyf word. Primêre skole in Botswana word meestal in twee onderskeibare departemente verdeel naamlik die sogenaamde "*Lower*

Primary” departement wat die eerste drie skooljare van die leerders insluit en die sogenaamde “*Upper Primary*” departement wat die laaste drie primêre skooljare, of by sommige skole die laaste vier primêre skooljare, insluit. Soos wat die geval in Suid-Afrika is, is daar die neiging by die primêre, privaatskole van Botswana om al hoe meer Graad 0 by die “*Lower Primary*” departement in te sluit.

Leerders uit Suid-Afrika wat aansoek doen tot toelating by een van die primêre, privaatskole van Botswana se Graad 1, 2 of 3 klas word gewoonlik ook vir skoolgereedheid getoets. Weens die feit dat leerders reeds op die ouderdom van vyf jaar Graad 1 kan betree, sal leerders wat nie te oud is nie, eerder in die Graad 0 klas geplaas word, al doen hulle byvoorbeeld aansoek vir Graad 1. Die rede hiervoor is hoofsaaklik sodat die taalprobleem eers sover moontlik oorkom kan word. Dit gebeur redelik algemeen dat leerders byvoorbeeld reeds Graad 1 in Suid-Afrika voltooi het maar weens die taalprobleem teruggesit word in Graad 0 of gevra word om eerder Graad 1 te herhaal (Perry, 2002). In Botswana staan Graad 0, soos reeds vroeër genoem, algemeen as “*Reception*” bekend.

Daar sal vervolgens kortliks na Graad 0 as ’n brugperiode tussen die pre-primêre skool en die primêre skool gekyk word ten opsigte van onder andere die doel, aard, plek, duur en toetree ouderdom (Bender, 1998:38) :

2.3.1.2 GRAAD 0 / BRUGPERIODE IN DIE ONDERWYS

□ DOEL

Die belangrikste doel van Graad 0 is dat dit daarop gerig is om soveel moontlik leerders skoolgereed te kry voordat daar met formele onderwys begin word. Sou ’n leerder uit Suid-Afrika wat nie Engels magtig is nie in so ’n klas geplaas word, sal hy aan die Engelse alfabet, klanke, spelling ens. blootgestel word. Dit sal ’n totale nuwe ervaring wees, maar behoort in die meeste gevalle leerders genoegsaam voor te berei vir Graad 1. In baie van die primêre, privaatskole van Botswana word leerders nie tot Graad 1 toegelaat as hulle nie die Graad 0 jaar (*Reception*) voltooi het nie.

□ AARD

In Graad 0 vind die ontwikkeling vanaf ’n spelende leer-houding na ’n skolasties georiënteerde werkshouding plaas. Om die erns van Graad 0 (*Reception*) te beklemtoon en dit aan leerders tuis te bring, word daar by die meeste primêre, privaatskole in Botswana reeds van die leerders verwag om uniform te dra. Daar is reeds lesperiodes en speelperiodes. Leerders word vir

die eerste keer aan formele lesse blootgestel waartydens daar stilgesit en gewerk moet word en selfs huiswerk gegee word.

□ **PLEK**

In Suid-Afrika is die tendens dat Graad 0 klasse of by primêre skole of by pre-primêre skole ingeskakel kan wees. Dieselfde tendens kom in Botswana voor alhoewel daar volgens die ondersoeker se navorsing meer Graad 0 (*Reception*) klasse bestaan wat aan pre-primêre skole gekoppel is. Al hoe meer primêre, privaatskole begin egter om Graad 0 (*Reception*) klasse by hulle bepaalde skole te inkorporeer sodat leerders makliker by hulle bepaalde kurrikulum sal kan inskakel.

□ **DUUR**

In Suid-Afrika kan 'n leerder Graad 0 in een of twee jaar voltooi. Op die ouderdom van vyf jaar kan 'n leerder Graad 0 (*Reception*) vrywillig betree. 'n Leerder behoort nie ouer as ses te wees as hy die klas betree nie sodat hy op die ouderdom van sewe Graad 1 kan betree. In Botswana kan 'n leerder reeds op die vroeë ouderdom van vier jaar Graad 0 (*Reception*) betree aangesien leerders reeds op vyfjarige ouderdom Graad 1 betree. Indien 'n leerder egter byvoorbeeld sekere agterstande toon, soos die taalprobleem van Afrikaanssprekende leerders, kan hy in die Graad 0 (*Reception*) geplaas word al is hy so oud soos sewe jaar.

□ **TOETREE-OUERDOM**

In Suid-Afrika word daar meestal vereis dat 'n leerder nie jonger as ses jaar en nie ouer as sewe jaar moet wees om tot die Graad 0 (*Reception*) klas toegelaat te word nie. In Botswana word leerders nie jonger as vier jaar tot die Graad 0 (*Reception*) toegelaat nie en meestal ook nie ouer as sewe jaar nie.

Daar sal vervolgens kortliks na die kognitiewe-, affektiewe-, sosiale- en sedelik-religieuse ontwikkeling van die primêre leerder gekyk word aangesien die aanpassingsprobleme wat die leerder in Botswana mag ondervind die ontwikkeling mag rem.

2.3.1.3 KOGNITIEWE ONTWIKKELING VAN DIE PRIMÊRE SKOOLKIND

Tydens 'n kind se middeljare is sy denke op werklike ervaring gegrond. Egosentrisme is besig om af te neem en die besef dat elkeen anders en afsonderlik is en dus verskillende menings kan hê, is besig om deur te breek (Bender, 1998:46). Die primêre skoolkind kommunikeer goed, neem alle aspekte in ag wanneer hy gevolgtrekkings maak en hy beskik oor sedelike oordeelsvermoë. Met “kommunikeer goed” word daar meestal verwys na kommunikasie in 'n leerder se moedertaal met leerders binne sy beplande portuurgroep. Leerders uit 'n tradisioneel Afrikaanssprekende huisgesin sal aanvanklik probleme met kommunikasie in Engels ondervind binne een van die internasionale, primêre, privaatskole in Botswana. Hulle sal moontlik hulself nie in Engels so duidelik kan uitdruk nie. Dit kan tot gevolg hê dat leerders met 'n swakker selfbeeld hulle onttrek aangesien hulle mag voel dat hulle kommunikasievermoë te swak is om met ander leerders om te gaan.

Volgens Bender (1998:46) begin die primêre skoolkind die omkeerbaarheid van dinge verstaan en hy kan nou met abstrakte idees begin omgaan. Hy begin die verhouding tussen dele van 'n geheel, gehele tot dele en dele tot dele verstaan. Die vorming van begrippe is skynbaar makliker as 'n kind 'n magdom van ondervinding het. Hier kan die leerder uit Suid-Afrika weer moontlik probleme binne die internasionale, primêre skole van Botswana ondervind. Dit kan dalk wees dat 'n leerder genoeg ondervinding het maar weens die kommunikasie probleem sal hy nie die ondervinding reg kan aanwend in die verstaan van leerinhoud nie. Vakke soos Aardrykskunde en Taal kan aansienlik tot die kind se verbeelding en fantasielewe bydra, veral in soverre hy hierdie dinge vir homself vertolk en hulle met sy eie betekenis beklee (Papalia, 1999:10). Weer eens kom die probleem van taal na vore. As daar 'n taal- of kommunikasieprobleem by die primêre skoolleerder is, kan die leerder moontlik probleme met die vertolking van leerinhoud ervaar wat weer teruggevoer kan word na die aanpassing van die leerders wat belemmer mag word. In die meeste primêre, privaatskole in Botswana word Aardrykskunde nie as afsonderlike vak, soos wat die geval in Suid-Afrika is, onderrig nie. Die leerders neem 'n vak, bekend as “*Social Studies*” wat wel komponente van Aardrykskunde bevat, maar meer op die plaaslike geskiedenis van Botswana fokus. Leerders uit Suid-Afrika sal dus moontlik geen agtergrond tot die vak hê nie. Aangesien daar in die literatuur die stelling gemaak word dat Aardrykskunde en Moedertaalonderrig tot die fantasielewe en verbeelding van die primêre skoolleerder kan bydra, (Papalia, 1999:10) kan die afleiding gemaak word dat as die vakke weggelaat word die leerder moontlik minder verbeelding en fantasie sal ervaar. Die leerder uit Suid-Afrika kan moontlik met sy aanvanklike aankoms in Botswana dié probleem binne die internasionale, privaatskool waarin hy homself bevind, beleef.

Daar sal vervolgens kortliks aandag aan Jean Piaget se konkreet-operasionele fase (7- 11 jaar) gekyk word.

Volgens Piaget is die kind se denke konkreet-operasioneel tydens dié fase en word kognitiewe skemas in sy denke gebruik, maar slegs as die voorwerpe konkreet teenwoordig is. Tydens die fase in 'n kind se lewe blyk die grootste leemte te wees die afwesigheid van abstrakte denke (Bender, 1998:47).

Kenmerke van die kognitiewe ontwikkeling van die primêre skoolkind soos deur Piaget bepaal, word vervolgens bespreek (Vergelyk du Toit en Kruger, 1996 : 115-119 en Thomas, 1992 : 295-298).

- Die kind leer deur sy handel, met ander woorde deur dit wat hy doen en prakties beleef. Die Afrikaanssprekende leerder in een van Botswana se internasionale, primêre, privaatskole sal byvoorbeeld die probleem van kommunikasie in Engels te bowe kom hoe meer hy aan die taal blootgestel word en self in die taal begin kommunikeer.
- Die primêre skoolkind is ywerig en gretig om nuwe belangstellingsvelde te leer ken en onderwysers moet daarteen waak om hulle nuuskierigheid te demp deur byvoorbeeld geroetineerde dagprogramme of 'n vaste kurrikulum te gebruik. Leerders uit Suid-Afrika wat hulle vir die eerste keer in een van Botswana se primêre privaatskole bevind, kan egter moontlik met hulle aanvanklike aankoms geroetineerde dagprogramme en 'n vaste kurrikulum verwelkom aangesien dit hulle moontlik veiliger en meer gebonde mag laat voel.
- Elke leerder is uniek en sy kognitiewe ontwikkeling word op 'n unieke wyse voltrek. Personeel in die primêre, privaatskole van Botswana moet die stelling altyd in gedagte hou aangesien daar moontlik leerders van 'n hele klomp verskillende kulture en nasionaliteite met verskillende opvoedkundige agtergronde in een klas saamgegroepeer is.
- Daar moet voldoende tyd vir bespreking, argumentering en debattering in die dagprogram ingesluit word. Afrikaanssprekende leerders sal moontlik weens die taalagterstand aanvanklik nie aan klasbesprekings, -argumenterings of debattering wil deelneem nie. Die leerders moet aangemoedig word om wel deel te neem aangesien hulle selfbeeld en vermoë om in Engels te kommunikeer hierdeur heelwat verbeter kan word.

Uit die bogenoemde kan afgelei word dat die Afrikaanssprekende leerder wel moontlik tydelik in sy kognitiewe ontwikkeling gerem mag word, maar deur korrekte steungewing en begeleiding van ouers en onderwysers kan alle probleme slegs tydelik van aard wees totdat die kind aangepas het in sy nuwe omgewing.

2.3.1.4 AFFEKTIEWE (EMOSIONELE) ONTWIKKELING VAN DIE PRIMÊRE SKOOLKIND

Volgens Kruger en Du Toit (1996:123-124) is dit belangrik om by die primêre skoolkind op die volgende te let :

- 'n Kind tussen die ouderdom van 7-11 jaar wil gewoonlik sy ouers en portuurgroep se guns wen en leef vir lof en erkenning. Die onderwyser in die primêre, privaatskole van Botswana speel hier 'n baie groot rol. As hulle bedag is op leerders in hulle klasse, met byvoorbeeld moontlike taalagterstande, en dié leerders prys en die nodige erkenning gee as hulle antwoorde in Engels korrek gee, sal dié leerders moontlik baie vinnig al hoe meer selfvertroue ontwikkel en moontlike aanpassingsprobleme ten opsigte van taalagterstande vinniger te bowe kom.
- Alhoewel straf 'n integrale deel van die opvoedingsverskynsel vorm moet daar altyd aan leerders verduidelik word hoekom hulle vir 'n bepaalde oortreding gestraf word. Die reël dat slegs Engels as medium van kommunikasie gebruik mag word, geld in die meeste privaatskole van Botswana. Leerders wat die reël oortree, word meestal gestraf. As 'n Afrikaanssprekende leerder byvoorbeeld gestraf word omdat hy Afrikaans praat, kan daar aan hom verduidelik word dat hy baie vinniger Engels heeltemal sal kan baas raak hoe meer hy die taal praat. Wat hy dus aanvanklik as 'n straf gesien het, kan hom nou aanspoor om meer en meer Engels, selfs met sy ouers te praat.
- Die primêre skoolkind ervaar emosies wat meer dikwels voorkom en meer intensief van aard is. Leerders wat boonop aanpassingsprobleme ondervind, sal nog meer intensiewe emosies ervaar en openbaar. Dit is die tyd van onewewigtigheid, emosies word makliker opgewerk en die leerder sal met woede, intense vrees en onredelike jaloesie-uitbarsings reageer. Behalwe woede is ander emosies wat na vore kom, onder andere vrees, jaloesie, nuuskierigheid, vreugde en toegeneentheid. In die leerder se begeerte om sosiaal aanvaar te word, probeer hy

emosies beheer. Namate 'n leerder aanpas in sy nuwe omgewing sal daar moontlik ook minder emosionele uitbarstings plaasvind. Een van die grootste vrese wat deur primêre skoolleerders ervaar word, is dat hulle bang is om anders te wees of nie aanvaar te word nie en moontlik 'n mislukking te wees. Afrikaanssprekende leerders uit Suid-Afrika ervaar meestal die vrees dat hulle nie aanvaar sal word nie (Santana, 2000). Sodra hulle tot die besef kom dat elke leerder in die skool uniek is en nie een volmaak is nie, pas hulle gewoonlik makliker aan. Die onderwyser binne die primêre, privaatskole van Botswana moet ook altyd in gedagte hou dat emosies aansteeklik is. Die opgeruimde, hartlike onderwyser skep 'n klimaat waarin, en deur middel waarvan, die leerder met moontlike emosionele en ander aanpassingsprobleme se emosies in die gewenste rigting gestuur kan word.

2.3.1.5 SOSIALE ONTWIKKELING VAN DIE PRIMÊRE SKOOLKIND

Vriendskap is 'n noodsaaklike deel van 'n mens se kinderdae. Sulke vriendskappe is dikwels intens, maar kan van korte duur wees. Hulle ontwikkel dikwels vanweë gemeenskaplike gronde. Die eenvoudige praktyk van wisselwerking is noodsaaklik vir die aanleer van behoorlike sosiale gedrag en dit word op sy beurt bepaal deur die waardes en voorkeure wat tuis aangeleer word (Bender, 1998:50). Leerders uit Suid-Afrika wat negatief staan teenoor leerders van bepaalde nasionaliteite binne die primêre, privaatskole van Botswana kan baie moeiliker aanpas by hulle portuurgroep. Ouers moet heel dikwels hulle waardes en voorkeure tuis ook verander sodat leerders gehelp kan word om makliker aan te pas.

Sekere sosiale vaardighede wat noodsaaklik is om deur die bepaalde portuurgroep aanvaar te word, sluit onder die volgende in (Bender, 1998:51) :

- 'n Positiewe reaksie op die aktiwiteite en eise van die groep.
- 'n Hoë mate van kommunikasievaardigheid.
- Bekwaamheid in een of ander sfeer.
- Die vermoë om 'n vriendskap aan te knoop.

Onderwysers binne die primêre, privaatskole van Botswana, kan 'n groot bydrae lewer sodat leerders van verskillende nasionaliteite mekaar makliker aanvaar deur almal gelyk en regverdig te behandel en interaksie tussen verskillende groepe aan te moedig.

Die groot verskil tussen die laerskoolfase wat 'n leerder in Suid-Afrika sal volg en dié een wat hy in een van Botswana se primêre, privaatskole sal volg, is daarin geleë dat heelwat van die privaatskole in Botswana slegs ses laerskooljare het in teenstelling met die sewe van Suid-Afrika – met die uitsluiting van Graad 0 (*Reception*). Die tendens word veral gevind by skole waar een skool vanaf Graad 1 tot en met Matriek (*Standard 1 – Form 6*) strek. 'n Leerder wat dus een van dié skole besoek, sou dus ses laerskooljare gevolg deur ses hoërskooljare hê. Daar is egter skole waar Graad 7 steeds deel van die laerskoolfase is. Leerders wat egter Graad 7 doen is meestal plaaslike leerders wat beoog om weer op 'n stadium terug te keer na een van die Staatskole.

2.3.1.6 NORMATIEWE EN SEDELIK-RELIGIEUSE ONTWIKKELING VAN DIE PRIMÊRE SKOOLKIND

Volgens Bender (1998:51) dui die normatiewe ontwikkeling van die kind op gebeure waardeur hy beginsels, waardes en norme aanleer wat hom in staat stel om te onderskei tussen “korrekte” en “verkeerde” gedrag. Die kind se persoonlikheid, emosies en die gemeenskap en kultuur waarin hy leef, beïnvloed sy morele gedrag. Volgens Du Toit en Kruger (1996:131) is die vermoë om tussen reg en verkeerd te onderskei, 'n belangrike ontwikkelingstaak van die primêre skoolkind. Leerders uit Suid-Afrika gaan noodgedwonge deur die gemeenskap waarin hulle, hulle in Botswana bevind, beïnvloed word, hetsy dit positief of negatief is. Deur die korrekte hulp en ondersteuning van hulle ouers, behoort hulle steeds tussen “reg” en “verkeerd” te kan onderskei en gesag te aanvaar (Vergelyk 2.2.4.1).

Wat die sedelik-religieuse ontwikkeling van die primêre skoolkind betref, soek hy na vaste, onveranderbare reëls wat letterlik opgeneem kan word en hou hy vas aan bepaalde gedragskodes, byvoorbeeld dat jy nie mag steel, jok, afkyk, ensovoorts nie. Dit is vir hom baie belangrik dat almal dieselfde behandeling ontvang. Leerders uit Suid-Afrika wat hulle skielik in 'n internasionale onderwysomgewing in Botswana bevind moet gelei word om steeds bepaalde gedrag, wat nie in hulle bepaalde kultuur aanvaarbaar is nie, te vermy. Leerders moet duidelik laat verstaan word dat wat in een kultuur aanvaarbaar is, nie noodwendig in 'n ander kultuur aanvaarbaar is nie. Hier speel die ouers van sulke leerders sowel as die onderwysers in die internasionale skole 'n baie belangrike rol (Vergelyk 2.2.2.4).

Teen ongeveer agtjarige ouderdom, ontwikkel die leerder sedelike bewustheid en begin hy 'n groot belangstelling in Godsdien's toon. Tydens die eerste drie skooljare beskik God nog volgens die kind oor menslike eienskappe. Hy word gesien as 'n uiters magtige wese aan wie hy en ook sy ouers gehoorsaamheid moet bewys. In die meeste privaatskole in Botswana word geen vorm van godsdien's aangehang nie. Die enigste skole wat wel godsdien's beoefen, is bepaalde Christen- of Moslem-skole. Hier speel die ouers en die kerk 'n daadwerklike rol om die kinders steeds godsdienstig te onderrig, sou hulle dit so verkies (Vergelyk 2.6).

Volgens Du Toit en Kruger (1996:132) neem die belangstelling in godsdien's vanaf Graad 7 af. As daar nie nou reeds bepaalde waardes en norme aan die kind voorgehou is nie, is die kans gering dat dit steeds gedoen kan word. Weens die uiters multikulturele aard van die primêre- sowel as sekondêre privaatskole in Botswana en die feit dat geen vorm van godsdien's in skole beoefen word nie, kan die rol van die ouerhuis en selfs kerk nie genoeg beklemtoon word in die sedelik-religieuse ontwikkeling van veral die primêre skoolkind nie.

Daar sal voorts aan die ontwikkelingsfasies van die adolessent aandag gegee word.

2.3.2 DIE PUBERTEITS- OF ADOLESSENSIEJARE (ongeveer 13-18 jaar)

In die literatuur word dikwels die terme puberteit en adolessensie aan die drumpeltydperk tussen kind-wees en volwasse-wees gekoppel. Die woord adolessensie is afgelei uit die Latynse woord *adolescere* wat "om te groei" of "om in volwassenheid te groei" beteken (Engelbrecht, Kok en Van Biljon, 1989:72).

Skutnabb en Cummings (1990:154), wat adolessensie as 'n oorkoepelende term vir die ontwikkeling in die jeugjare sien, maak die volgende indeling:

□ VROEË ADOLESSENSIE (JUNIOR HOËRSKOOLJARE)

Hierdie tydperk word grootliks gekenmerk en gedomineer deur die sogenaamde "growth spurt" en deur fisiese en seksuele rypwording.

□ **MIDDEL ADOLESSENSIE (SENIOR HOËRSKOOLJARE)**

In hierdie tydperk is jeugdige hoofsaaklik besig om geestelik (psigies) onafhanklik van hulle ouers te word en om heteroseksuele verhoudings te leer hanteer.

□ **LAATADOLESSENSIE**

Hierdie lewens tydperk begin gewoonlik in die laaste skooljare en hou aan totdat jongmense 'n redelik duidelike en konstante sin van persoonlike identiteit verwerf het. Dit is ook die tydperk waartydens die kind homself verbind tot redelik definitiewe sosiale rolle, waardesisteme en lewensdoeleindes.

Ouers vrees dat hulle kinders vanweë groepsdruk betrokke mag raak by onaanvaarbare sosiale en kulturele aktiwiteite en praktyke. Dit is nie die waardebevestiging as sulks wat verskil nie, maar wel menings oor wanneer die puber sekere dinge mag doen al dan nie (Viljoen, 1993:44).

Die puber is veral krities ingestel teenoor die norme en waardes van volwassenes – die doel, sin en relevansie daarvan vir sy eie lewe word bevraagteken. Die soektog na identiteit affekteer al die verhoudings van die puber – bande met die ouers maak toenemend plek vir belangstelling in die portuurgroep. Die portuurgroep waarby die puber in Botswana sal inskakel kan die ouers van die leerders bekommerd laat. Een van die redes hiervoor kan onder andere wees dat daar leerders van ander rasse en kulture betrokke kan wees. As die ouers nie vertrou met 'n bepaalde kultuurgroep of ras is nie, kan dit hulle ongemaklik laat voel. Die ouers se gesindheid ten opsigte van hulle medemens, gesag, waardes en norme moet van so 'n aard wees dat hulself konstruktief betrokke is by veranderinge in die samelewing tussen Suid-Afrika en Botswana, nie daardeur oorspoel word nie en in beheer is daarvan. Hulle verhouding moet getuig van 'n positiewe uitgaan na die medemens (Viljoen, 1993:45). Die opvoedingstyl van die ouers kan hier 'n groot invloed hê (Vergelyk 2.4).

Sosialisering bly primêr die taak van die huisgesin. Kinders en ouers het tyd nodig om saam te werk, saam te speel en somer by mekaar te wees en soveel te meer as hulle hulself skielik in 'n nuwe land, in die geval Botswana, bevind. Dit is egter ook nodig dat ouers en kinders tyd weg van mekaar het sodat die kind sy eie privaat gedagtes kan bedink, sy lewe kan ontdek en die waarde van sy lewe kan bepaal. Met hulle aankoms in Botswana sal die gesin in die eerste paar maande egter heel moontlik baie meer geheg raak aangesien dit vir almal 'n

nuwe ervaring sal wees (Santana, 2000). Dit is nodig dat kinders moet weet dat as hulle siek is, hulle versorg word, dat hulle die sekuriteit van 'n ouerhuis het, dat hulle geklee sal word, die vooruitsig het tot 'n goeie beroep en goeie skole sal hê waar hulle kan leer (Molnar, 1989:89).

Daar word deur Havighurst (1972:43-82) en Pretorius (1994:113-122) agt ontwikkelingstake by die adolessent onderskei. Daar sal vervolgens hieraan aandag gegee word en in verband gebring word met leerders wat hulle in Botswana bevind.

2.3.2.1 IDENTITEITSVERWERWING

Dit kan gesien word as die basiese ontwikkelingstaak tydens adolessensie. Die kind, en soveel te meer leerders uit Suid-Afrika wat hulle skielik in 'n nuwe land en nuwe onderwyssituasie bevind, begin vrae vra soos: "Wie is ek en waar pas ek in?". Die adolessent wat hom in Botswana bevind sal antwoorde op die vrae meestal by sy ouerhuis en skool vind. In die skoolsituasie waar hy met leerders van oor die hele wêreld in aanraking kom, aangesien al die privaatskole internasionale skole is, sal die portuurgroep waarin die leerder hom bevind kan help om antwoorde op sy vrae te kry. Die meeste van dié leerders worstel moontlik met dieselfde vrae. Hy soek na sin in sy lewe en soek sowel na persoonsidentifikasie as normidentifikasie (Van Niekerk; Santana, Simoneaux, 2001).

2.3.2.2 DIE VERWERKLIKING VAN NUWE EN MEER VOLWASSE VERHOUDINGE MET LEEFTYDGENOTE VAN BEIDE GESLAGTE

Tussen leerders van sy eie geslag, ongeag kultuur- en moontlik rasse verskille, sal die kind leer om selfstandig te wees. Tussen leerders van die teenoorgestelde geslag sal hy leer van sosiale vaardighede, met ander woorde sosiale ontwikkeling. Die adolessent wat hom in Botswana bevind moet, soos wat die geval in enige ander land is, wil (Santana, 2000) :

- 'n Aanvaarbare lid word van een of meer groepe leeftydgenote binne die internasionale skool waarin hy hom bevind.
- Vriendskappe met beide geslagte, ongeag ras of kultuur aanknoop en handhaaf.

- Met 'n nooi/kêrel uitgaan en sosiale situasies gemaklik hanteer. Vir die leerder wat hom in Botswana bevind sal nooi/kêrel situasies waar beide van verskillende ras en nasionaliteit is, nie ongewoon wees nie.
- Ervaring met liefdesverhoudings hê.
- Aanpassing by leeftydgenote in die nuwe internasionale skool, buurt, gemeenskap en Botswana as land hê.
- Sosiale vaardighede ontwikkel, bv. konflikthantering en besluitneming wat tydens die eerste paar maande na sy aankoms in Botswana heel moontlik aan die orde van die dag sal wees.

2.3.2.3 VERVULLING VAN 'N MANLIKE / VROULIKE SOSIALE ROL

Die seun moet aanvaar hy word 'n man en dogter moet aanvaar sy word 'n vrou en moeder. Die adolessent moet leer wat manlikheid/vroulikheid binne sy eie Afrikanerkultuur behels. Hy moet verder vertrouwd raak met die ander kulture in die internasionale skole in Botswana en wat in die toekoms, selfs na hy weer Botswana verlaat, van hom verwag kan word (Simoneaux, 2001). Leerders moet besef dat die rol van die man en vrou nie noodwendig dieselfde in ander kulture as sy eie is nie.

2.3.2.4 AANVAARDING EN DOELTREFFENDE GEBRUIK VAN DIE EIE LIGGAAM

Die adolessent moet sy “nuwe” veranderende liggaam aanvaar. Hy moet leer om liggaamlike verskille tussen homself en leeftydgenote van ander kulture waarmee hy in aanraking gaan kom, van dieselfde en teenoorgestelde geslagte as normaal te aanvaar. Die adolessent sal leer om na sy eie liggaam ten opsigte van gesondheid en optimale ontwikkeling om te sien om sodoende deur ander aanvaar te word. Hy sal voorts sekere fisiese vaardighede, wat nodig is in 'n verskeidenheid van ontspannings-, sosiale en gesinssituasies aanleer. Daar sal dikwels 'n innerlike stryd ontwikkel tussen fisiese puberteit en psigiese puberteit. Dit word teweeg gebring deur die feit dat die fisiese liggaam moontlik nie so vinnig soos die brein ontwikkel nie, of anders om.

2.3.2.5 VESTIGING VAN EMOSIONELE ONAFHANKLIKHEID VAN OUIERS EN ANDER VOLWASSENES

Die adolessent is op 'n ouderdom waar hy moet leer om selfstandig te wees en self te besluit. Dikwels ontwikkel konflik tussen die adolessent, wat hom in een van die internasionale skole in Botswana bevind, en sy ouers en daar is hoofsaaklik twee faktore wat daartoe aanleiding gee naamlik (Perry, 2001) :

- Die generasiegaping as gevolg van snelle maatskaplike verandering waar die adolessent sy ouers as “outyds” sien, veral as hy met verskillende kulture in aanraking kom, waar kinders hulle ouers moontlik heel anders hanteer. Leerders uit Europa en Amerika is dikwels baie minder gedissiplineerd en baie meer liberaal as leerders uit Suid-Afrika (Simoneaux, 2001) en hulle sal noodgedwonge met mekaar in die internasionale skoolsituasie in aanraking kom. Leerders uit Suid-Afrika kan dan moontlik in opstand kom teen hulle “te streng ouers” wat tot konflik kan lei.
- Ouers se oorbeskerming met hulle aanvanklike aankoms in Botswana. Ouers vergeet heel dikwels dat die adolessent, ten spyte van nuwe aanpassings op sosiale en kulturele gebied, steeds sy vryheid nodig het.

2.3.2.6 VOORBEREIDING VIR HUWELIJS- EN GESINSLEWE

Die adolessent moet 'n eie, verantwoordelike, gepaste houding en beeld van die huwelik- en gesinslewe ontwikkel. Hy moet die verantwoordelikhede en voorregte van gesinslidmaatskap geniet en moet leer om tussen verliefdheid en liefde te onderskei. Hy moet bevredigende ek-jy-verhoudinge ontwikkel deur met 'n nooi/kêrel uit te gaan. Weer eens sal sulke verhoudings in Botswana as gevolg van die multikulturele aard van die skoolsituasie dikwels oor die kultuur- en rassegrens ontwikkel, wat nie altyd die goedkeuring van die ouers sal wegdra nie en ook moontlik tot verdere konflik sal lei (Sisco, 2001).

2.3.2.7 VOORBEREIDING VIR 'n LOOPBAAN EN FINANSIËLE SELFSTANDIGHEID

Aangesien die adolessent hom gereed moet begin maak vir 'n loopbaan en finansiële selfstandigheid moet hy basiese kennis en vaardighede verwerf. Hy moet begin om 'n sekere beroep, volgens sy eie belangstellers en moontlikhede, te oorweeg. Hy moet 'n eie waardestelsel en ideologie ontwikkel en dit sluit nou aan by sy identiteitsverwerking.

In die internasionale skole van Botswana het die leerders soveel meer geleenthede wat betref buitelandse studies, aangesien internasionaal erkende eksamens soos die Amerikaanse "SAT's" en Britse *Cambridge* Eksamens of selfs "I.B." eksamens afgelê word (Carlile, 2001)(Vergelyk 2.2.1.2). Baie leerders uit Suid-Afrika kom vir die eerste keer agter dat hulle na skool nie noodwendig in Suid-Afrika hoef te gaan studeer nie, maar dat 'n internasionaal erkende skoolsertifikaat vir hulle soveel meer deure oopmaak. Dit help heel dikwels dat leerders makliker aanpas aangesien hulle tot die besef kom dat die internasionale skole van Botswana vir hulle soveel meer geleenthede kan bied deur aan hulle 'n internasionaal erkende skoolsertifikaat te besorg (Simoneaux, 2001).

2.3.2.8 STREWE NA EN VERWERKLIKING VAN SOSIAAL VERANTWOORDELIKE GEDRAG

Dit sluit die aanvaarding van maatskaplike verpligtinge en gemeenskapsverbondenheid en die verwerwing van 'n volwasse sin vir waardes en etniese kontrole in. Die leerder leer om vaardig te kommunikeer, in die geval in Engels, aangesien al die internasionale skole se voertaal Engels is, en ontwikkel konsepte met betrekking tot die regering en ekonomie van Botswana en Suid-Afrika en heel moontlik die van ander lande met wie se leerders hy in aanraking kom (Els, 2000).

2.3.3 OPVOEDKUNDIGE IMPLIKASIES TEN OPSIGTE VAN DIE ADOLESENT SE TOTALE ONTWIKKELING

Sekere fisieke-, kognitiewe-, affektiewe- en sosiale ontwikkeling sowel as normatiewe en sedelik-religieuse ontwikkeling vind by die adolessent plaas. Daar sal vervolgens kortliks hieraan aandag gegee word. Die adolessent wat hom in Botswana bevind, sal dit nie noodwendig anders beleef nie, maar dit heel moontlik meer intens ervaar aangesien hy homself sal wil bewys ten einde deur sy portuurgroep aanvaar te word (Els, 2000). Die ouers en onderwysers van die

adolescent moet hiermee rekening hou ten einde hulle beter te kan ondersteun tydens dié fase van hulle lewe (Greer, 2000:5).

2.3.3.1 FISIEKE ONTWIKKELING

Volgens Gouws en Kruger (1994:40-42) is daar sekere fisiese ontwikkelings wat tydens adolessensie plaasvind. Greer (2000:8) maak die stelling dat leerders wat “kultuurvreemd” is die verandering in sy fisiese ontwikkeling baie meer intens en persoonlik sal ervaar. Met “kultuurvreemd” bedoel Greer (2000:7), leerders wat hom in 'n bepaalde kulturomgewing bevind wat anders is as sy eie kultuur, agtergrond en geskiedenis.

□ VERSNELLING IN GROEI TYDENS ADOLESSENSIE

Die volwassenes in die lewe van die adolescent moet sensitief wees en empatie toon vir die adolescent se gevoelens van onsekerheid, spanning en buierigheid wat veroorsaak word deur snelle fisieke en hormonale veranderinge.

□ SEKSUELE ONTWIKKELING

Die volwassenes moet die adolescent begelei deur die nodige korrekte inligting ten opsigte van seksuele ontwikkeling, seksueel verantwoordelike gedrag en verwante sake aan hom te verskaf.

□ MOTORIESE ONTWIKKELING

Verskillende adolessente se fisieke ontwikkeling en gepaardgaande lompheid sal van mekaar verskil. Die adolescent moet verseker word dat die lompheid net tydelik van aard is.

□ VROEË EN LAAT ONTWIKKELING

Daar moet begrip wees vir die feit dat adolessente teen verskillende tempo's ontwikkel. Dogters ontwikkel vinniger as seuns en dit moet in die gesins- sowel as klassituasie in die internasionale skole in gedagte gehou word.

□ PERSEPSIE VAN SY EIE LIGGAAM

Die uniekheid en innerlike skoonheid moet baie beklemtoon word. Aangesien die leerders in die privaatskole van Botswana uit soveel verskillende kulture afkomstig is, sal elkeen se persepsie van skoonheid verskil. Wat vir die een kultuurgroep mooi en aanvaarbaar is, kan deur 'n ander kultuurgroep as minder aanvaarbaar beskou word. Die onderwysers en ouers van die leerders moet op die uitkyk wees vir selfkritiek wat kan lei tot emosionele probleme. Vir leerders in Botswana se privaatskole is die druk soveel meer om in te skakel aangesien daar soveel kulture in 'n klaskamer saamgegroeper is en daarom behoort hulle baie ondersteuning kry om hulle met hulle aanpassing te help.

□ PERSOONLIKE HIGIËNE

Daar moet 'n voorbeeld vir die adolessent gestel word en persoonlike higiëne moet ingeskerp word. Weer eens kan probleme ontstaan aangesien verskillende kulture verskillende sienings ten opsigte van higiëne openbaar. Die personeel moet leerders inlig en help om ander kulture se sienings te respekteer.

Onlangs was daar 'n situasie waar leerders die spot gedryf het met twee leerders afkomstig uit China. Die ander leerders in die klas het gesê dié spesifieke twee leerders stink en bad seker nooit en ruik boonop heeltyd na knoffel. Die personeel het die situasie swak hanteer en die gevolg was 'n vuisgeveg waar een van die leerders kwaai aangerand is. Met verdere ondersoek na wat presies tot die situasie aanleiding gegee het, is vasgestel dat die twee leerders uit China weer presies dieselfde oor die ander leerders in klas voel, naamlik dat hulle nie lekker ruik nie. Sou al die leerders, met die eerste tekens van probleme tussen die verskillende kulture, aangespreek geword het, kon die vuisgeveg heel moontlik vermy word. Nadat die skoolhoof met beide groepe gepraat het en hulle mekaar se gebruike beter verstaan het, heers daar nou heelwat meer wedersydse respek tussen die leerders (Sisco, 2001).

□ GESONDE LEWENSTYL

'n Gesonde lewenswyse moet beklemtoon word en hulle moet aangemoedig word om genoeg oefening te kry, gesonde gebalanseerde eetgewoontes te handhaaf en daar moet genoeg tyd vir rus en ontspanning wees. Aangesien die meeste privaatskole reeds 7:00 in aanvang neem en eers teen 15:00 sluit, word alle buitemuurse aktiwiteite in skooltyd afgehandel. Die beoefening van een of meer sportsoorte is verpligtend om te kan slaag en daarom word die leerders

deur die kurrikulum gedwing om aan bepaalde oefening deel te neem. Anders as wat die geval in Suid-Afrika is, is Liggaamsopvoeding 'n vak waarvoor punte toegeken word. Sou 'n leerder nie genoeg punte kry nie, kan hy selfs die standaard drui. 'n Groot gedeelte van die finale punt bestaan egter uit deelname en houding. 'n Leerder hoef dus nie fisies die beste atleet te wees om goeie punte te behaal nie. Leerders wat nie fisies so aktief was nie se aanpassing kan hierdeur vertraag en moontlik bemoeilik word. Middagetes word ook deur die meeste skole verskaf en sodoende kry die leerders daagliks 'n gebalanseerde ete.

□ **VROEË SEKSUELE AKTIWITEITE**

Leerders moet gewaarsku word teen die nadelige gevolge van vroeë seksuele aktiwiteite wat seksueel oordraagbare siektes en ongewenste swangerskappe tot gevolg kan hê. Weens die hoë besmetting van *HIV* in Botswana bied die meeste skole die vak "*Cross Roads*" aan. Die vak word "*Cross Roads*" genoem aangesien die kind op sy pad na volwassenheid met baie afdraai paaie, party van hulle goeie paaie en ander slegte paaie, te doen gaan kry. Dit is die taak van die ouer en onderwyser om te verseker dat die kind die regte paaie kies. Die vak is 'n tipe van persoonsopvoeding waar die leerders oor alle aspekte van die lewe ingelig word (Perry, 2000).

□ **ALKOHOL- EN DWELMMISBRUIK**

Adolessente sal altyd eksperimenteer. Hulle moet gewaarsku word teen die gevaar van alkohol- en dwelmmisbruik. Leerders uit Suid-Afrika wat sukkel om in te skakel en aanvaar te word, kan moontlik met dwelms begin eksperimenteer met die hoop om sodoende deur hulle portuurgroep aanvaar te word. Verskeie van die internasionale, privaat, sekondêre skole sukkel met alkohol- en dwelmmisbruik aangesien dit baie maklik bekombaar is (Simoneaux, 2001). Die polisie van Botswana werk baie nou met die skole saam deur gereeld die skole te besoek en praatjies te hou ten einde die probleem te help bekamp.

2.3.3.2 KOGNITIEWE ONTWIKKELING

Volgens Gouws en Kruger (1994:70-72) moet daar in gedagte gehou word dat alle adolessente van 'n bepaalde ouderdom nie op dieselfde kognitiewe vlak van ontwikkeling is nie. Soms is hulle in staat om formele denkhandelinge te toon, net om later weer terug te keer na die fase van konkrete handelinge. Verskeie personeel met wie onderhoude gevoer is, was dit eens dat verskillende

kultuurgroepe se adolessente, van dieselfde ouderdom, nie op dieselfde kognitiewe vlak van ontwikkeling is nie (Santana, Simoneaux, Sisco, 2000). Volgens die personeel is die grootste oorsaak hiervan die feit dat verskillende kulture hulle kinders verskillend opvoed en gevolglik verskillende waardes en norme het.

Onderwysers moet die leerders se onderrig so beplan om handeling vanaf die konkrete tot die abstrakte vlak in te sluit deur die gebruik van interessante studiemateriaal en verder gebruik te maak van ontdekkende leer en verbale interaksie te skep. Sodoende sal daar voldoende geleentheid wees vir sosiale interaksie tussen adolessente. Personeel in die internasionale skole van Botswana se taak is soveel groter aangesien hulle leerders met verskillende kognitiewe vlakke sowel as uiteenlopende kulture moet lei na ontdekkende leer (Simoneaux, 2000).

'n Probleem wat baie internasionale, privaatskole in Botswana ondervind, is dat daar nie werklik 'n gestandaardiseerde I.K. toets beskikbaar is, wat gebruik kan word nie. By die toetrede tot 'n skool word daar bloot 'n toelatingseksamen aan die leerders gegee wat bloot net toets wat hulle weet. Meeste leerders word baie benadeel aangesien die toets soms werk bevat wat nog nie gedoen is nie en dan lyk dit of die leerder 'n akademiese agterstand het, wat gewoonlik nie die geval is nie. Leerders uit Suid-Afrika word veral hierdeur geraak aangesien die meeste kurrikulums wat in die internasionale skole gevolg word in die nagenoeg twee jaar meer gevorderd as dié van Suid-Afrika is (Vergelyk 2.2.1.1 en 2.3.1.1).

Die bogemiddelde leerder vaar goed terwyl die gemiddelde en swak leerder benadeel word. Dit kan veral by die adolessent lei tot selfbeeld en verdere aanpassingsprobleme.

2.3.3.3 AFFEKTIEWE ONTWIKKELING

Volgens Gouws en Kruger (1994:104-108) moet daar belangstelling in die adolessent getoon word, hy moet aanvaar en vertrou word om by te dra tot sy /haar persoonlikheidsontwikkeling. Terwyl die adolessent soek na sy eie identiteit en onafhanklikheid, moet 'n goeie interpersoonlike verhouding gehandhaaf word en daar moet begrip vir sy probleme wees. Die adolessent wat na Botswana verhuis het, kan probleme ontwikkel wat vir die ouers as sinneloos en selfs kinderagtig mag voorkom (Greer, 2000:33). Van die probleme sluit onder andere in :

- die medium van onderrig,

- die inkorporering van nuwe vakke,
- meer gedetailleerde en veeleisende kurrikulums,
- kleiner klasse waar geen leerders ongemerk gaan nie en
- die inskakeling by nuwe portuurgroepe.

Daar is ook verskeie ander aanpassingsprobleme wat 'n invloed op die akademiese prestasie van Afrikaanssprekende leerders in een van Botswana se privaatskole kan hê, wat meer volledig in Hoofstuk 3 bespreek sal word.

Miffie Greer (2000:35), voorsitter van (*A.I.S.A.*), "*Association of International School in Southern Africa*", voer aan dat leerders groter probleme sal ondervind in lande waar daar meer rasse en kultuurverskille is as byvoorbeeld tussen een Westerse land en 'n ander. Al lyk die probleme vir die ouers van die leerders sinneloos en kinderagtig, moet daar besef word dat hulle vir die adolessent werklik is.

Volgens Greer (2000:45) kan die adolessent in Botswana, soos in enige ander plek in die wêreld, gelei word om 'n eie identiteit te ontwikkel deur hom :

- Genoeg vryheid te gee om self keuses te maak en met rolle te eksperimenteer.
- Te help om 'n realistiese selfkonsep te vorm.
- Te help om homself te aanvaar met sy goeie sowel as swak punte.
- By te staan by die verwerping van 'n gepaste geslagsrol, beroeps- en etniese identiteit.

Die adolessent moet gemotiveer word om die beste te bereik waartoe hy in staat is. Die standaard in die privaat, sekondêre skole van Botswana is geweldig hoog en die adolessent moet gehelp word om sy beste te doen, al behaal hy swakker punte aan die begin, as wat hy in Suid-Afrika behaal het.

Die adolessent sal in opstand kom teen sy omstandighede en aggressie toon. Die adolessent wat hom skielik in Botswana bevind, sal heel moontlik meer in opstand kom as gevolg van al die veranderinge wat hom skielik in die gesig staar (Santana, Els, Van Niekerk, Simoneaux, 2001). Die drie vernaamste veranderinge wat die adolessent wat na Botswana verhuis in die gesig sal staar, sluit onder andere in :

□ **WOONPLEK**

Die adolessent in Botswana sal moet aanvaar dat hy heel moontlik in 'n swakker woonbuurt of selfs huis sal moet bly. Dit kan moontlik vir hom minder geriewe en selfs privaatheid beteken. Behuising in Botswana is buitengewoon duur en sal afhang van die pakket wat sy ouers van hulle werkgewer ontvang. Geen middelklas huis kan vir minder as P3 500-00 gehuur word nie (\pm R5 500-00).

□ **SKOOL**

Die skool waarin hy hom skielik bevind bied heel moontlik ander vakke aan as waaraan hy gewoon is en selfs ander buitemuurse aktiwiteite. Hy sal noodgedwonge veranderinge moet aanvaar. Die keuse van 'n betrokke skool is ook van groot belang (Vergelyk 3.3.5).

□ **PORTUURGROEP**

Leerders wat uit tradisioneel blanke skole afkomstig is, mag dit moeilik vind om skielik langs ander kultuurgroepe in dieselfde klas te sit. Dit neem die meeste van dié leerders 'n redelik tyd om hieraan gewoon te raak. Alhoewel dit oor die afgelope aantal jare dramaties in Suid-Afrika verander het, is Afrikaanssprekende, en selfs blanke leerders, steeds in die minderheid in die privaatskole van Botswana.

Daar is bepaalde maniere om aggressiewe adolessente te hanteer. As die personeel en ouers van dié leerders in die internasionale skole van Botswana egter die bron van die aggressie kan bepaal, kan hulle leer om dié betrokke leerders beter te hanteer. Die volgende kan deur die personeel en ouers van sulke leerders in gedagte gehou word :

- aggressie moet nooit met aggressie beantwoord word nie,
- tree ferm op sonder fisiese strafmaatreëls,
- hanteer die adolessent as 'n individu en openbaar geduld en simpatie,
- laat tyd toe dat gevoelens kan afkoel en
- erken die adolessent se behoefte aan 'n eie identiteit en keusevryheid.

As gevolg van faktore soos geslags- en hormonale veranderinge, groepsdruk, 'n soeke na 'n eie identiteit en emosionele skommelings kan die adolessent dikwels interne en eksterne konflik ervaar wat kan lei tot emosionele uitbarstings. Die adolessent wat hom skielik in 'n vreemde land, skool en omgewing bevind, sal heel moontlik baie meer emosionele uitbarstings beleef en moet deur sy ouers en onderwysers verstaan en aanvaar word en gelei word om homself te vind.

2.3.3.4 SOSIALE ONTWIKKELING

Volgens Gouws en Kruger (1994:138-143) moet 'n balans gehandhaaf word tussen die beskerming van die adolessent en die toelating van vryhede. Die ouers van leerders wat hulle vir die eerste keer in Botswana bevind, sal aan die begin heel moontlik oorbeskermend optree, wat later kan lei tot 'n vertraging in die ontwikkeling en selfvertroue van die adolessent (Santana, 2000). Die rede vir die oorbeskerming is meestal gegrond op die feit dat ouers bang is vir verkeerde invloede van ander kulture (Els, 2001) 'n Demokratiese opvoedingstyl is wenslik waar positiewe kommunikasie en betekenisvolle verhoudings tussen die ouer en die adolessent bevorder word (Vergelyk 2.4.5).

Ouers en onderwysers van leerders in Botswana kan van die volgende riglyne gebruik maak om kommunikasie met die adolessent te bevorder (Greer, 2000:51) :

- Stig 'n klimaat van aanvaarding van die verskillende kultuurgroepe binne die skool sowel as aanvaarding deur ouers en onderwysers.
- Spreek die adolessent altyd op 'n hoflike manier aan.

- Moet nooit die adolessent beledig of verneder nie.
- Gee onverdeelde aandag as die adolessent praat en probeer sy standpunt insien.
- Moenie sekere temas uitsonder as te sensitief om oor te praat nie.
- Moedig die adolessent aan om sy denke en idees te toets en moenie 'n oordeel fel nie.
- Bou die adolessent se selfkonsep en selfvertroue op deur hom aan te moedig om aan besprekings deel te neem.
- Onthou altyd dat dit normaal vir die adolessent is om volwassenes se menings te bevraagteken aangesien dit deel vorm van identiteitsverwerwing.

Vir ouers van adolessente uit Suid-Afrika wat hulle in Botswana bevind, is dit dikwels moeiliker om die multikulturele aard van die gemeenskap te aanvaar as vir die leerders self. Die ouers kom meestal uit die sogenaamde “ou skool” waar daar steeds geglo word dat verskillende kulture apart moet woon, skoolgaan en leef (Botha, 2001)(Vergelyk 2.2.4.1).

Die “*Children of the Earth*” projek in die Sentrale Kgalagadi Wildtuin in Botswana was 'n projek wat geloods is vir die kinders en families van die Basarwa stam. Dié mense se tradisionele grond is onder groot bedreiging. Die hele projek was daarop gemik om mense bewus te maak van die kulturele en sosiale gevolge wanneer mense uit hulle bekende omgewing verhuis (Vedder, 1996:10).

'n Soortgelyke projek “*Children from Outside*” is deur 'n student van die Universiteit van Botswana onderneem om die impak van sosiale en kulturele aanpassing op immigrante kinders te beklemtoon (Osarenrun, 1999:13). Osarenrun (1999:20) beklemtoon die feit dat leerders wat aanvanklik onderrig in 'n tradisionele mono-kulturele onderwysomgewing en in hulle moedertaal ontvang het baie moeiliker aanpas as leerders wat aan 'n multikulturele onderwysomgewing gewoond is en reeds onderrig in 'n taal anders hulle moedertaal ontvang het. Hy beklemtoon verder dat die aanpassing van sulke

leerders nie verstaan kan word as die hele kwessie van multikulturele onderwys nie verstaan word nie (Vergelyk 2.2.2).

2.3.3.5 NORMATIEWE EN SEDELIK RELIGIEUSE ONTWIKKELING

Volgens Gouws en Kruger (1994:191-192) moet adolessente begelei word om 'n morele waardestelsel te vestig deur geleenthede te skep waar hulle moreel kan ontwikkel en ouers en onderwysers moet self 'n navolgingswaardige voorbeeld stel.

Ouers en onderwysers moet bewus wees van die adolessent se religieuse twyfel wat hy mag ervaar en leiding moet in die verband verskaf word.

Die tipe opvoeding wat 'n leerder by sy ouers ontvang kan 'n bydraende rol speel as die leerder skielik in 'n totaal nuwe omgewing moet aanpas. 'n Leerder wat byvoorbeeld heeltemal negatiewe invloede van sy ouers ten opsigte van ander kulture ervaar, sal baie moeiliker in 'n multikulturele skool aanpas as 'n leerder wat positief deur sy ouers beïnvloed word.

Daar sal vervolgens kortliks na 'n paar opvoedingsstyle gekyk word en hoe dit kan bydra tot aanpassing al dan nie van Afrikaanssprekende leerders in Botswana se internasionale, multikulturele privaatskole.

2.4 OPVOEDINGSTYLE

Gedurende die vroeë kinderjare oefen die gesin 'n dominante invloed uit op die kind se ontwikkeling. Ouers wil hê hulle kinders moet groei tot sosiale rypheid en voel dikwels gefrustreerd met hulle rol as ouers.

Die verhouding tussen die ouer en die kind word beïnvloed deur die ouer se styl van outoriteit. Metodes van opvoeding kan in drie groepe verdeel word, naamlik die outokratiese, permissiewe en demokratiese gesin (Seifert, 1987:405). Pretorius (1998:63) onderskei tussen twee basisdimensies van opvoeding binne die gesinsituasie naamlik die warmte-dimensie en die dominansie-dimensie. Die warmte-dimensie kan gesien word as die horisontale afstand tussen ouer en kind en die dominansie-dimensie as die vertikale afstand tussen ouer en kind. Angenent (1985:87) onderskei in teenstelling met Seifert (1987:405) tussen nege opvoedingsstyle.

Die verskillende opvoedingsstyle kan op 'n besonderse wyse bydrae tot die kind se sosiale ontwikkeling maar kan ook bydrae tot die besluit van óf die ouer, óf die kind óf albei om saam met hulle ouers na Botswana te verhuis, of in Suid-Afrika

agter te bly. Sou die kind wel saam na Botswana verhuis, kan die ouer se houding en invloed vanweë sy opvoedingstyl moontlik 'n bydraende rol speel as dit kom by aanpassing van die kind in die nuwe onderwysomgewing al dan nie.

Daar sal vervolgens kortliks na die nege opvoedingstyle van Angenent (1985:87) gekyk word en aangedui word hoe 'n betrokke opvoedingstyl van die ouers 'n kind se aanpassing by sy nuwe onderwysomgewing in Botswana kan beïnvloed.

2.4.1 WARM OPVOEDING

By die tipe opvoeding is die ouer baie liefdevol teenoor die kind. Hy aanvaar die kind net soos hy is, met al sy mislukkinge en tekortkominge en staan sensitief met betrekking tot die kind se behoeftes, probleme, gevoelens en wense. Die kind ontvang baie liefde en aanvaarding en dit dra daartoe by dat die kind 'n positiewe selfkonsep vorm (Pretorius, 1998:65).

Ouers met die tipe opvoedingstyl sal te alle tye poog om die beste vir sy kind te doen. Die besluit om die kind saam na Botswana te laat verhuis al dan nie, sal heel moontlik deur die ouer en kind saam geneem word. Die tipe ouers sal nie maklik hulle kind agterlaat nie maar sal, as dit volgens hulle, die beste vir die kind sal wees. Die tipe ouer sal poog om sy kind positief in te stel teenoor alle ander kulture, sou hy besluit om die kind in een van die privaatskole van Botswana in te skryf en verder ondersteun in terme van aanpassingsprobleme wat ondervind mag word.

2.4.2 KOUE OPVOEDING

By die tipe opvoeding staan die ouer liefdeloos, vyandig en verwerpend teenoor die kind. Die ouer is ongevoelig ten opsigte van die kind se behoeftes en gevoelens en stel dikwels te hoë eise en verwagtinge aan die kind (Pretorius, 1998: 66).

Ouers wat die tipe opvoedingstyl openbaar sal verkies om die kind agter te laat en dit sien as 'n tipe ontvlugting. Dié kind sal dit ook verkies om agter te bly aangesien hy kan voel hy sal kan wegkom van sy ouers se hoë eise. Aan die ander kant, sou die kind wel saam met sy ouers na Botswana verhuis, sou die betrokke ouer geen bydraende faktor speel by die kind se aanpassing in die multikulturele, privaatskole van Botswana nie.

2.4.3 DOMINANTE OPVOEDING

By die tipe opvoedingstyl wil die ouer die kind in al sy handeling oormatig domineer, oorheers, kontroleer en korrigeer. Die tipe ouer help die kind te veel en bemoei hom te veel met die kind en dié se doen en late. Met sy streng houding word die kind tot blinde gehoorsaamheid gedwing sonder teenspraak. Die kinders het dikwels 'n lae selfkonsep en hy kan voel hy is hulpeloos en beskou homself as minderwaardig (Pretorius, 1998:68).

By die tipe opvoedingstyl sal die ouer alleen die besluit neem of 'n kind saam na Botswana moet verhuis, of nie. Die kind sal geen sê in die besluit hê nie. Die ouer sal verder ook besluit, sou die kind saam na Botswana verhuis, met watter kulture en rasse hy mag meng en met watter nie. Dié kind wat uit die betrokke ouerhuis kom, sal teruggetrokke wees en nie maklik inskakel en aanpas nie.

2.4.4 TOEGEEFLIKE OPVOEDING

Volgens Plug et al. (1986:199) gaan dit hier om die laissez-faire-opvoedingshouding waar die minimum kontrole uitgeoefen word. Die kind word oormatig vrygelaat met geen dwang en min of geen maatreëls as hy iets verkeerd doen. Daar word min eise aan die kind gestel, ook wat betref sy skoolprestasies. Die ouers is dikwels 'n pion in die kind se hande met betrekking tot sy wense en begeertes. Die kind kan soms die gevoel kry dat die ouer nie vir hom omgee nie en dit verlaag gevolglik sy selfkonsep. Hulle behoefte aan voorbeeld liefde, leiding en gesag word nie toereikend verwerklik nie (Pretorius, 1998:69).

By die tipe opvoedingstyl sal die ouer die keuse, om saam te verhuis of nie, aan die kind oorlaat. Die kind sou voel die ouer gee nie genoeg om nie en saamgaan met die hoop om meer aandag te kry. As die kind eers in Botswana is, sal hy met almal probeer maats maak. Die gevaar hier is dat hy in die verkeerde groep maats vasgevang kan word wat sy aanpassing nadelig kan beïnvloed.

2.4.5 TOLERANTE, DEMOKRATIESE OPVOEDING

Die demokratiese opvoeding word gekenmerk deur warmte én toegeeflikheid, en toon daarom kenmerke van sowel die warm as toegeeflike opvoeding. Die tipe ouer word ook die aanvaardende en begrypende ouer genoem want hy aanvaar die kind soos hy is. Die ouer erken die kind in beginsel as gelykwaardig. Die kind het die vrymoedigheid om persoonlike standpunte en gevoelens te stel omdat hy die sekerheid het dat dit gerespekteer sal word (Pretorius, 1998:69).

By die tipe opvoedingstyl sal die ouer en kind saam die besluit, om na Botswana te verhuis of nie, neem. Die kind sal sy menings kan gee en saam sal die ouer en kind 'n besluit neem. Die tipe ouer en sy kind sal ook saam gesels oor die verskillende kulture wat hy in sy nuwe onderwysomgewing sal ontmoet en die ouer sal die kind probeer help om aan te pas en maats te maak.

2.4.6 INTOLERANTE, OUTOKRATIESE OPVOEDING

Die intolerante of outokratiese opvoeding is 'n koue, dominante opvoeding waarin kenmerke van die koue en dominante opvoeding aanwesig is. Die tipe ouer is gebiedend en stel in alle opsigte hoë eise aan die kind. Die ouer vereis absolute gehoorsaamheid van die kind en beskou dit as 'n deug. Dié ouers glo dat hulle woord sonder rede as korrek aanvaar sal word en alle moontlikhede tot egte opvoedingskommunikasie word belemmer (Pretorius, 1998:72).

By die betrokke opvoedingstyl sal die ouer alleen die besluit neem of die kind saam moet verhuis na Botswana, of nie. Die kind sal nie kans gegun word om sy standpunt te stel nie en sal by die besluit van sy ouer moet berus. Die kind sal wel gehelp word om aan te pas maar op die ouer se terme. Die ouer sal self besluit wie die kind se maats sal wees en met watter groepe hy mag meng al dan nie.

2.4.7 BETROKKE OPVOEDING

Die opvoeding word gekenmerk deur warmte en dominansie. Die betrokke ouer leef met die kind mee en toon aandag en belangstelling vir dié se doen en late. Hy het 'n goeie verhouding met die kind en wil hom behoed van foute en vergissinge. Hy sal na die beste van sy vermoë probeer om die kind hierteen te vrywaar, ook al geskied dit ten koste van die outonomie van die kind. Die betrokke opvoeding gaan gewoonlik met dominansie, beperking en kontrole met 'n mate van liefde en warmte gepaard. Die tipe kinders is gewoonlik nie selfstandig nie as gevolg van die ouer se oorbeskerming, opdringerigheid, bemoeisug en oorbesorgdheid (Pretorius, 1998:72).

By die tipe opvoedingstyl is daar feitlik geen kans dat die kind sal agterbly as die ouers verhuis nie. Die kind sal voel hy kan nie sonder sy ouers oorleef nie en die ouers sal voel die kind sal nooit sonder hulle kan funksioneer nie. Die kind sal moeilik aanpas in 'n nuwe totaal kultuurvreemde en taalvreemde onderwysomgewing. Hy sal te afhanklik van sy ouers wees en sal moontlik aan die begin baie alleen en eensaam voel.

2.4.8 ONVERSKILLIGE OPVOEDING

Die tipe opvoeding kan gesien word as koue, toegeeflike opvoeding. Die toegeeflikheid van dié ouer berus nie op die feit dat die ouer tevrede is met die kind en hom vertrou nie. Inteendeel, hier gaan dit oor 'n gebrek aan belangstelling van die ouer in die kind, wat deur die ouer verontagsaam en verwaarloos word. Die kind se allesoorheersende lewensbehoefte aan liefde en warmte en sy behoefte aan gesag en leiding bly onvervuld (Pretorius, 1998:73).

Weens die kind se ontoereikende behoeftevervulling kan dié kind tot antisosiale gedrag neig en ook nie sy moontlikhede realiseer nie. Hierdie koue, toegeeflike opvoeding gee aanleiding tot gevoelens van minderwaardigheid en 'n negatiewe selfkonsep by die kind wat kan bydrae tot die feit dat die tipe kind baie moeilik sal aanpas in een van Botswana se privaatskole

2.4.9 HARMONIESE OPVOEDING

Hier is eerder sprake van 'n opvoedingsituasie as van 'n opvoedingstyl. Die tipe opvoeding word aangetref in gesinne waarin daar selde behoefte ontstaan om geskilpunte of konflikte op te los. Die harmoniese gesinstipe is nóg outokraties, nóg demokraties, nóg permissief. Dit blyk dat die ouers kontrole het, maar dat hulle uiters selde kontrole uitoefen – in die sin dat die kinders doen wat die ouers van hulle verwag (Pretorius, 1998:75).

Die kind uit die tipe gesin sal nie te moeilik aanpas nie, maar die ouers sal tog 'n groot rol speel as dit kom by die kind se keuse van maats.

Daar sal vervolgens na die rol van die skool in die sosialisering van die Afrikaanssprekende leerder in een van Botswana se privaatskole gekyk word.

Alhoewel leerders uit Suid-Afrika wat hulle in Botswana bevind meestal deur hulle ouers ondersteun en bygestaan sal word in die aanpassingsproses, speel die skool ook 'n bepaalde rol in die sosialisering van dié leerders (Vergelyk 2.7).

2.5 SOSIALE AANPASSING VAN DIE AFRIKAANSSPREKENDE LEERDERS

Dit is meestal baie moeiliker vir sekondêre leerders om in 'n onderwysomgewing aan te pas as vir primêre leerders. Teen die tyd dat die kind adolessensie bereik, het die portuurgroep reeds 'n primêre bron van standarde en gedragsmodelle geword (Manning en Allen, 1987:172). Die primêre skooljare is 'n tyd van voorbereiding vir die periode van adolessensie, ook ten opsigte van die sosiale aspek van die kind se lewe. Die sluit van vriendskappe is belangrik vir sosiale ontwikkeling en behels 'n verskuiwing van vriendskappe met gesinslede en lede van dieselfde geslag na vriendskappe met die teenoorgestelde geslag. Interaksie met vriende op 'n daaglikse basis lei tot groeppvorming. Teen die einde van die laerskoolfase het die kind reeds 'n stewige houding jeens groepe vasgelê. Die kind openbaar eerbied, respek en agting teenoor sy eie groep en afsydigheid, antagonisme en selfs minagting vir ander groepe. Hy toon besondere houdings teenoor sy kerk, skool en sosiale groep met wie hy wil identifiseer (Van der Westhuizen, 1989:94). As leerders dus aan die einde van hulle laerskoolfase van skool moet verwissel, sal hulle van voor af by 'n nuwe groep moet inskakel en dit kan lei tot aanpassingsprobleme.

Met die aanbreek van adolessensie (12 tot 22 jaar) het die kind gevorder vanaf die konkreet-operasionele fase na die formeel-operasionele fase en dink hy anders oor dinge. Die adolessent se verhouding met die wêreld en mense is nou nie meer so eenvoudig nie. Reëls word bevestig en hy vorm sy eie mening daarvoor. Die adolessent is in staat om standpunte vanuit verskillende hoeke te beskou en om dit te koördineer in een veralgemeende siening wat vir hom meer verstaanbaar is (Viljoen, 1993:40).

Die skool word in dié stadium uitgesonder aangesien dit die verlengstuk en aanvulling van die gesin geword het en die kind vir sy opvoeding en sosialisering al hoe meer op die skool aangewese is. Botha, soos aangehaal deur Prinsloo, (1980: 26) bied die volgende verklaring hiervoor:

“Die samelewingsaard het sodanig gekompliseerd geword dat opvoedende onderrig as weg tot sosiaal-maatskaplike beweeglikwording nie meer deur die ouer behartig kan word nie.” Hierdie onvermoë word as 'n funksieverlies beskou wat die moderne gesin ondergaan het.

Die skool is naas die gesin 'n belangrike sosialiseringagent vir die kind. By die skool kry die kind geleentheid om die volle norme wat in die samelewing waarin hy hom bevind geld en aan hom gestel word, te internaliseer. Dit is ook in die skool waar die kind in aanraking kom met sy portuurgroep, waar hy kennis maak met kultuurnorme, houdings en gedragspatrone waaraan die volwasse gemeenskap hoë eise stel (Van der Merwe, 1990:32).

By sy toetred tot die privaatskool in Botswana kom die kind in aanraking met ander waardes, norme en gedragspatrone as die wat hy in Suid-Afrika by sy vorige skole leer ken het. Greer (2000:35) beweer dat Gaborone as “eiland” gesien kan word waar die mense van oor die hele wêreld saam gegroep is. Daar is verskillende rasse en kulture in die stad saamgevoeg. Volgens die Sentrale Statistiekdiens van Botswana (1999:101) is Botswana derde op die wêreld ranglys wat die uiteenlopendheid van sy bevolking betref. Die kind moet nou leer om hierby aan te pas en moet besef dat sy bestaande verwysingsraamwerk nie die enigste is nie en dat hy by die breër raamwerk van die skool en wat daarmee saamgaan, moet aanpas (Van der Merwe 1990:31).

Opvoeding het ten doel om leerders met hulle sosialisering te begelei. Die opvoeder help die leerders om deelgenoot van die samelewing te word, dus om geleidelik by die samelewing, in hierdie geval die van Botswana, in te skakel.

2.5.1 DIE AANDEEL VAN DIE SKOOL IN DIE SOSIALISERING VAN DIE AFRIKAANSSPREKENDE LEERDER IN BOTSWANA

Daar sal vervolgens na die verhouding tussen die gemeenskap, opvoeding in die algemeen en skole gekyk word om die rol van die skool in die sosialisering van die leerders in Botswana se privaatskole te ondersoek.

Die hoofdoel van internasionale skole in Botswana word deur Onyango (1997:129) gesien as die opvoeding van leerders tot individuele en sosiale oorlewing. Gedurende die Goue Era in antieke Griekeland is daar van die veronderstelling uitgegaan dat Griekeland deur die gode die taak opgelê is om die wêreld op te voed en te onderrig ten opsigte van die Griekse taal en gebruike. Wat nie mee rekening gehou is nie, is die feit dat die skool slegs een “onderwyser” tussen baie ander gemeenskapsfaktore is, wat die sosiale instelling van opvoeding verteenwoordig. Die gesin, gemeenskap en media speel net so belangrike rol in die opvoeding van leerders, as die skool self.

Onyango (1997:130) onderskei tussen ses sosiale instellings wat as “onderwysers” ’n rol in die opvoeding van leerders in internasionale skole van Botswana speel naamlik :

- die gesin,

- die skool,

- die politiek,
- die ekonomie,
- die maatskaplike norme wat geld en
- die kerk.

Sosialisering is die proses van onderrig en leer waar al die “onderwysers” gekombineer word as een “onderwyser” om al die leerders op ’n gelyke vlak op te voed. Elke deelnemer aan die internasionale opvoedingssituasie in Botswana kan soms ook as “onderwyser” optree as hy ander oor homself en sy bepaalde gebruike, taal en kultuur onderrig en as “leerder” as hy as deel van ’n groep in ’n internasionale skool van ander leer.

Die skool is egter die “onderwyser” wat die hele proses van sosialisering en opvoeding kombineer. In een of ander vorm bestaan skole feitlik in elke samelewing op aarde. In party gemeenskappe is die skool slegs ’n sekondêre bron van sosialisering en die gesin, geloof en gemeenskap is die primêre opvoeders. In die meeste moderne gemeenskappe tree die skool egter as primêre bron van sosialisering op.

As deel van die gemeenskap speel die skool ’n rol by ’n hele aantal sosialiseringsfunksies. Reimer (1990:90), soos aangehaal deur Shuma (1998:102), onderskei vyf funksies wat internasionale skole in Botswana, as sosialiseringsinstellings, by die opstel van hulle kurrikulums moet gebruik naamlik, die oordra van kennis, sosiale rol seleksie, oordra van sosiale waardes, identifisering met gemeenskapsaktiwiteite en leerder beskerming. Al hierdie faktore kan bydrae tot die suksesvolle aanpassing van Afrikaanssprekende leerders al dan nie.

Daar sal vervolgens kortliks na elkeen van die funksies gekyk word.

2.5.1.1 DIE SOSIALISERINGSFUNKSIES VAN DIE SKOOL

Die volgende is ’n aantal belangrike aspekte en situasie tipes wat betref die sosialiseringsfunksies van die internasionale skole van Botswana wat met die aanpassing van Afrikaanssprekende leerders ’n rol kan speel (Goslin, 1997:43):

□ DIE OORDRA VAN KENNIS

As sosiale instellings het internasionale skole van Botswana die taak om kennis ten opsigte van akademiese vaardighede, waardes en sosiale norme aan die multikulturele leerders oor te dra. Daar word tussen algemene en spesialiseringsonderrig onderskei waar eersgenoemde die aanleer van kennis om binne die bepaalde internasionale gemeenskap van Botswana effektief te funksioneer, behels. Spesialiseringsonderrig aan die ander kant verwys na onderrig waar die individue se belangstellings en vakkeuses, wat later tot beroepskeuses sal lei, onderrig word.

Party vakke soos Huishoudkunde, Aardrykskunde en Geskiedenis kan as algemene sowel as spesialiseringsonderrig gesien word aangesien leerders meer van 'n bepaalde gemeenskap kan leer en tog ook feite kennis opdoen. Die internasionale skole van Botswana moet dus kennis op akademiese vlak oordra maar ook die kennis aan die bepaalde gemeenskap koppel.

In die internasionale skole van Botswana word daar byvoorbeeld in die Geskiedenis sillabus die geskiedenis van Botswana sowel as algemene wêreldgeskiedenis onderrig. Die leerders moet dus leer van die land waarin hy hom bevind maar leer ook van die res van die wêreld.

□ SOSIALE ROL SELEKSIE

Opvoeders in die internasionale skole van Botswana gebruik die terme “rol” en “status” om na die sosiale posisie wat deur leerders in 'n bepaalde sosiale groepe gehandhaaf, word te verwys. Die rede hiervoor is dat die skoolgeld geweldig hoog is en feitlik al die leerders uit baie welgestelde families afkomstig is. Daar is basies sewe dimensies wat sal bepaal tot watter sosiale groep 'n leerder sal behoort naamlik (Neugarten, 1995:7):

- prestige,
- beroep van ouers,
- besittings,
- sosiale interaksie,

- klas bewustheid,
- waardes en norme en
- mag en beheer oor ander.

Vir die meeste leerders is hierdie dimensies slegs 'n voortsetting van wat in die gesin gehandhaaf word. Hulle word in gesinne en families gebore wat die dimensies handhaaf, dit kom dus gewoonlik nie uit vrye keuse nie. Die internasionale skole van Botswana kan slegs leerders bystaan om hulle bepaalde status binne die samelewing van Botswana te aanvaar.

□ **OORDRA VAN SOSIALE WAARDES**

Die Internasionale skole van Botswana moet nooit gesien word as die enigste sosiale instelling wat verantwoordelik daarvoor is om die regte waardes en norme aan die multikulturele leerders oor te dra nie. Om die waarheid te sê dra elkeen van die rolspelers in die leerder se lewe waardes en norme aan hom oor. Die doel van die skool is slegs om dié waardes en norme wat reeds aan die leerders bekend is, prakties toe te pas in die aanbieding van die kurrikulum en geen kultuurgroep te na te kom nie.

□ **IDENTIFISERING MET GEMEENSKAPSAKTIEWEITE**

Met gemeenskapsaktiwiteite word bedoel daardie aktiwiteite wat deur die internasionale skole van Botswana binne die gemeenskap geïnisieer word. Van die aktiwiteite sluit skole atletiekbyeenkomste, hondeskoue, musiekuitvoerings, dramas en talle ander klubs soos skaak, rugby, sokker ens. in. Die skole is meestal gemeenskapsgeïntereerd en deur sekere aktiwiteite te loods word die gemeenskap gedien en terselfdertyd word fondse weer in die skool teruggeploeg. Omdat Gaborone nie veel ontspanningsgeleenthede bied nie, word aktiwiteite wat deur die skole geloods word, baie goed ondersteun. Dit bied die ouers, personeel en leerders die geleentheid om mekaar op 'n ander vlak beter te leer ken (Griffie, 2000:19).

□ LEERDER BESKERMING

Die laaste sosialiseringfunksie wat deur Reimer (1990:90)) soos aangehaal deur Shuma (1998:102) by skole onderskei word, is die van beskerming aan die leerders. Die internasionale skole van Botswana moet leerders teen aanslae van buite probeer beskerm en inlig. Dit word gedoen deur die hulp van die gemeenskap in te roep. Die polisie, maatskaplike werkers en mediese personeel hou gereeld praatjies by skole om leerders in te lig oor onder andere die gevare van dwelm- en alkoholisbruik, seksueel oordraagbare siektes en plekke wat vir hulle gevaarlik kan wees. Een van die privaatskole in Botswana wat as 'n Christenskool funksioneer, kry aansoeke van baie leerders wie se ouers hulle wil probeer beskerm deur hulle aan Christen waardes en norme binne die onderwyssituasie bloot te stel. Dié betrokke skool het sekere reëls, wat hulle “*no tolerance*” reëls noem. Die reëls geld veral ten opsigte van alkohol- en dwelmmisbruik, pornografie en musiek. Voor enige leerder tot dié skool toegelaat word moet hy 'n gedragskode (“*Code of Conduct*”) onderteken waarin hy onderneem om hom te weerhou van dwelms, alkohol, voorhuwelikse seks en eksplisiete, uitlokkende musiek.

Shuma (1998:112) beskou dié funksie as die belangrikste veral as dit kom by sekondêre leerders wat nuwe “dinge” wil probeer. Waar leerders van oor die hele wêreld in een skool en een klas saamgegroepeer word, kan daar soveel meer aanslae op die leerders wees.

Wat leerders dus in internasionale skole van Botswana ervaar en beleef word weer net so teruggeploeg in die gemeenskap en daarom is die rol van skool as sosialiseringinstelling van soveel belang.

Daar is 'n aantal faktore wat kan bydrae tot die verwerking van opvoedingskommunikasie in die klaskamer van die internasionale skole van Botswana en daar sal vervolgens hieraan aandag gegee word.

2.5.1.2 DIE VERWERKLING VAN OPVOEDINGSKOMMUNIKASIE IN DIE KLASKAMER

In die alledaagse klaskamersituasie word opvoeding en onderwys as 'n kommunikasie en interaksie tussen die onderwyser en leerders en tussen leerders onderling voltrek. Die onderwyser en leerders deel die sosiale werklikheid van die klasisituasie, en vorm 'n binnesirkel waarin die betrokkenes voortdurend en intensief met mekaar kommunikeer (Pretorius, 1998:91).

Die leerders uit Suid-Afrika moet aanpas by die manier van klasgee van die onderwysers in die internasionale skole van Botswana. Aanvanklik kan daar kommunikasieprobleme tussen die twee groepe ontwikkel wat die aanpassing van die leerders kan vertraag. Die taak van die onderwyser is om “les te gee” maar baie van die personeel het begrip met die aanpassingsprobleme waarmee dié leerders worstel aangesien hulle ook self aanpassingsprobleme kon ondervind vanweë die feit dat hulle self uit verskillende wêrelddele afkomstig is (Greer, 2000:98).

A : BUITEFAKTORE

Hierdie groep faktore sluit beïnvloedingsfaktore in wat van buite die klaskamer op die onderwyser-leerder-verhoudinge en die groepsdinamiek inwerk (Foresman, 1990:103).

□ DIE HOOF / DIREKTEUR

Die skoolhoof, of soos die meeste skoolhoofde in Botswana bekend staan, die direkteur van die skool, kan kommunikasie in die klaskamer beïnvloed deur (Havighurst, 1995:103):

- sy eie onderwysbeleid, wat tot in die klaskamer deurwerk,
- die eise en verwagtinge wat hy aan leerders en onderwysers stel,
- die sosiale en dissiplinêre klimaat wat hy in die skool skep,
- die leiding wat hy aan onderwysers gee en sy verhoudings met hulle en
- sy persoonlike pedagogiese beïnvloeding van die leerders.

Twee van die grootste, bekendste en oudste sekondêre privaatskole in Botswana het gedurende 2000 hulle hoofde/direkteurs gevra om die bedank. Die persone kon nie aan die multikulturele eise van die personeel en leerders voldoen nie en is deur die leerders en personeel as't ware gedwing om te bedank. Dié hoofde/direkteurs was albei van lande buite Afrika afkomstig en het die skole volgens die bestuursliggaam "rassisties" bestuur. Hulle kon nie harmonie tussen die uiteenlopende kulture binne die skole bewerkstellig nie. Daar is ook nooit die geleentheid geskep waar verskillende kulture meer van mekaar kon leer om mekaar sodoende te respekteer nie. Die hoofde/direkteure se grootse taak is om al die verskillende kulture binne die onderwyskorps sowel as tussen leerders onderling in harmonie te laat saam funksioneer.

Die teenoorgestelde kan egter ook gebeur. In 'n ander privaatskool het die hoof/direkteur almal heeltyd probeer gelukkig hou. Hy het alles wat as kultuur beskryf is, toegelaat en die personeel en kinders en heeltemal hand uitgeruk. Die gevolg was dat die personeel en leerders in opstand gekom het toe die betrokke hoof nie meer aan al hulle eise wou toegee nie. Die kantoor is met klippe bestook en die eienaar van die skool moes ingryp deur die hoof, adjunkhoof, departementshoofde sowel as vyftien van die ander personeel af te dank. Van die ouers wat egter die afgedankte personeel steun het die eienaar hof toe geneem en die saak word tans in die Hooggeregshof in Lobatse aangehoor. Die invloed op die opvoeding van die leerders in dié betrokke skool word baie benadeel. Die situasie is 'n sprekende voorbeeld van hoe die hoof/direkteur se invloed 'n skool, sy personeel en leerders positief sowel as negatief kan beïnvloed.

□ **ONDERWYSPERSONEEL**

Die kollegas van die onderwyser staan in 'n bepaalde verhouding van samewerking of konflik tot hom. Hulle beïnvloed die mate van behorensgevoel en geluk wat die onderwyser by die skool ondervind, wat ook kan bepaal hoe hy met die leerders sal kommunikeer. Die onderwyser moet rekening hou met die heersende gevoelens en opvattinge van sy kollegas, en met die status wat elkeen op grond van ervaring en deskundigheid beklee (Goslin, 1997:13).

Soos reeds genoem kom die onderwysers in die privaatskole van Botswana almal van verskillende lande en stel hulle eise en verwagtinge aan mekaar. Aangesien die standaard van die kurrikulum van 'n baie hoë standaard is, sal personeel wat nie hulle vakgebiede baie goed ken nie, nie kan byhou nie. Daar is skole waar die personeel jaarliks met tot 60% verander ten einde die beste moontlike opvoeding aan die leerders te verskaf (Koninghen, 1999:106).

□ **OUERS**

Die ouers oefen, veral via die leerders, 'n subtiele invloed uit op die opvoedingskommunikasie in die klaskamer. Aangesien die skoolgeld so hoog is, in die omgewing van ±P 3 500-00 (± R 5 500-00) per maand, verwag die meeste ouers die beste moontlike opvoeding vir hulle kinders (Vergelyk 2.2.2.4). Die leerder sal sy ouers inlig oor positiewe sowel as negatiewe gebeure in die klaskamer, en ouers sal op grond van die inligting die optrede van die leerkrag as reg of verkeerd evalueer (Kahl, 1990:132).

Die privaatskole van Botswana ondervind redelike probleme met oormatige bemoeienis en inmenging van ouers wat soms kan bydrae tot 'n gespanne verhouding tussen die onderwysers en leerders. Die rede vir die oormatige bemoeienis kan aan 'n aantal faktore gekoppel word waarvan die belangrikste is (Simonaeux, 2000):

- dat die ouers voel hulle het hulle kinders ontwig deur hulle te verskuif en is bang dat die onderwysers, deur sekere optredes, die aanpassing van die leerders nadelig kan beïnvloed,
- die ouers baie hoë skoolgelde betaal en gevolglik 'n hoë standaard van opvoeding verwag en
- ouers op hulle hoede bly vir enige vorm van kulturele of rassediskriminasie.

□ **KLASSE**

Die ander klasgroepe in die skool kan die kommunikasie tussen die onderwyser en 'n bepaalde klasgroep beïnvloed, byvoorbeeld deur die ervaring wat hy met ander klasgroepe opdoen, of sy vergelyking van die klasgroep met ander klasgroepe. 'n Klasgroep wat by 'n onderwyser baie ongewild is, kan hom so frustreer, ontstel en gespanne maak dat sy opvoedingskommunikasie met ander klasgroepe nadelig belemmer kan word (Pretorius, 1998:94).

In die multikulturele klasse van Botswana moet onderwysers daarteen waak dat hulle nie klasse, waar daar leerders van hulle eie nasionaliteit in is, beter behandel as ander nie. In die aanstellingskontrakte van die meeste skole word dit ook duidelik uitgespel dat daar geen vorm van bevoordeling van enige leerder mag voorkom nie (Koninghen, 1999:116).

B : ONDERWYSERFAKTORE

Oor die opvatting van wie of wat 'n goeie onderwyser is, wys Van Scotter et al (1985:6) sekere kenmerke uit. Dié volgende kenmerke van die ideale onderwyser kan ook aan die personeel binne die Internasionale skole van Botswana gekoppel word :

- vermoë om te kommunikeer, leerders te verstaan en ek-jy-verhoudinge te verwerklik,
- geduld,
- vermoë om te dissiplineer, en ferm en regverdig te wees,
- sterk morele karakter,
- vriendelik, aangename persoonlikheid en humorsin,
- toegewyd en entoesiasties ten opsigte van die onderwysberoep,
- vermoë om leerders te motiveer en inspireer,
- intelligensie en
- besorg oor leerders.

Die meeste privaatskole in Botswana evalueer hulle onderwysers op 'n baie gereelde basis en sou hulle nie aan die verwagtinge van die skool voldoen nie, word hulle kontrakte beëindig. Die evalueringsproses behels verrassingsklasbesoeke, deur die hoof/direkteur, adjunkhoof en departementshoofde waar hulle dan 'n volledige verslag oor die betrokke personeelid skryf. Inspeksies ten opsigte van voorbereidings leërs, toetse en punteboeke word ook gereeld gedoen. Die meeste personeel word vir 'n termyn

op 'n proeftydperk, of soos dit algemeen in die internasionale, privaatskole in Botswana bekend staan "*Period of Probation*", aangestel voordat enige kontrak aan hulle aangebied word. Voor dié "*Period of Probation*" egter nog begin, moet personeel ook vir soms tot twee weke vrywillig klasgee waartydens hulle geëvalueer word en dan eers vir 'n "*Period of Probation*" oorweeg word. Na die vrywillige twee weke word die betrokke personeelid 'n "*Probation Period Contract*" aangebied en eers hierna word personeel vir 'n permanente kontrak, wat meesal twee jaar is, oorweeg. Die personeel van die privaatskole in Botswana wat op 'n kontrakbasis aangestel word, is meestal puik wat persoonlikheid en akademiese kwalifikasies betref.

C : LEERDERFAKTORE

Die totale kind is met die totale onderwyser in kommunikasie in die totale klassituasie. Bepaalde gesteldhede en persoonlike eienskappe van leerders werk ook mee as faktore wat kommunikasie in die klaskamer van die internasionale skole in Botswana beïnvloed. 'n Onderwyser kommunikeer immers anders met 'n seun as met 'n dogter, anders met 'n slim leerder as 'n minder intelligente leerder, anders met 'n leerder wie se moedertaal Engels is as een wie se moedertaal 'n ander taal is en anders met 'n leerder in Graad 1 as met een in "*Form 6*". Onderwysers behoort voortdurend in gedagte te hou dat elke leerder in sy klas uniek is, met bepaalde eienskappe wat betref kultuur, ras, geslag, intelligensie ens.

Leerderfaktore wat die onderwyser-leerder-kontak kan beïnvloed, is (Neugarten, 1995:17):

□ ONTWIKKELINGSVLAK VAN DIE LEERDER

Die opvoeder sal anders met die laerskoolkind as die kind wat sy puberteitsjare binnegaan, kommunikeer. Leerders kan faseprobleme ondervind, byvoorbeeld die psigiese versteuring en konflik van die puberteitstydperk, wat tot uiting kan kom in persoonsswakhede soos impulsiwiteit, 'n swak wil, gebrek aan deursettingsvermoë en verantwoordelikheid asook 'n swak selfkonsep (Pretorius, 1998:99). Leerders uit Suid-Afrika kan al die probleme ondervind en dit is dus onvermydelik dat baie van die leerders op gespanne wyse kontak sal maak.

□ GESLAG

Die toon van verwagtinge van die onderwyser is anders ten opsigte van 'n dogter as ten opsigte van 'n seun. Veral manlike onderwysers moet waak teen dogters wat op hulle verlief kan raak. Daar is 'n privaatskool in Gaborone, Botswana waar alle manlike onderwysers drie spesifieke reëls ten opsigte van die hantering van dogters moet nakom (Simonaeux, 2000) :

- Die “*six inch rule*” moet te alle tye streng nagekom word. Volgens die reël mag geen manlike onderwyser nader as ses duim aan 'n dogter kom nie.
- Manlike onderwysers mag om geen rede 'n dogter omhels nie.
- Manlike personeel mag om geen rede alleen met 'n dogter in 'n klaskamer wees nie. Daar moet altyd 'n derde party teenwoordig wees.

Die reëls mag streng en buitensporig klink, maar is volgens die skoolhoof nodig en ingestel om die manlike personeel te beskerm.

□ INTELLIGENSIEPEIL

Die leerkrag sal op 'n hoër vlak met 'n intelligente leerder, wie se Engels van so aard is dat hy die begrippe maklik begryp, kommunikeer en sal ook hoër eise en verwagtings aan so 'n leerder stel. Baie personeel in die internasionale, privaatskole van Botswana word beoordeel op grond van die prestasies van hulle leerders. Die personeel se bevoegdheid as onderwyser word baie keer gemeet aan die klasgemiddeld wat hy aan die einde van kwartaal behaal. Om die rede het onderwysers gewoonlik meer simpatie met intelligente leerders en neig om die minder intelligente leerders af te skeep. Leerders uit Suid-Afrika, wie se Engels aanvanklik nie so goed is nie, kan afgeskeep voel en te skaam wees om vir hulp te vra (Els, 2000). Baie skole het remediërende klasse en baie onderwysers skuif leerders eerder na dié klasse as om hulle te probeer help of om die oorsaak van hulle probleem na te vors (Kahl, 1990:99). In Botswana word die term *I.N.D.* gebruik wat vir “*Independent Studies*” staan, waar leerders op die *School of Tomorrow* se “*Pace*” Program teen sy eie tempo kan vorder. Leerders uit Suid-Afrika wat aanvanklik moontlik nie akademiese so goed presteer nie, mag verstoot voel as onderwysers nie aandag aan hulle gee nie.

□ EMANSIPASIE

Eensyds kan die puber sy emansipasiestryd teen die onderwyser rig en teen hom kragte meet, veral as sy ouers tuis nie verdraagsaam en begrypend is nie. Die onderwyser verteenwoordig gesag en wek die stryd by die puber (Pretorius, 1998:99). Die stryd kan soveel erger wees by leerders uit Suid-Afrika wat aanpassingsprobleme ondervind en nie genoeg simpatie van hulle ouers kry nie. Die onderwysers in die Internasionale skole van Botswana moet begrip, aandag en simpatie toon teenoor leerders wat met aanpassingsprobleme worstel.

□ SOSIO-EKONOMIESE MILIEU

Die meeste van die leerders in privaatskole van Botswana se ouers verdien bogemiddelde inkomste. Sou daar te veel klem op materiële welvaart van leerders gefokus word, kan spanning tussen die onderwysers en leerders ontstaan.

□ HOUDING

Negatiewe houdings, antipatie en verset teen die eise van die onderwyser kan tot ernstige opvoedingsbelemmerende, diskommunikasie lei. Leerders uit Suid-Afrika, of uit enige ander land, kan aan die begin van hulle skoolopleiding in Botswana baie negatief teenoor die onderwyser staan. Talle redes is deur ouers van leerders in die internasionale skole aangevoer. Van die redes sluit onder andere in dat hulle nie gewoond is aan die feit dat 'n onderwyser van 'n ander ras as hulself is nie, die personeel 'n vreemde uitspraak kan hê as haar/sy huistaal nie Engels is nie en soms ook omdat die leerders in die eerste plek nie na Botswana wou verhuis nie. Die onderwysers moet sulke leerders streng, dog met baie simpatie en begrip, benader.

□ KOMMUNIKASIEPROBLEME

Kommunikasie tussen mense hou die moontlikheid van misverstand in. Die onderwyser moet aansluit by die taal, denke en ervaringswêreld van die leerder om toereikende kommunikasie te bewerkstellig. Leerders wat vir die eerste keer onderrig in 'n taal anders as hulle moedertaal ontvang, kan aan die begin hulle moontlik verkeerd teenoor onderwysers uitdruk en selfs onderwysers heeltemal verkeerd verstaan (Koninghen, 1999:108). Afrikaanssprekende leerders uit Suid-Afrika kan die onderwysers in die internasionale skole van Botswana aanvanklik

heeltemal verkeerd verstaan, bloot omdat hulle nog nie so vertrouwd met sekere vakterme in die taal is nie en nie omdat hulle onwillig is om opdragte uit te voer nie. Alhoewel hulle Engels soms gedeeltelik magtig is, is dit steeds 'n groot aanpassing van Engels op tweede taalvlak, na waar hulle alle klasse in Engels ontvang.

D : GROEPSDINAMIESE FAKTORE

Groepsdinamika is die wetenskaplike studie van klein groepe. Die klas is 'n klein groep met 'n bepaalde eenheidsbewustheid of samehorigheidsgevoel en gemeenskaplike doelstellings. Die lede is in direkte kommunikasie met mekaar en gesindhede en persoonlikhede word in die groep gevorm, aangesien deur die persoonlike kontak met ander ontdek en verwesenlik die groepslid sy eie moontlikhede (Pretorius, 1998:100).

In die meeste privaat, sekondêre skole in Botswana is die onderwyser-leerder-verhouding meestal nie meer as 1:10 nie en gevolglik is daar baie interpersoonlike kontak tussen die leerders onderling en tussen die leerders en die onderwyser.

Hargreaves (1975:88-89) noem vyf voorwaardes vir die klas as groep binne die internasionale skoolopset, soos wat die geval in Brittanje was. Osarennun (1996:22) het in sy studie, "*Children from Outside*", die voorwaardes wat Hargreaves (1975:88-89) aan die klas as groep in Brittanje koppel, geneem en meer spesifiek op Botswana van toepassing gemaak.

□ MEERVOUDIGHEID

Aangesien 'n groep 'n meervoudigheid van persone is, sal die grote die kompleksiteit en ek-jy-verhoudinge van die groep beïnvloed. Die hoeveelheid kultuurgroepe binne 'n bepaalde groep sal ook die ek-jy-verhoudinge aansienlik kan beïnvloed.

□ INTERAKSIE

Groeplede verwerklik aangesig-tot-aangesig-verhoudinge en is bewus van hul gemeenskaplike lidmaatskap tot die groep. Groeplede kommunikeer met mekaar en is in voortdurende interaksie met mekaar. Osarenrun (1996:23) beklemtoon die feit dat die aangesig-tot-aangesig verhoudinge binne die groep aansienlik deur die kommunikasie vermoë van die groeplede beïnvloed kan word. Groepe

wat ontstaan neig verder om kultuurgeoriënteerd te wees. Sou daar nie 'n bepaalde kultuurgroep wees wat dieselfde is as die van 'n nuwe leerder in die skool nie, sal so 'n leerder noodgedwonge by 'n ander groep moet inskakel. Leerders uit Suid-Afrika sowel as ander lande kan baie moontlik met dié probleem te kampe kry. Indien hulle nie 'n sterk persoonlikheid het nie, of bloot te self bewus is oor die feit dat hulle nie perfekte Engels praat nie, kan hulle moontlik deur die groep verwerp word.

□ **DOELSTELLINGS**

Die gemeenskaplike doelstellings van die groep verenig en bind die groep saam. Die groep wat aan die behoeftes van 'n bepaalde individu voldoen, sal vir daardie bepaalde individu aantreklik wees en anders om. Sekere opofferings sal egter van beide kante af gemaak moet word.

□ **NORME**

Groeplede huldig 'n bepaalde stel norme wat die gereelde gedragstandaarde is en wat die verwagte gedrag van elke groepslid spesifiseer. Dit dui aan wat binne die groep reg is in terme van waardes, opvattinge, gevoelens en gedrag. Norme kan gesien word as 'n vorm van sosiale kontrole aangesien die leerder groepsnorme gehoorsaam as hy hom aan die bereiking van die groepsdoelstelling toegesê het.

□ **GROEPSTRUKTUUR**

Groeplede vorm 'n groepstruktuur en aangesien die groep nie absoluut homogeen is nie word bepaalde rolle binne die groep vervul, byvoorbeeld die van leier, volgeling, sondebok, nar, belhamel ensovoorts.

Du Plessis (1974) soos aangehaal deur Pretorius (1998:103) maak die stelling dat leerders onderling ook kan bydrae tot die aanpassing en skoolprestasie van ander leerders. As 'n leerder tuis voel binne sy portuurgroep, en dus ook binne die klaskamer, bevorder dit sy skoolwerk. Sou die leerder uit Suid-Afrika dus deur sy mede leerders in die privaatskole van Botswana aanvaar word, sou sy aanpassing dus veel makliker kan wees. Die teenoorgestelde is egter ook waar. 'n Leerder se akademiese prestasie kan aansienlik benadeel word as hy sou voel die groep wil hom nie aanvaar nie. Leerders kan te skaam voel om onderwysers vrae te vra bloot omdat hulle bang is die groep verwerp hulle verder. Leerders uit Suid-Afrika wat aanvanklik met Engels as kommunikasie medium sukkel, kan

akademies swak presteer bloot omdat hulle nie die onderwysers 'n aanduiding gee dat hulle nie alles verstaan nie.

E : ORDE-HANDHAAF FAKTORE

Orde en dissipline in die klas is 'n voorwaarde vir toereikende onderrig. Die wyse waarop die onderwyser probeer orde en dissipline hou, beïnvloed sy kommunikasie met leerders. Om 'n klas in orde te hou, is om 'n sosiale situasie te hanteer. (Pretorius, 1998:105).

Die onderwyser wat doelbewus 'n positiewe sosiale klimaat in sy klaskamer probeer skep, is besorg oor die geestesgesondheid en persoonsontplooiing van al sy leerders. Hy voel verantwoordelik vir hulle selfaktualisering en akademiese prestasies. Die personeel van die privaatskole van Botswana het 'n soveel groter taak om leerders te laat tuis voel vanweë die feit dat hulle leerders soveel meer ondersteuning nodig het ten opsigte van aanpassing by hulle omgewing (Kahl, 1990:109).

Die meeste privaatskole in Botswana het nie baie streng dissipline nie en leerders se regte word voorop gestel. Vir leerders uit Suid-Afrika wat van baie streng, gedissiplineerde skole af kom kan dit 'n verdere aanpassingsprobleem wees aangesien hulle die nuwe "vryheid" soms nie kan hanteer nie.

2.5.2 DIE AANDEEL VAN DIE SAMELEWING IN DIE SOSIALISERING VAN DIE AFRIKAANSPREKENDE LEERDER IN BOTSWANA

Die leerder moet ander mense aanvaar en homself aanvaarbaar maak en aanpas by die omstandighede wat geld in die samelewing. Die leerder moet bewapen word, sodat hy verkeerde invloede en ontwikkelinge kan bestry en verander. Opvoeding en sosialisering vind nie slegs in die gesin of by die skool plaas nie, maar die kind ondergaan beïnvloedende en vormende indrukke van 'n toevallige en onbeplande aard vanuit die hele samelewing waarin hy hom bevind (Viljoen, 1993:63).

Die samelewing word gesien vanuit die feit dat dit gesetel is in 'n fisiese omgewing. Wat in ag geneem moet word is dat dit deel is van die werklikheid waartoe die leerder moet toetree. Die opvoeding van die kind tot beweeglikheid in die samelewing is 'n taak van die opvoeder. Om sosiaal-maatskaplik beweeglik te word, moet die leerder enersyds by intimiteitsgroepe inskakel en andersyds moet die kind toenemend daarin slaag om saaklike, komplekse en problematiese situasies in die samelewing te hanteer (Viljoen, 1993:64).

Wanneer die kind hom in die gemeenskap bevind, moet hy al redelik geskool wees in sosiale verhoudings. Wanneer hy nie gladweg by 'n nuwe gemeenskap kan inskakel nie, volg onsimpatieke verwerping baie maklik (Van der Westhuizen, 1989:105).

2.5.3 DIE AANDEEL VAN DIE PORTUURGROEP IN DIE SOSIALISERING VAN DIE AFRIKAANSSPREKENDE LEERDER IN BOTSWANA

Wanneer daar na die invloed van die buurt en die portuurgroep in die ontwikkeling van die kind gekyk word, kan daar streng gesproke nouliks sprake wees van 'n opvoedingsmilieue as sodanig. Opvoeding word immers voltrek in situasies waar die opvoeder as gesagsdraer en gesagsleier verantwoordelikheid aanvaar vir, en steun gee aan, 'n opvoedeling as gesagsvraer. Dié gesagsvraer is die nog-nie-verantwoordelike en nog-nie-selfstandige kind. Die buurt of portuurgroep moet eerder gesien word as 'n oefenveld vir die volwassewordingsproses van die kind eerder as 'n opvoedingsmilieue (Engelbrecht, Kok & van Biljon, 1989:217).

Die portuurgroep is 'n belangrike sosialiseringagent in die lewe van die adolessent in Botswana. Die invloed van die portuurgroep varieer van kultuur tot kultuur. Wat ook al die funksie van die portuurgroep is, hulle staan in betrekking tot die ouer-kind verhoudings, skoolsisteme en die kultuur as geheel (Widdowson, 1990:76).

'n Kind word gebore in 'n bepaalde gemeenskap, nasie, sosiale klas en volk tot wie sy ouers behoort. Voordat die kind bewus is van die klassifisering van mense, is hy alreeds geaffekteer deur sy lidmaatskap. Wanneer die leerder met sy skoolloopbaan begin, het hy vir die eerste keer in sy kort bestaan daaglikse omgang met maats van sy eie ouderdom en neem die belangrikheid van die portuurgroep toe en daarom is vriende belangrike deelnemers in die sosialiseringproses van kinders (Widdowson, 1990:79). Studies deur Santrock (1986) en Singuan (1990) het aangetoon dat interaksie met die portuurgroep gedurende die ouderdomme van elf en sewentien jaar meer as 40% beloop en skoolgaande leerders betrokke is in ongeveer 299 gedragsepisodes. As leerders hulle in 'n nuwe skool bevind, sal dit aanvanklik 'n tydjie neem om weer maats te maak. Leerders wat hulle in 'n totaal nuwe omgewing of selfs land, in die geval Botswana bevind, sal nog langer neem om weer in te skakel. Sou hulle om die een of ander rede nie by leerders van hulle ouderdomme kan inskakel nie, kan die hele sosialiseringproses sowel as die akademiese prestasie van dié leerders, nadelig beïnvloed word.

Portuurinteraksie is uniek. Dit bied aan die kind 'n verhouding wat geen volwassene-kind-verhouding kan bied nie, naamlik die geleentheid tot interaksie met ander kinders van dieselfde ouderdom. Hulle leer hoe om 'n leier te aanvaar en hoe om vyandigheid en dominansie te aanvaar. Veral tydens puberteit mag die portuurgroep 'n soort terapeutiese rol vervul om die kind te help met persoonlike probleme en vrese (Singuan, 1990:87). Enige leerder in 'n nuwe skool wil deur die ander leerders aanvaar word. As leerders uit Suid-Afrika hulle vir die eerste keer in 'n internasionale skool met 'n ander kurrikulum en ander leerinhoud bevind, kan hulle portuurgroep 'n groot rol speel in hulle akademiese sukses.

Die invloed van die portuurgroep op die sosiale ontwikkeling van die leerder word hoofsaaklik bepaal deur die soort en aard van portuurgroep. Dit is vir die leerder belangrik om deur die portuurgroep aanvaar te word en om aan die groep te behoort. Voordat die leerder deur die groep aanvaar word, moet hy leer om by die groep aan te pas. Die leerders in die internasionale skole van Botswana is afkomstig vanuit 'n wye verskeidenheid kulture. Elkeen sal die ander se gebruike, godsdienste en algemene agtergronde moet aanvaar en respekteer ten einde oor die weg te kom en maats te raak (Pinter, 1991:10). Die aanpassing by die groep geskied deur die internalisering van die groepsnorme en waardes.

Die invloed van portuurinteraksie is baie betekenisvol. Die waardes en houding van die portuurgroep help om die ontwikkelende kind se persoonlikheid te vorm. Die kind kom tot die besef dat daar buiten die eise van die huisgesin ook eise in die buitewêreld aan hom gestel word waaraan hy moet voldoen om as volwaardige lid van die samelewing waarin hy hom bevind aanvaar te word. Leerders uit Suid-Afrika bevind hulle in Botswana se privaatskole in 'n multikulturele, internasionale omgewing met onderwysers sowel as leerders van oor die hele wêreld (Osarenrun, 1999:26).

Volgens Schaller (1975), soos aangehaal deur Viljoen (1993:62), ervaar die skoolwisselende kind probleme met die inskakeling by die nuwe portuurgroep. Die ander leerders is vir die skoolwisselaar vreemd en hy moet dus by hulle aansluiting vind om in die groep opgeneem te word. As dit gou gebeur en die proses glad verloop, is dit bevorderlik vir sy aanpassing. Gebeur dit nie, sal die nuwe leerder uitgestoot en vereensaam voel. Dit kan sy akademiese prestasie positief of negatief beïnvloed. Hy sou al sy tyd aan sy studies spandeer of hy kan niks meer omgee nie. Die ervare onderwyser kan op subtiële wyse die opname van die nuwe leerder in die portuurgroep bevorder (Ovando, 1989:109). Onderwysers in die privaatskole van Botswana kom self uit verskillende lande en dit gebeur dikwels dat leerders, uit dieselfde lande as spesifieke onderwysers, deur dié onderwysers gehelp word om makliker aan te pas. Die onderwysers kan leerders help deur sekere vakterme in hulle eie taal aan leerders te verduidelik en dit dan weer terug na Engels te vertaal. Die ondersoeker self help 'n hele aantal Afrikaanssprekende leerders met ekstra klasse om sekere begrippe te bemeester.

2.5.3.1 DIE PORTUURGROEP AS ONSHEIDSRUIMTE

In die mate waarin die kind as volwassewordende hom losmaak van sy ouers, het hy nood aan 'n konteks waarin hy “onsheid” kan beleef. Hierdie “onsheid” vind hy meestal by sy portuurgroep. Die leerder uit Suid-Afrika sal langer neem om sy “onsheid” by sy nuwe, multikulturele portuurgroep in Botswana te vind. Die “onsheid” sluit in (Engelbrecht, Kok & van Biljon, 1989:217):

□ AANWESIGHEID

Veral die adolessent hunker na insluiting in 'n groep wat hom begryp wanneer hy voel sy ouers verstaan nie sy denke en behoeftes nie. In die portuurgroep beleef hy daardie solidariteit wat hom moed gee om te waag. Volgens Dreeben (1996:215) sal leerders wat hulle nuut in 'n skool bevind, veel minder aanpassingsprobleme ervaar die oomblik wat hy tuis voel in 'n groep.

□ GESPREK

Die portuurgroep is by uitstek 'n konteks waarbinne die jeugdige die gevoel het dat hy “sy hart kan uitpraat”. In die portuurgroep kan hy sake bespreek wat hy nie met vrymoedigheid met volwassenes kan bespreek nie. Die portuurgroep is ook vir die kind 'n bron van inligting ten opsigte van wêreldsake en veranderende wêreldtendense. Leerders uit Suid-Afrika sal binne hulle bepaalde portuurgroep dikwels met ander leerders, wat moontlik dieselfde aanpassingsprobleme as hulle ondervind het, kan kommunikeer en raad vra. Die leerders se huistaal is dikwels ook nie Engels nie en leerders sal nie skaam voel as hulle nie perfekte Engels magtig is nie (Dreeben, 1996:200).

□ TUISHEID EN AANVAARDING

Die portuurgroep skep vir die leerder 'n veilige ruimte waarbinne hy aanvaar word en aanvaar voel. Dit help hom om die maatskaplike “kwarantantydperk” met sy onsekerheid, besluiteloosheid en angstigheid ten opsigte van aanvaarbare gedragpatrone en aanpassingsprobleme te oorbrug. Om sosiaal aanvaarbaar te wees, is vir die jeugdige uiters belangrik en hy vrees eensaamheid soos min ander dinge op aarde (Ibida, 1998:11).

□ TOEKOMSBEPALING

Die portuurgroep rig die jeugdige se blik ook telkens op die toekoms. Net soos sy ouers, stel die portuurgroep bepaalde verwagtings aan die jeugdige, wat afhange van die groepsmoreel en groepsnorme, 'n baie kragtige uitwerking kan hê. Waar prestasie die groepsnorm is, kan dit die jeugdige tot goeie akademiese prestasie aanspoor, terwyl 'n groepsnorm van “moet jou nie doodwerk nie” 'n baie negatiewe uitwerking kan hê. Alhoewel die portuurgroep 'n akademiese verrykingsfunksie kan vervul en 'n positiewe uitwerking op akademiese prestasie kan hê, is die teenoorgestelde ongelukkig meeste van die tyd aan die orde van die dag (Chaffee, 1998:19).

2.5.3.2 DIE PORTUURGROEP SE INVLOED OP DIE KIND SE SOEKE NA SOSIALE WERKLIKHEID

Die portuurgroep bied die jeugdige by uitstek 'n verwysingsraamwerk waarbinne hy geleentheid kry tot ontmoeting met leeftydgenote van dieselfde geslag, maar veral van die teenoorgestelde geslag (Engelbrecht, Kok & van Biljon, 1989:218).

Die leerders uit Suid-Afrika sal ook met leeftydgenote van verskillende rasse en kulture in aanraking kom, wat sy verwysingsraamwerk kan vergroot. Die sogenaamde “*Peer Ed*” program wat baie suksesvol in Amerika gebruik is om leerders te help om by nuwe kurrikulums wat vir multikulturele skole geskryf is aan te pas, word ook baie suksesvol in Botswana gebruik (Sokan, 1996 : 10). Die program staan in Botswana as die “*Flexible Peer Ed*” program bekend en is daarop gemik om leerders te help om by hulle bepaalde kultuurgroep in te skakel en ook om die ouers te help om die leerders te ondersteun.

Die “*Peer Ed*” program het sy oorsprong in Alabama in die Verenigde State van Amerika. Die program het die lig gesien nadat daar gemerk is dat ras- en kultuurverskille probleme kan veroorsaak wat 'n invloed op die akademiese prestasie van leerders kan hê. Die program dien as 'n kurrikulum waarin die geskiedenis en kultuur van die betrokke leerders ingebou is. Met die “*Flexible Peer Ed*” program word die ouers en ander lede van die gemeenskap, wat 'n invloed op die kind se lewe kan hê, ook betrek.

2.5.3.3 DIE PORTUURGROEP SE INVLOED OP DIE KIND SE “UITGAAN NA” DIE SOSIO-MAATSKAPLIKE EN NORMATIEWE WERKLIKHEID

Die portuurgroep het sy bepaalde groep- en gedragsnorme waarby streng gehou word. Die portuurgroep sal nie sommer nuwe gedragsnorme van gedrag skep nie, maar eerder die norme wat in die gesinne van lede en op skool geld, afdwing (Sokan, 1996 : 10).

2.5.3.4 DIE PORTUURGROEP SE INVLOED OP DIE KIND SE IDENTITEITSVERWERWING

Aangesien die jeugdige hom so sterk met sy groep identifiseer, kan die portuurgroep 'n groot bydrae lewer tot die identiteitsverwerwing van sy individuele lede. Identiteitsverwerwing geskied by die kind deur identifikasie met ander (Engelbrecht, Kok & van Biljon, 1989:219).

Daar kan nooit van die feit af wegbeweeg word dat die portuurgroep 'n deurslaggewende invloed op die lewe van die kind kan uitoefen. Dit is dus noodsaaklik dat die portuurgroep, die skool en die gesin op mekaar afgestem moet wees (Sokan, 1996:13).

Daar sal vervolgens na die aandeel van die kerk in die sosialisering van die Afrikaanssprekende leerders uit Suid-Afrika gekyk word.

2.5.4 DIE AANDEEL VAN DIE KERK IN DIE SOSIALISERING VAN DIE AFRIKAANSSPREKENDE LEERDER IN BOTSWANA

Die “*Dutch Reformed Church*” van Botswana was vir 'n lang ruk die enigste kerk in Botswana wat 'n Afrikaanse wyk en kerkdiens gehad het. Die spesifieke kerk word nie as 'n Afrikaanse kerk beskou nie omdat daar ook in ander tale gepreek word. Die kerk hou drie dienste direk na mekaar elke Sondag, een in Afrikaans, een in Engels en een in Setswana. Die kerk het tot in met Julie 2001 twee voltydse Afrikaanssprekende predikante gehad en het 'n lidmaattal van ongeveer 500 lidmate gehad. Aangesien die Afrikaanssprekende leerders hier Sondagskool in Afrikaans kon ontvang, was dié betrokke kerk die enigste instelling in Botswana waar dié leerders onderrig in hulle moedertaal, Afrikaans, kon ontvang (Homan, 2000). Aan die einde van Julie 2001 het daar 'n groot skeuring in die “*Dutch Reformed Church*” gekom en is die Afrikaanse wyk ingelig dat daar nie meer 'n erediens in Afrikaans gehou sal kan word nie. Die een predikant se kontrak is beëindig en die Afrikaanse wyk moes 'n ander heenkome

soek. Die tweede predikant word deur die Ring van die N.G. Kerk van die Noord-Kaap betaal en hy kon dus nie sy pos verloor nie. Talle lidmate is uit woede en frustrasie oor na 'n Hervormde Kerk wat in die tussen tyd op die been gekom het. Die betrokke kerk het egter tot op hede geen Sondagskool nie. Dié kerk het egter nie 'n gebou nie en huur 'n saal in een van Gaborone se hotelle. Daar was egter 'n paar lidmate wat bly vasbyt het om die N.G. Kerk aan die gang te probeer hou. 'n Klein kerkie word tans aan die buitewyke van Gaborone gehuur maar die lidmaattal het van oor die 500 na slegs ongeveer 50 gedaal.

Die Sondagskool, waar leerders in Afrikaans van die Bybel kon leer, is ook feitlik iets van die verlede. Daar is basies slegs een klassie oor waar al die leerders saam Sondagskool het. Daar is egter slegs ongeveer tien primêre leerders tussen die ouderdomme van 4-10 jaar oud oor. Die skeuring in die kerk het egter ook bepaalde uitwerkings op veral nuwe Afrikaanssprekende leerders gehad aangesien daar tans geen Sondagskool is nie. Dit kan verder bydrae tot bepaalde aanpassingsprobleme aangesien daar nou geen plek is waar leerders formeel in Afrikaans kan leer nie.

Die kerk is op talle maniere gemoed met opvoeding. Nie alleen beïnvloed dit die kind direk deur middel van Sondagskool, Bybelstudieklas, kerklike jeugverenigings asook semi-kerklike welsyn- en ontspanningsverenigings nie, maar dit het ook 'n indirekte invloed op die opvoeding deur die uitwerking van die prediking op die opvoeder en die aandeel wat die kerk aan die vorming van die buurtmoraal en openbare mening het. Die kind leer dus op 'n ander vlak om met mense om te gaan. Omdat die kerklike lewe hoofsaaklik die vorming van 'n gesonde karakter ten doel het, het dit 'n groot invloed op die kind se sosiale verhoudinge (Van der Westhuizen, 1989:108).

Wanneer die adolessensie jare aanbreek, begin die kind toenemend in abstrakte terme oor sedelikheid en godsdiens redeneer. Dit geskied veral as hy bedags by die skool daarmee gekonfronteer word aangesien talle van die leerders in privaatskole van Botswana aan ander gelowe behoort. Hy begin 'n beter begrip van die historiese tydsverloop kry en snap die betekenis en konteks van historiese gebeurtenisse beter. Die meer kritiese instelling van die adolessent teenoor homself en teenoor ander laat hom dikwels teleurgesteld voel oor homself, die gemeenskap en ook oor sy bepaalde godsdiens. Hy ondervind soms skuldgevoelens en sy emosionaliteit kan sy sedelike oordeel en opvattinge oor godsdiens nadelig beïnvloed (Engelbrecht, Kok & van Biljon, 1989:171). Ouers van leerders wat na Botswana verhuis het, moet baie versigtig wees dat indien leerders nie aanpas nie, dit nie hulle geloof beïnvloed nie. Leerders kan God die skuld gee vir alles wat verkeerd loop in hulle lewens. In een van die ondersoeker se klasse het 'n Afrikaanse, 17-jarige dogter, geweier om geloofsbelydenis af te lê aangesien sy God blameer het vir alles wat in haar lewe, na haar aankoms in Botswana, verkeerd geloop het.

Aangesien die kerk 'n rol speel in die sosialisering van die kind, moet dit aanvaar word dat die nuwe kerk, waarin die leerder hom sal bevind as hy verhuis, ook 'n rol sal speel in die sosiale aanpassing van die kind. In die nuwe kerk maak die kind kennis met nuwe omstandighede – die manier waarop die Sondagskool bedryf word, mag totaal verskil van hoe dit by die vorige kerk gedoen is.

2.5.5 DIE AANDEEL VAN DIE MEDIA IN DIE SOSIALISERING VAN DIE AFRIKAANSSPREKENDE LEERDER IN BOTSWANA

Die afgelope jare is Botswana baie in die nuus oor die baie stabiele ekonomie en puik onderwysstelsel. Sulke positiewe berigging kan leerders baie positief beïnvloed.

Die media as sosialiseringinstelling kan 'n baie belangrike rol vir Afrikaanssprekende leerders in Botswana se privaatskole speel. Soos wat die geval in Suid-Afrika is, was al die Afrikaanse tydskrifte en televisieprogramme tot en met die einde van 2002 beskikbaar. Sedert Januarie, 2003 kan daar egter geen SAUK kanale (TV 1, 2, en 3 sowel as E.TV) meer in Botswana gekyk word nie. Dit kan 'n baie negatiewe uitwerking op die aanpassing van leerders hê. Daar is dus nou slegs een Afrikaanse TV kanaal, naamlik Kyk-Net beskikbaar vir Afrikaanse gesinne. Weens die opheffing van die uitsaairegte van die kanale na Botswana is dit heelwat moeiliker om met plaaslike, Suid-Afrikaanse nuus op hoogte te bly. Die toegang tot Suid-Afrikaanse TV kanale kon die aanpassing van dié leerders vergemaklik aangesien hulle nog steeds lees- en kykstof in hulle moedertaal kon geniet.

Negatiewe berigging kan leerders wat na Botswana moet verhuis negatief maak en kan hulle aanvaarding en later ook hulle aanpassing baie nadelig beïnvloed. Positiewe berigging aan die ander kant kan die hele proses egter net aanhelp.

Daar sal voorts na die kulturele aanpassing van Afrikaanssprekende leerders in die internasionale, privaatskole van Botswana gekyk word.

2.6 KULTURELE AANPASSING VAN AFRIKAANSSPREKENDE SKOOL LEERDERS IN DIE INTERNASIONALE ONDERWYSOMGEWING VAN DIE PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA

As spesifiek na die oorkoepelende begrip kultuur gekyk word, sluit dit begrippe soos moedertaal, familie, houding teenoor die land, geskiedenis, geslagsrolle ens. in (Acenade, 1996:10). Acenade (1996:18) het 'n studie oor die kulturele diversiteit in Gaborone, die hoofstad van Botswana onderneem. Hy het dieselfde

metafoor as Hurenkamp (1998:10) gebruik waar die studie van verskillende kulture met 'n filter en lens vergelyk word. As mens deur 'n filter kyk, wat jy 'n kultureel relevante filter noem, sal mens slegs kultureel relevante elemente sien en word alles wat nie kultureel relevant van aard is nie, as't ware uitgefilter. Aan die ander kant, kyk mens deur 'n lens kan mens alles sien wat deur die lens gedek word, kultureel relevant of nie. Acenade (1996:20) maak die stelling dat sodra mens besef dat jy eerder deur 'n lens as 'n filter na die kulturele verskille en aanpassings van leerders begin kyk, jy makliker elkeen as 'n individu sal raaksien en gevolglik hulle so behandel

'n Artikel met die titel *“Help your kids living abroad understand their heritage”* (Dads, 2002:1) het onlangs in 'n plaaslike Botswana koerant verskyn. Die skrywer van die artikel voel baie sterk oor die feit dat ouers hulle kinders van hulle eie kultuur en geskiedenis moet leer. Vir die Afrikaanssprekende leerder wat hom in een Botswana se internasionale, multikulturele, privaatskole bevind, is dit net so belangrik om van die Groot Trek te leer as vir leerders wat in Suid-Afrika skoolgaan. Dit bly egter die verantwoordelikheid van die ouers om te probeer seker maak leerders verloor nie hulle eie kultuur nie (Santana, 2000).

Om die begrip kultuur beter toe te lig, sal daar voorts eers aan die volgende begrippe met betrekking tot kultuur aandag gegee word :

□ **KULTUURDIFFERENSIASIE**

Elke kultuur ontwikkel mettertyd 'n unieke, individuele karakter. In multikulturele gemeenskappe manifesteer sodanige differensiasiebeginsel op grond van (Le Roux, 1998:108):

- etniese verskeidenheid,
- sosiale verskeidenheid,
- demokratiese verskeidenheid,
- rasseverskeidenheid en
- kulturele verskeidenheid.

Botswana is naas Suid-Afrika seker dié land in Afrika waar kultuurdifferentiasie ooreenkomstig etniese en rasseverskeidenheid georden word (Acenade, 1996:30).

□ **KULTUURINTEGRASIE**

'n Kultuur vertoon 'n dinamiese, veranderlike en aanpasbare karakter, sodat onderwys as kultuuroordrag vir die kind 'n geïntegreerde werklikheidsgeheel bied. Binne 'n multikulturele gemeenskap, soos dié van Botswana, is dit noodsaaklik vir vreedsame naasbestaan, dat 'n deeglike kennis van ander kulture gekweek word (Le Roux, 1998:109). Leerders van verskillende kulture bevind hulle in dieselfde klaskamer, en sonder 'n kennis en wedersydse respek vir mekaar se kulture kan die hele opvoedingsituasie in die klas skade ly.

□ **KULTUURKONTINUÏTEIT**

Die beginsel impliseer dat daar binne 'n multikulturele samelewing, soos dié van Botswana, na 'n sinvolle balans tussen groeps- en landsbelange nagestreef word (Goodey, 1989:22).

□ **KULTURELE RELATIVISME**

Die beginsel impliseer dat die individu eerstens meer van sy eie kultuur en tweedens ook van ander kulture se waardes, kennis moet dra. Met ander woorde dit impliseer liefde vir jou eie kultuur en 'n begrip vir ander kulture (Le Roux, 1998:109).

□ **KULTURELE ETNOSENTRISME**

'n Meerderheid jeens ander kulture, waar die ander as minderwaardig beskou word, lei dikwels tot konflik en wrywing in 'n multikulturele samelewing en onderwysstelsel. Waar taal en godsdiens 'n belangrike rol in onderwys speel, mag die verskynsel die implementering van multikulturele onderwys bemoeilik (Le Roux, 1998:109).

Die verskynsel speel nie 'n baie prominente rol in die internasionale, privaatskole van Botswana nie aangesien alle onderwys deur medium van Engels plaasvind en leerders deur skoolreëls gedwing word om slegs deur medium van Engels te

kommunikeer. Meer as 75% van die leerders wat die skole bywoon, se huistaal is egter nie Engels nie (Simonaeux, 1999).

Acenade (1996:23) voer aan dat personeel die metafoor van die filter en lens aan hulle leerders moet verduidelik en hulle sodoende bewus maak van die feit dat hulle onbewustelik negatief teenoor ander kulture kan staan.

□ **KULTURELE PLURALISME**

Claasen (1989:19-27) en Louw (1983:4-5) bied drie modelle aan, as strategieë waardeur kulturele diversiteit of kulturele pluralisme in samelewings hanteer kan word, naamlik :

▪ **Eksterne, vertikale, geïsoleerde pluralisme**

Die model stel voor dat elke kultuurgroep in afsondering leef, terwyl verskille en etniese groepe binne 'n bepaalde samelewing erken word. Die klem val dus hier op eiesoortige kultuurwaardes, taal en oortuiginge, asook op verskeidenheid en 'n eie kulturele identiteit.

▪ **Assimilasie van etniese groepe**

Die verskeidenheid word ter wille van gemeenskaplike aspekte opgeoffer, ten einde 'n nuwe kultuur te vorm. Mikrokulture ontstaan dus wat in die samelewing deur die makrokultuur assimileer. Daar word geen voorsiening gemaak vir uniekheid of diversiteit van kulture nie.

▪ **Interne, horisontale, of gematigde pluralisme**

Die model is 'n middeweg tussen assimilasië en eksterne pluralisme en staan as multikulturalisme bekend. Groeps- sowel as nasionale belange word erken, terwyl die beginsel van gelyke geleenthede vir alle kultuurgroep ook erken word. Die klem val op groepinteraksië sonder gedwonge groepvorming.

Een van die beste modelle vir multikulturele onderwys in Botswana om na te volg, is dié van kulturele pluralisme (Goodey, 1990:82). Dit sou beteken dat daar deur die leerders wegbeweeg word van 'n geïsoleerde, beskermde kultuur van die Afrikaanse skool na die internasionale skool met 'n groter kulturele diversiteit (de Beer, 1995:3).

Om kultuur en kennis oor te dra, is uit 'n historiese oogpunt nog altyd die basiese funksie van die skool. Elke opeenvolgende geslag wat die kind opvoed en onderrig, het 'n aandeel in die instandhouding en die ontplooiing van 'n bepaalde menslike samelewing en kultuur. Die skool het dus 'n oordragfunksie ten opsigte van die kultuurbesit van die samelewing. Die kind kry in die skool geleentheid tot aktiewe deelname aan die kultuur, om sy eie wêreld te stig en te bewerk. In die skool moet die kultuurinhoude van die samelewing op sistematiese wyse vir die kind ontsluit word, sodat hy dit kan verwerk. Vir hierdie doel word kultuurinhoude geselekteer en in die vorm van skoolvakke aangebied. Deur hierdie kultuurinhoude te verwerk, word daar by die kind 'n eie identiteit gevorm, wat hom dan weer kan help om sy eie posisie ten opsigte van die kultuurgroep te bepaal. Die terreine waarop kultuuroordrag in die skool plaasvind, is die volgende (Pretorius, 1998:82):

❑ **LEWENSBEKOULIKE KULTUURTERREIN**

Die onderwys wat die leerders in Suid-Afrika ontvang het, was tydens hulle primêre skooljare byvoorbeeld Christelik en Nasionaal van aard terwyl die onderwys in Botswana as multi-kultureel en internasionaal beskou word.

❑ **EKONOMIES-TEGNIËSE KULTUURTERREIN**

Die mens se bemoeienis met die natuur as fisiese en chemiese werklikheid (natuur- en skeikunde), met plante en diere (biologie) en met handel en nywerheid (rekeningkunde, ekonomie en bedryfseksonomie) word eksemplaries aan die kind in die skool oorgedra.

❑ **SOSIAAL-MAATSKAPLIKE KULTUURTERREIN**

Die versorging en agting van die medemens kom hier ter sprake (geskiedenis en aardrykskunde). Begrip vir die medemens en ander kulturele en etniese groepe in die samelewing is van die uiterste belang en die kind moet in die skool daartoe opgevoed word.

□ GEESTELIKE KULTUURTERREIN

Waardering vir die verfynde kultuuruitinge van 'n volk moet aan die kind oorgedra word. So byvoorbeeld word waardering vir die kunste oorgedra by die aanbieding van letterkunde, skoolmusiek en kuns.

Leerders wat hulle in die sekondêre, privaatskole van Botswana bevind, moet daartoe gelei word om tot die besef te kom dat (Wilson, 1994:208) :

- Hulle as individue gehelp en gelei sal word tot beter selfaanvaarding. Hulle gehelp sal word om hulself met hulle eie, unieke kultuur te sien en te aanvaar soos ander hulle sien en aanvaar.
- Hulle as leerders in 'n multikulturele, internasionale, privaatskool noodgedwonge met ander kulture in aanraking sal kom. As hulle tot die besef gebring word dat ander kulture se waardes en norme ook van belang kan wees, sal hulle inskakeling en aanvaarding van die ander kulture soveel makliker wees.
- Hulle sal kennis opdoen oor ander kulture se musiek, literatuur, waardes en lewenstyl en dit sal boonop nog hul kennis en insig verbreed.
- Daar geen vorm van diskriminasie teen enige kultuur sal voorkom nie.

Daar sal altyd gepoog word om by die leerders nie te veel klem op verskille te plaas nie, maar eerder op ooreenkomste, aangesien dit kan lei tot 'n gevoel van samehorigheid onder hulle.

Daar sal voorts na die moontlike kommunikasieprobleme wat leerders in die internasionale, privaatskole mag ondervind, gekyk word.

2.7 TAALASPEKTE : KOMMUNIKASIEPROBLEME WAT AFRIKAANS-SPREKENDE SKOOL LEERDERS IN DIE INTERNASIONALE, MULTIKULTURELE, PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA ERVAAR

'n Kind word gebore in 'n bepaalde gemeenskap, in 'n bepaalde kultuur en op 'n bepaalde punt in historiese tyd (Engelbrecht, Kok & van Biljon, 1989:24). 'n Kind kan nie deel word van 'n bepaalde kultuur of sy potensiaal as mens verwesenlik, as hy nie binne die bepaalde kultuur en samelewing kan kommunikeer nie. Deur taal kan die kind deel voel van die samelewing asook sy menslike ervarings interpreteer. Taal speel 'n groot rol in die sistematisering van 'n kind se ervarings en gepaard daarmee ook in die opvoeding (Engelbrecht, Kok & van Biljon, 1989:24).

Taal is sowel kommunikasiemiddel as intelligensie-middel. Om dié rede word leerders wat 'n ontoereikende kennis van die taal het waarin onderrig plaasvind, in die skoolsituasie gerem ten opsigte van kommunikasie en kognitiewe handeling. 'n Bepaalde woordeskat en vakterme, wat die onderwyser as vanselfsprekend by sy leerders aanvaar, ontbreek gewoonlik by leerders wie se huistaal van die onderrigtaal verskil.

Die onderwysers in die internasionale, privaatskole moet bedag wees daarop dat Engels, wat as onderrigtaal gebruik word, by meer as 80% van die leerders van hulle huistaal verskil. Die onderwysers moet gevolglik hulle kommunikasie met die leerders dienoreenkomstig aanpas (Sentrale Statistiekdiens van Botswana, 1999:121). Walters (1999 :20) maak 'n baie waar stelling as sy sê :

“The language used in teaching in international schools must be common both to the teacher and learner. Teachers must always remember to adapt their vocabulary to the student while also working steadily to increase the student’s working vocabulary”.

Walters (1999:21) lê twaalf reëls neer wat die onderwysers in Botswana baie suksesvol kan aanwend, naamlik :

- 1 : Maak daagliks seker wie in die klas is en wat hulle behoeftes of moontlike probleme ten opsigte van kommunikasie met ander is.
- 2 : Stel vas wat elke leerder se kommunikasie vaardighede in die medium waardeur onderrig gegee word, is.

- 3 : Druk jousef uit op so 'n manier dat alle leerders sal verstaan.
- 4 : Gebruik eerder eenvoudige woorde en kort sinne.
- 5 : Herhaal woorde en sinne en maak seker almal verstaan.
- 6 : Gebruik onderwysmedia.
- 7 : Gebruik voorbeelde uit die alledaagse lewe waarby die leerders kan aanklank vind.
- 8 : Verduidelik nuwe begrippe deeglik.
- 9 : Vermeerder leerders se woordeskat geleidelik.
- 10 : Moedig besprekings onderling aan om woordeskat uit te brei.
- 11 : Moenie te vinnig deur werk beweeg nie.
- 12 : Hersien, herhaal en toets gereeld.

In Hoofstuk 6 word daar na 'n bepaalde studiekursus gekyk wat Afrikaanssprekende leerders kan help om hulle woordeskat te verbeter.

Tosi (1988:193) onderskei tussen die taal van die skool, die taal by die huis en die taal van die gemeenskap :

□ **TAAL VAN DIE SKOOL**

Verskeie studies deur die jare, onder andere Wallace (1988), Tosi (1988) en Collier (1989) het getoon dat die huis-skool taalverandering, nie noodwendig tweetaligheid outomaties bevorder nie. Aan die een uiterste is daar daardie leerders wat nog nooit in 'n ander taal as hulle moedertaal onderrig is nie en aan die ander kant is daar daardie leerders wat nog nooit in hulle eie moedertaal

onderrig is nie. Die Afrikaanssprekende leerders uit Suid-Afrika wat hulle in Botswana bevind, behoort meestal aan die eerste groep en vind dit moeilik om skielik onderrig in 'n taal, anders as hulle moedertaal, te ontvang.

□ **TAAL BY DIE HUIS**

Die huis- of moedertaal kan gedefinieer word as daardie taal wat vanaf geboorte as kommunikasiemiddel deur leerders en hulle ouers by die huis gebruik word (Tosi, 1988:102). Leerders uit Suid-Afrika kan wel Engels as kommunikasiemiddel gebruik, maar vind dit moeilik om Engels, as onderrigmedium, te verstaan. Dis maklik om op tweede taalvlak Engels te verstaan, maar die probleem om dit as eerste taal te gebruik, kan akademiese vordering belemmer.

□ **TAAL VAN DIE GEMEENSKAP**

Die taal van die gemeenskap in Botswana verskil vir die leerders uit Suid-Afrika van hulle huistaal en skooltaal aangesien die gemeenskap Setswana as kommunikasietaal gebruik. Leerders word dus nie net bloot aan 'n nuwe onderrigtaal blootgestel nie, maar ook aan 'n nuwe gemeenskapstaal waar hy die buitestaander is.

Dit is dus onvermydelik dat leerders wie se moedertaal verskil van die taal waarin hulle onderrig ontvang, probleme sal ervaar. Die probleem kan erger wees as leerders byvoorbeeld hulle primêre skoolopleiding in ander taal, in dié geval Afrikaans, ontvang het. Sekere begrippe en vakterme moet van voor af aangeleer word en dit kan 'n aansienlike tydjie neem vir die leerders in dié situasie om weer op standaard te kom.

Reeds sover terug as 1953 het UNESCO 'n verslag saamgestel waarin hy moedertaal soos volg omskryf het:

“The mother tongue of students can be identified as the language acquired in early years, which normally becomes the natural instrument of thought and communication” (UNESCO, 1953:13).

Die doel van die bogenoemde verslag was om onderwysowerhede oor die hele wêreld bewus te maak dat leerders, wat nie onderrig in hul moedertaal ontvang nie, moontlike agterstande kan hê.

Die probleem kan erger wees as leerders byvoorbeeld hulle primêre skoolopleiding in 'n ander taal, in dié geval Afrikaans, ontvang het. Sekere begrippe en vakterme moet van voor af aangeleer word en dit kan 'n aansienlike tydjie neem vir dié leerders in die bepaalde situasie, om weer op standaard te kom.

Gedurende die eerste week van Oktober 2000 is daar in Gaborone, Botswana die jaarlikse *AISA* ("Association of International Schools in Africa") gehou. Gedurende die week is daar op een van die grootse probleme waarmee onderwysers in internasionale skole worstel, naamlik leerders wie se huistaal verskil van hulle onderrigtaal, gefokus.

Sears (2000) het 'n paar faktore uitgelig wat die aanpassing van leerders wie se huistaal van hulle onderrigtaal verskil, kan beïnvloed :

- vorige skoolopleiding,
- graad van mobiliteit,
- liefde vir hulle moedertaal,
- liefde vir eie kultuur en
- taalgeskiedenis

Die skool sowel as die gesin speel 'n belangrike rol by die aanpassing van leerders wie se onderrigtaal van hulle moedertaal verskil. Die gesin moet onder andere toesien dat die moedertaal en kultuur nie verwaarloos word nie en dat daar genoeg literatuur in sowel die moedertaal as onderrigtaal aan die leerders beskikbaar gestel word. Die skool aan die ander kant, kan dié leerders help deur byvoorbeeld ekstra klasse in leerders se moedertaal deur onderwysers wat dieselfde taal praat, te gee. Onderwysers behoort leerders wat 'n konsep tydens evaluering kan beskryf krediet te gee, al word daar nie van al die korrekte vakterme gebruik gemaak nie. Skole kan poog om waar moontlik leesstof vanuit verskillende lande en tale in die biblioteek beskikbaar te stel (Sears, 2000).

Sears (2000) beklemtoon die feit dat alle onderwysers in internasionale skole hulself as taalonderwysers moet sien. Ten einde effektiewe onderrig en leer te bewerkstellig by leerders wie se onderrigtaal van hulle huistaal verskil, moet onderwysers :

- duidelik praat tydens die lessituasie,
- tydens verduidelikings 'n tydperk van “rus” toelaat sodat leerders kan nadink om seker te maak hulle verstaan en vrae te kan vra indien hulle nie verstaan nie,
- konsepte herhaal deur van sinonieme gebruik te maak,
- liggaamstaal te gebruik,
- hulpmiddels en onderwysmedia gebruik,
- konsepte duidelik met die korrekte spelling op die bord te skryf,
- leerders genoeg kans gee om self te lees en werk van die bord af te skryf sowel as
- eerder van drukskrif gebruik te maak wanneer konsepte op die bord verduidelik word.

Cummings (2000) beweer daar moet by onderwysers in internasionale skole baie duidelik tussen twee taalkonsepte naamlik *BICS* (*Basic Interpersonal Communication Skills*) en *CALP* (*Cognitive/Academic Language Proficiency*) onderskei word. Volgens Cummings (2000) bereik bitter min leerders wie se moedertaal van hulle onderrigtaal verskil ooit die vlak waar hulle *BICS* en *CALP* gelyk is.

Nchonda (1999:19) het 'n studie onderneem waarin hy beklemtoon dat taal en kultuur 'n onlosmaaklike deel van die ontwikkeling van die kind vorm. As hy nie tuis in sy eie taal en kultuur voel nie, sal so 'n leerder nooit by enige ander taal en kultuur kan inskakel nie. Hy noem sy model “*The Language Culture Box*”.

□ **TAAL EN KULTUUR – “THE LANGUAGE CULTURE BOX”**

Volgens Nchonda (1999:20) kan die ervarings wat leerders in die multikulturele skole opdoen in vier modelle onderverdeel word. Nchonda (1999:20) het in sy navorsing die modelle van Vedder (1996:10) by die bepaalde onderwysomgewing binne die internasionale skole van Botswana aangepas.

Die vier modelle sal vervolgens kortliks bespreek word :

□ **DIE AANPASSINGSMODEL**

Volgens die model word immigrant leerders basies gedwing om by die oorheersende kultuur binne 'n bepaalde skool in te skakel en aan te pas.

□ **DIE TRANSISIEMODEL**

Die model het dieselfde uiteindelijke doel, maar doen die oorgang baie meer geleidelik. Leerders word eers gehelp om die dominante kultuur beter te verstaan voordat hulle daarby ingelyf word.

□ **DIE KONTAKMODEL**

Die model moedig leerders aan om met leerders van verskillende kulture kennis te maak en sodoende van verskillende kulture te leer en hulle manier van doen beter te verstaan.

□ DIE KULTURELE VERANDERINGSMODEL

Die model is die model wat deur die meeste internasionale, privaatskole in Botswana nagestreef word. Die doel van die model is om 'n nuwe "skoolkultuur" te skep waar leerders van verskillende kulture in harmonie kan saamwerk.

2.8 SAMEVATTING

Uit die voorafgaande beredenering blyk dit dus dat daar sekere aanpassings ten opsigte van die sosiale en kulturele is sowel as aanpassings ten opsigte van die medium van onderrig is wat die aanpassing van Afrikaanssprekende, leerders in die privaatskole van Botswana kan beïnvloed. Die ouers van die leerders, die samelewing en skool kan dié leerders help om makliker by hulle nuwe omgewing aan te pas.

In die volgende hoofstuk sal daar gekyk word na hoe die aanpassingsprobleme wat die leerders mag ondervind, moontlik hulle akademiese prestasie kan beïnvloed.

